# 'N KRITIESE BESPREKING VAN

# TACITUS SE

# DIALOGUS DE ORATORIBUS

deur

CHRISTIAAN JACOBUS LIEBENBERG PRETORIUS.

VERHANDELING VOORGELÊ TER GEDEELTELIKE VOLDOENING AAN DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD MAGISTER ARTIUM IN DIE FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE (Departement Latyn)

van die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS.

Leier: PROF. DR. W.N. COETZEE.

Ingehandig: Januarie 1965.

# V O O R W O O R D.

Graag wil ek my opregte dank betuig teenoor Prof. W.N. Coetzee vir sy besielende inspirasie as klassisis en sy waardevolle leiding. Sy hulp by die opstel en vorming van hierdie werk was van onskatbare waarde.

Ek wil ook die personeel van die Ferdinand Postma Biblioteek bedank vir hulle vriendelike hulp en moeite om werke wat benodig was, te bekom.

# INHOUDSOPGAWE.

VOORWOORD.

HOOFSTUK I.

ALGEMENE INLEIDING.

(a) Die persoonlikheid van Tacitus en sy menings. 2.

(b) Die ‚Dialogus de Oratoribus'. 4.

i. Inhoud en Plan. 5.

ii. Waarde van die Dialogus. 8.

Aantekeninge. 11.

HOOFSTUK II.

STELLINGS VAN TACITUS IN VERBAND MET DIE RETORIEK VAN SY TYD.

A. Die opvoeding. 12.

1. Kleuter en primêre opvoeding. 13.

2. Die Opvoeding van die Orator. 19.

i. Die Domina Artium. 19.

ii. Die teoretiese opleiding. 22.

iii. Die praktiese opleiding. (Die Tirocinium Fori) 29.

iv. Praktiese opleiding in die Grieks-Romeinse tydperk. Die skool van die retor. 32.

(a) Kritiek op die skool en die retor. 32.

(b) Die teoretiese en praktiese opleiding. Kritiek van deklamasie as metode en stof vir opvoeding. 33.

B. Politieke en geregtelike verandering wat bygedra het tot die verval van die Eloquentia. 34.

C. Standaard in styl - die Antieke teen die Moderne. 40.

(i) Aper se Rede: Verdediging van die moderne styl en redes vir die verandering. 40.

(ii) Messala se Rede: Verdediging van antieke oratore en kritiek op die moderne styl en oratore. 47.

Aantekeninge. 52.

HOOFSTUK III.

TACITUS SE TYDGENOTE SE BESKOUING VAN PROBLEME DEUR HOM BEHANDEL.

A. Die opvoeding. 56.

1. Kleuter en primêre onderwys. 56.
2. Die opvoeding van die orator. 60.
i. Die teoretiese opleiding. 61.
ii. Praktiese opleiding in die Grieks-Romeinse tydperk.
Die skool van die retor. 66.
(a) Kritiek op die skool van die retor. 66.
(b) Die teoretiese en praktiese opleiding. Kritiek van deklamasie as metode en stof vir opvoeding. 69.
B. Politieke en geregtelike veranderinge wat bygedra het tot die verval van die Eloquentia. 76.
C. Standaard in styl - die Antieke teen die Moderne. 81.
(i) Redes vir die verandering in styl. 81.
(ii) Antieke Kritici : Kritiek op moderne styl en die keuse van standaard. 83.
(a) Quintilianus. 83.
(b) Plinius. 87.
(c) Seneca. 88.
(d) Persius. 89.
(e) Martialis. 89.
(f) Petronius. 91.
Aantekeninge. 91.

## HOOFSTUK IV.

## SINTESE.

A. Die Opvoeding. 101.

1. Kleuter en primêre onderwys. 101.

2. Die opvoeding van die orator. 105.

i. Die teoretiese opvoeding. 105.

ii. Praktiese opleiding (Suiwer Romeins) 109.

iii. Praktiese opleiding in die Grieks-Romeinse tydperk. Die skool van die retor. 110.

a. Die skool van die retor. 110.

b. Die deklamasie. 112.

(i) Die Thesis. 114.

(ii) Die Causae. 115.

(iii) Die ontwikkeling van die deklamasie in die Grieks-Romeinse periode. 117.

B. Politieke en geregtelike veranderinge wat bygedra het tot die verval van die Eloquentia. 126.

C. Standaard in styl - die Antieke teen die Moderne. 130.

(a) Oorsake vir die verval. 130.

(b) Kenmerke van die styl van die Silwer Eeu. 133.

(c) Standaard. 135.

D. Finale konklusie. 137.

Aantekening. 139.

BIBLIOGRAFIE. 152.

A. Tacitus. 152.

B. Latynse Outeurs. 152.

C. Moderne Outoriteite. 156.

# HOOFSTUK I.

## ALGEMENE INLEIDING.

Die periode tussen die dood van Nero (68 n.C.) en die regering van keiser Trajanus (98 - 117 n.C.) word gekenmerk deur 'n herlewing van belangstelling in die letterkunde en die opvoeding en deur verskeie pogings om verbeteringe aan te bring, heel dikwels deur 'n terugkeer na die ware klassieke en tyd van Cicero. Die mees vooraanstaande bydraers op die gebied was Tacitus en Quintilianus; werke van minder belang was die van Martialis, die jonger Plinius en Plutarchus. Alhoewel die belangstelling veral gesentraliseer was in literêre vraagstukke, toon die werke ook 'n gemeenskaplike besorgdheid oor toestande van die eerste eeu n.C. en probleme van die tyd.(1)

Wat was dan die oorsaak van hierdie skielike herlewing van die kritiese bedrywigheid? Eerstens moet genoem word die veranderinge wat plaasgevind het in politieke en sosiale omstandighede na die dood van Nero. Die tydperk is begin deur die wyse administrasie van Vespasianus en is verder voortgedra deur alle keisers tot by en met Trajanus, behalwe deur keiser Domitianus (81 - 96 n.C.). Een van die vernaamste bewyse vir hierdie veranderde sosiale atmosfeer was die nuwe belangstelling in opvoeding, tot hiertoe heelwat verwaarloos deur die staat. So is

Quintilianus aangestel deur die imperiale huis sodat hy rigting kon gee en daarom dat sy invloed so wydverspreid was; hy was moontlik die belangrikste intellektuele invloed van sy tyd.

Dit was egter nie al nie. Daar het ook wydverspreide belangstelling ontstaan in ander vraagstukke, bv. die ontwikkeling van smaak vir goeie leesstof en styl, die redes vir die verval van welsprekendheid (of prosastyl), die beste metodes om verbeteringe aan te bring in die nuwe kwaadaardige poësie en prosastyl, die onheile wat voortspruit uit die deklamasie, en die algemene verval in smaak.

Dit is onder hierdie omstandighede dat Quintilianus se „Institutio Oratoria" en Tacitus se „Dialogus" die lig gesien het. Laasgenoemde werk beskou Gudeman (2) as een van die vernaamste, indien nie die beste kritiese werk nie oor die probleme van die tyd.

(a) Die persoonlikheid van Tacitus en sy menings.

Syme (3) sê van Tacitus en sy tyd: „The Revolution at Rome worked itself out in two stages, the one sudden, the other slow. The first act destroyed the Republic in

civil war, the second wore down liberty and the aristocracy in the years of peace. Sallust is the child of one epoch, Tacitus of the other." Daarom dat Tacitus self so paradoksaal is. Hy het goed besef dat hy nie die beste van twee wêrelde kon gehad het nie, en daarom het hy soos meeste van sy tydgenote, ook die goue middeweg ingeslaan.

Wat sy politieke sienswyses betref, skyn dit by die eerste kennismaking of hy vyandiggesind is teenoor die monargie. Sy keuse sou dan ook geval het op die Republiek as die beste staatsvorm (4), maar, soos in alle vrae wat hy bespreek, sien Tacitus ook die ander sy van die saak. Daar is geen blinde verdoeming van die hede nie, maar ŉ erkentlikheid teenoor wat goed is, en ŉ kritiese houding teenoor wat kwaadaardig in die verlede was. Om hierdie rede erken hy dan ook dat tye verander het, dat te midde van die wye en veelvuldige belange van die Ryk, vrede alleen verseker kon word deur ŉ monargiese regime.(5)

Tacitus het dan ook geglo dat ŉ verstandige man, gelei deur wysheid en gematigdheid, ŉ eerbare bestaan kon maak in die monargie.(6) Sy bewondering vir die verlede maak hom nie blind vir die hede nie, en daarom

sy gematigde houding in die ondersoek van fundamentele probleme.

Sy etiese en sosiale sienswyses is ook in noue voeling en harmonie met sy politiese beskouings. Hierin toon Tacitus selfs nog meer ŉ voorliefde vir die goeie in die verlede en is dit vir hom die Goue Eeu.[7] Hy betreur sy tydgenote se verwaarlosing van 'mores antiqui'.[8]

Gudeman sê: „antiquus, vetus and priscus are invested throughout with the same significance as in the historical works and the habit of idealising the past at the expense of the present is repeatedly alluded to".[9]

Probleme wat dan ook ondersoek word deur hom in die „Dialogus" word uit hierdie standpunt beskou, naamlik dat die verlede ŉ oplossing kan bied, maar dat die hede ook sekere voortreflikhede bevat. Hierdie houding is veral in die ooglopend in sy soek ten opsigte van standaard in styl.

(b) Die 'Dialogus de Oratoribus'.

Een van die belangrikste vraagstukke in verband met hierdie werk is die probleem van outeurskap. Die werk is al toegeskryf aan verskillende skrywers veral

as gevolg van die verskil tussen die Ciceroniaanse styl en die latere, kort, beknopte en kleurryke styl van Tacitus. Die belangrikste van die skrywers wat moontlik die werk kon geskrywe het, is Plinius en Quintilianus. Gudeman [10] het egter alreeds bewys dat die werk nie deur een van hulle geskrywe kon gewees het nie, en dat die werk polities, eties, sosiaal en stilisties daardie „Taciteus Color" weerspieël.[11] Die Ciceroniaanse styl moet toegeskrywe word aan die feit dat hierdie dramatiese dialoog gebaseer is op werke soos die "<u>de Oratore</u>", die "<u>Brutus</u>" en die "<u>Hortensius</u>" van Cicero.[12]

Die datum van die geskrif is ook reeds vasgestel as om en by 81 n.C.

i. <u>Inhoud en plan.</u>

Twee vooraanstaande Romeinse oratore, naamlik Marcus Aper en Junius Secundus, vergesel van hulle jong vriend, Tacitus, besoek een middag die digter Maternus.

Laasgenoemde was toe juis verdiep in sy drama „<u>Cato</u>" wat hom tot 'n sekere mate in onguns gebring het by die magsvoerders. Secundus en Aper berispe hom en toon aan dat deur aandag te skenk aan poësie hy wel

besig was om sy talent as redenaar en advokaat te verwaarloos. Daarop ontstaan daar eers 'n twisvraag oor watter letterkundige genre wel die voorrang moet geniet, digkuns of welsprekendheid. Hierdie aspek van die werk verwys dan ook na die nuwe sosiale vermaaklikheid, nl. die recitatio, of die gebruik om 'n nuut-geskrewe stuk in die publiek voor te lees.

Aper se rede teen die digkuns bevat die volgende:

(i) Lof vir die welsprekendheid beskou uit 'n viervoudige standpunt „utilitas", „voluptas", „dignitas", „fama".

(ii) 'n Negatiewe deel waarin hy aantoon dat hierdie dinge ontbreek in die poësie.

Maternus, aan die ander kant, lewer 'n pleidooi vir die poësie.

Na hierdie debat kom Messala binne en nou swaai die bespreking na die eintlike doel van die „Dialogus", want nadat Aper so seëvierend gepraat het oor die grootsheid van die welsprekendheid, kom daar nou die vraag na vore of hierdie letterkundige genre nie besig was om te verval nie. Die grondplan is dan soos volg:

I. Aper: Hy verdedig die moderne welsprekendheid.

a. Begripsbepaling van die woord „antiquus".

b. Moderne welsprekendheid is doelmatiger.

c. Afkeurende kritiek op antieke oratore, Cicero ingesluit.

II. Messala verdedig die antieke welsprekendheid.

a. Hy roem antieke Romeinse en Griekse redenaars en verdoem die modernes.

b. Dan bespreek hy die redes vir die verval van die welsprekendheid ten opsigte van:

(i) Opvoeding

(ii) Spesifieke opvoeding van die orator.

III. Secundus bespreek dan verder omstandighede wat ongunstig was vir die welsprekendheid nl:

a. Wysiging in die politieke omstandighede.

b. Wysiging in geregtelike praktyk.

IV. Die slotwoord word uitgespreek deur Maternus en hy toon aan dat die welsprekendheid van die antieke wêreld bo

moderne welsprekendheid uitstaan want omstandighede toe het dit bevorder; aan die ander kant het Rome polities gebaat by die nuwe staatsvorm.

ii. Waarde van die Dialogus.

Die invloed van Cicero wat so duidelik te bespeur is in die werk is van groot belang, want die ware kritiese waarde van die „Dialogus" lê daarin dat Tacitus na die daarstelling van standaarde in sekere prominente vrae van sy tyd soek nl. in die opvoeding, in ander redes vir die verval van die welsprekendheid en in prosastyl (welsprekendheid). Die dramatiese dialoog leen hom dan ook baie goed tot hierdie doel, daar dit Tacitus toelaat om die saak van alle oogpunte te ondersoek.

So neem hy die opvoeding en by monde van Massala vergelyk hy moderne Grieks-Romeinse opvoeding met die streng huislike dissipline van die vroeëre Romeinse opvoeding van die tyd van Cicero en sy tydgenote. Die opvoeding in die antieke tyd van die jare een tot sestien wat ingesluit het die sogenaamde kleuter-, primêr-, en sekondêre onderwys, verkies hy bo die moderne opvoeding wat bestaan het uit: een tot ses jaar

opvoeding tuis onder toesig van 'n slaaf; ses tot twaalf jaar primêre opvoeding onder die literator en dertien tot sestien jaar die opvoeding aan die skool van die grammaticus. Die rede is dat in die verlede ware dissipline en kennis geleer is, terwyl in moderne tyd dit wil sê in die tyd van Tacitus daar net van perdewedrenne, toneelspelers en swaardvegters aan die skole gepraat is.

Sy tweede probleem is die opleiding van die orator na sy sewentiende jaar. Hy betreur die verval van die ou Tirocinium Fori en hy is heeltemal gekant teen die moderne retor en sy ydele deklamasies met hulle kwaad-aardige invloed op styl en morele lewe.

Die moeilikste probleem deur Tacitus bespreek, is die van styl. By monde van Aper probeer hy die nuwe styl regverdig en gee hy redes vir die verandering. Dan egter verdoem hy die moderne styl as heeltemal afkeurenswaardig en laat hy die vraag so.

Met sy bespreking van moderne en antieke oratore probeer hy egter 'n oplossing bied. Hy bespreek Cicero en sy tydgenote so objektief moontlik deur nie alleen hulle goeie punte nie, maar ook hulle swakhede weer te gee.

Die vraag is nou watter styl as 'n voorbeeld moet dien as selfs die beste fouteer. Tacitus beantwoord nie die vraag nie maar sê tog dat, as hy dan moet kies, hy die

antieke skrywers kies daar hulle styl tenminste manlik is en hulle ware eenvoud verkieslik is bo die versiersels van die moderne eeu.

Laastens is Tacitus egter ook bewus van ander invloede en besef hy dat die nuwe geregtelike en politieke omstandighede ongunstig was vir die beoefening van ware welsprekendheid. Politieke stabiliteit en vrede is egter beter as anargie en 'n hoë standaard in die welsprekendheid.

In hierdie studie word alle probleme genoem in die „Dialogus de Oratoribus" eers gestel vanuit Tacitus se standpunt (Hoofstuk II). Vervolgens word hierdie beskouings getoets aan die menings van Tacitus se tydgenote (Hoofstuk III) om dan uiteindelik tot 'n kritiese ontleding sowel as 'n sintese van Tacitus se stellings te kom en die waarheid van die beeld wat hy van sy tyd gee te evalueer.

## AANTEKENINGE BY HOOFSTUK I.

1. Atkins, Literary Criticism in Antiquity, Hk V.
Gudeman, Tacitus, Dialogus de Oratoribus, Prol. XXXIII, XXXIV.
2. Gudeman, Tacitus, Dialogus de Oratoribus, Prol. XXIV.
3. Ronald Syme, Tacitus, Vol. II, p.545.
4. Annales, Liber, IV, 33.
5. Dialogus, 41.
Maternus spreek dieselfde mening uit; as hy moet kies tussen anargie en oratoriese verval, kies hy laasgenoemde as die minste van die twee euwels.
6. Tacitus, Agricola, 42.
7. Tacitus, Dialogus, 12, 8-13.
In die gedeelte van die Dialogus bespreek Maternus antieke deug in skitterende sentimente.
8. Tacitus, Dialogus, 28, 7.
9. Gudeman, Tacitus, Dialogus de Oratoribus, Prol. XLI.
10. Gudeman, Tacitus, Dialogus de Oratoribus, Prol. LVIII - LIX.
11. Gudeman, Tacitus, Dialogus de Oratoribus, Prol. XXXVI - LXIII.
12. Gudeman, Tacitus, Dialogus de Oratoribus, Prol. LXXXVII.

# HOOFSTUK II.

## NON VITAE SED SCHOLIS DISCIMUS : SENECA.

## STELLINGS VAN TACITUS IN VERBAND MET DIE RETORIEK VAN SY TYD.

In sy bespreking van die retoriek van sy tyd roer Tacitus sekere belangrike probleme aan. Sy belangstelling lê in die opvoeding van sy tyd as ꞌn sleutel tot die verval van die retoriek maar ook as ꞌn oplossing tot die verbetering daarvan; die kwaadaardige invloed van die deklamasie as hulpmiddel in die opleiding van die orator; die verandering in politieke en geregtelike omstandighede as verdere redes vir die verval van die retoriek en laastens probeer hy ꞌn standaard te verkry in styl.

### A. Die opvoeding.

"Ego hanc primam et praecipuam causam arbitror, cur in tantum ab eloquentia antiquorum oratorum recesserimus". (1)

Tacitus bespreek die opvoeding van die jong Romein om aan te toon tot watter mate dit verantwoordelik was vir die verval van die Romeinse retoriek en, meer in die algemeen, die verval van Romeinse literatuur en die invloed van die deklamasie op die prosastyl van die Silwer Periode. Tacitus se bespreking dien egter ꞌn tweeledige doel. In die

eerste plek probeer hy uitvind waarom ŉ verswakking ingetree het en dit doen hy deur te verwys na die opvoeding van sy eeu. Hy laat dit egter nie net daar nie, maar probeer ŉ oplossing bied deur positiewe aanbevelings te doen en ŉ herlewing van klassieke dissipline en studie as die standaard te stel.

1. Kleuter en primêre opvoeding.

Die verval van die retoriek te Rome was sekerlik nie te wyte aan ŉ skaarste van jongmanne en talent nie. Bewys hiervoor is die hoë lof wat Tacitus self toegeswaai word deur die jonger Plinius (2) en die feit dat Plinius self ŉ baie suksesvolle orator van sy tyd was.

Wat die opvoeding self betref, noem Tacitus kortliks die redes vir die verval van die opvoeding en gevolglik die van die retoriek. Hulle is:

i. Die lusteloosheid van die jeug.

ii. Die verwaarlosing deur die ouers. Hiermee saam gaan die verval in moraliteit, ŉ feit wat die jonger Seneca(3) veral beskou as ŉ rede vir die verval van die styl.

iii. Die onkunde van die leermeesters, ŉ punt veral beklemtoon deur Petronius.(4)

iv. Totale verontagsaming van oue sedes en dissipline.

Die verval in die opvoeding begin al by die vroegste jare en alhoewel hierdie vroeë kleuter- en primêre onderwys sekerlik nie so ŉ direkte invloed op die literatuur en retoriek gehad het nie, het hierdie vroeë opleiding tog kenmerke van fundamentele belang vir die voortbring van gedagtes en dus van die skepping van literatuur bevat.

So noem Tacitus dat die baba na geboorte nie oorgelaat is aan ŉ oppaster nie, maar is met liefde en toegewydheid opgevoed deur die ouer self. Dit is ŉ feit dat moeders tot by die imperiale tyd ŉ groot rol gespeel het in die opvoeding van kinders en dat dit die moeder se trots en gewoonte was om haar kinders op te voed en huishoudelike sake te behartig. So noem Tacitus self die voorbeeld van Agricola (5): „in huius (matris) sinu indulgentiaque educatus per omnem honestarum artium cultum pueritiam adulescentiamque transegit".

Dikwels wanneer ŉ moeder nie self die opvoeding van haar kind kon waargeneem het nie, is ŉ ouer familielid „cuius probatis spectatisque moribus omnis eiusdem familiae suboles committeretur". (6) In haar aanwesigheid is daar altyd die grootste sorgvuldigheid, wat woord en daad betref, aan die dag gelê. Dit wat „turpe dictu"(7) en „inhonestum factu"(7) is, is heeltemal vermy.

Om weer egter terug te keer na die moeder, sy het nie net alleen die studie en die werk van haar kinders gereël nie, maar het ook met eerbaarheid en deug oor hulle ontspanning (remissiones) en spel (lusus) 'n wakende oog gehou. Die voorbeelde van sulke moeders wat Tacitus noem, bewys sy teorie, want meeste van die kinders van hierdie moeders het „principes" geword. Hy noem Cornelia, die moeder van die Gracchi, Aurelia, moeder van Caesar, en Atia, die moeder van Augustus.

Tacitus erken dus die definitiewe invloed van die moeder, en omdat die opvoeding van die kleuter nog altyd baie belangrik was, kan hierdie klagte nie net afgeskud word as oordrewe bogtery nie.

As gevolg van die toewyding, die „disciplina" en „severitas"(8) van die ouers is die kinders dus opgevoed tot die verkryging van suiwere en onbedorwe gemoedere, ver weg van die bedorwe weë van die moderne eeu.

So het dit dan gebeur dat die kind onder leiding van die ouer sy spesiale aanleg kon ontwikkel. Wanneer 'n kind aanleg getoon het vir een van die „honestas artes",(9) nl. die Krygskuns, die Welsprekendheid of die Regte, is hy aangesê om hom uitsluitlik daarop toe te lê.

Hierdie aspek van die „Dialogus" is dus duidelik; Tacitus lewer hierin sy positiewe aanbevelings, nl. 'n terugkeer na antieke dissipline en studie. Die eloquentia van sy

tyd kan verbeter word as die klassieke gewoontes, toe die kind van een tot sestien jaar tuis opgevoed is, weer herlewe.

Tacitus lewer egter ook negatiewe kritiek op die kleuter- en primêre onderwys van sy eie tyd, nl. die moderne of Grieks - Romeinse tydperk in die Romeinse opvoeding.

In die moderne eeu word die kind toevertrou aan „alicui Graeculae" (10), een of ander Griekse slavinnetjie. Die verkleinwoord spreek van Tacitus se afkeuring van die gebruik. Die keuse was ook nie goed oordink nie maar net een of ander was uit die klomp sonder oorleg gekies.

Hierdie slavin is gewoonlik bygestaan deur een of twee slawe en weereens spreek die Latyn van die afkeur en minagting wat Tacitus voel: „unus aut alter ex omnibus servis". (11) Dit was sommer een of ander gekies uit die bondel; geen sorg is aan die dag gelê om die beste te verkry nie. In hierdie sirkel het die jong gemoed beweeg en het hy allerhande belaglike en verkeerde stories ingedrink en gehoor, want geen slaaf in die hele huis het regtig omgegee wat hy gesê of gedoen het in die teenwoordigheid van die kind nie.

Na hierdie kritiek van Tacitus op moderne kleuter-onderwys, ignoreer Tacitus deels primêre opleiding in die Grieks-Romeinse tyd, tensy hy die opvoeders, naamlik die

literatore, insluit wanneer hy praat van die onkunde van praeceptores [12] en dit deel is van sy stelling dat die „prima discentium elementa"[13] verwaarloos is.

Die swak opvoeding tuis sien Tacitus as ŉ natuurlike gevolg van die morele verval en die fokus skuif nou weg van die diensmeisie na die ouers self en die algemene korrupsie in die Silwer Eeu. Die „Dialogus" bespreek dus die korrupsie in die morele lewe wat nie alleen invloed uitgeoefen het op die welsprekendheid nie, maar ook die fondamente van die Romeinse Ryk self aangetas het.

Wat kan dus van slawe verwag word wanneer ouers self die swakste voorbeeld stel? Die jong kind verloor baie gou sy sin vir deugsaamheid, sy selfrespek en respek vir andere. Vir Tacitus lyk dit of die kind byna „in utero matris"[14] ondeugde aanleer. Die epidemie van die tyd is ŉ voorliefde vir perde, toneelspelers en gladiatore, en dus het die toneel nie net hier sy invloed laat geld nie, maar wel ook op die manier van voordrag en styl van die opgevoede orator.

Morele verval het egter nie net voorgekom onder die ouers nie, maar het self prominent ook te voorskyn getree onder oratore self. Daar was altyd by die Romeinse orator ŉ sterk sin vir die onverbiddelike, maar in die tyd van die Republiek was dit nooit onderworpe aan die korrupte

invloede van 'n despotisme nie, en so het baie oratore misbruik begin maak van hulle talente en delatores [15] geword. Daar was genoeg „viri mali dicendi periti" om die monarg te dien. Tacitus beskryf die eloquentia by monde van Maternus soos volg: „nam lucrosae huius sanguinantis eloquentiae usus recens et ex malis moribus natus atque, ut tu dicebas, Aper, in locum teli repertus".[16] Hy noem dan ook die name van verskeie bekende oratore van sy tyd om te bewys tot watter mate hulle verval het. Die bekende Cassius Severus beskryf hy as: „sordidae originis maleficae vitae sed orandi validus". [17]

Ook in die „<u>Annales</u>"[18] noem hy Domitius Afer, 'n orator wat so dikwels met groot respek vermeld word deur Quintilianus, en 'n man wat nie geskroom het om enige misdaad te gebruik vir sy eie vooruitgang in die lewe nie. Quintilianus se lof is egter vir die man as orator, terwyl Tacitus as morele geskiedskrywer ook die man se karakter in ag neem. Hierdie lof vir Afer strook egter nie met Quintilianus se idee dat die goeie orator ook 'n „bonus vir" moes gewees het nie.

Opvoeding tuis en morele lewe is dus twee omstandighede wat nou verbonde is aan mekaar; verval in die een lei tot verval in die ander. In Tacitus se tyd is die eerste stadium van die opvoeding dus deur slawe waargeneem en ouers wat meer geïnteresseerd was in perde en wedrenne as in die

onderwys van ware deug, en daarom dan die verval in die retoriek en letterkundige genres.

2. Die opvoeding van die orator.

Hieronder word verstaan ook weer Tacitus se tweeledige doel, en bespreek hy dus antieke opvoeding as die ware grondslag van die welsprekendheid, en toon hy die kern van die kwaad deur te let op die verwaarlosing van die grondbeginsels in die moderne skole van die grammaticus (twaalf tot sestien jaar) en in die skole van die retore (na-skoolse opleiding).

Om Tacitus se positiewe sowel as negatiewe kritiek werklik in die regte perspektief te sien, sal dit nie onvanpas wees nie om te let op die hoë ideaal daar gestel vir die orator en watter hoë eise dus gestel was vir die opleiding van die ware orator. Alleen opleiding van die hoogste gehalte en ware toewyding aan die beroep kon ware welsprekendheid voortbring. Die moderne opvoeding wat Tacitus behandel, word dus getoets aan hierdie hoë eis.

i. Die Domina Artium.

Die beeld wat Tacitus by monde van een van sy sprekers, Aper, stel van die orator en sy kuns, is ŉ ideaal van tye wat alreeds verby is en een wat sekerlik nie onder bestaande omstandighede weer verwesenlik kon word nie as gevolg van die groot verandering in opvoeding en die verwaarlosing van die antieke dissipline in die studie van

die welsprekendheid.

Dit is belangrik om daarop te let dat Tacitus van die „eloquentiam virilem"(19) praat, ŉ manlike kuns, wat nie alleen gelei het tot die hoogste range te Rome nie maar ook tot groot eer buite Rome en die Romeinse Ryk self. Aan die anderkant het dit ook gelei tot meer en hegter vriendskapsbande.

Die lof wat uitgespreek word vir die welsprekendheid word uit ŉ viervoudige standpunt beskou: utilitas, voluptas, dignitas, fama.

Die ware orator is nie alleen ŉ beskerming vir sy vriende nie, maar ook ŉ toevlugsoord vir vreemdelinge en persone in die moeilikheid. Hy is ook ŉ bron van vrees vir sy vyande, en ondeug word deur hom uitgewis. Sy talent is sy beskerming en sy wapen, en daarmee toegerus, vrees hy niemand nie.

In tye van vrede bestaan die ware gebruik van die welsprekendheid daarin dat dit diens kan lewer aan medeburgers. Dit is soos Tacitus asook Cicero (20) dit sien: „quid autem tam necessarium, quam tenere semper arma, quibus vel tectus ipse esse possis, vel provocare integros, et te ulcisci lacessitus".

Dan, ook, watter hoë genot put die orator nie uit sy talent nie! Hierdie gevoel van selfvoldoening word nie net vir die moment gevoel nie, maar is ŉ plesier wat voort-

duur vir die hele lewe. Waarin bestaan die onoortreflike genot van die orator? Daar is sekerlik niks wonderliker nie as die besef dat ŉ byeenkoms van die mees geëerde persone met alle aandag na hom luister wanneer hy ŉ toespraak lewer in die senaat. Hierdie eer word die orator aangedoen nie omdat hy ryk is nie, maar omdat hy ŉ talent besit wat almal bewonder. Alle persone bewonder hom want geld self bied nie die beskerming wat die orator kon bied nie.

Die orator is nie alleen in die senaat bewonder nie, maar selfs op pad in die straat na sy huis.

In die howe is hy ŉ wapen en beskerming en wanneer hy opstaan om te praat, daal ŉ stilte neer; elke oog is op hom gerig en dan is hy die meester wat alle gevoelens beheer met sy welsprekendheid.

Hy put nie alleen genot uit die goedvoorbereide toespraak nie, maar selfs ook uit die onvoorbereide een, wat gewoonlik meer warmte, varsheid, energie en oorspronklikheid bevat.

Geen ander kuns lei tot soveel roem nie. Hy word geroem deur diepdenkende mense; deur die jeug wat enigsins ambisieus is; ryk en arm toon hom as voorbeeld aan hulle kinders en is die orator ŉ voorbeeld van alles wat die Romein enigsins begeer.

Om tot so ŉ hoë trap van aansien te geklim het, is ware studie en dissipline vereis van die orator.

Tacitus bespreek hierdie ware studie en terselfdertyd word aangetoon waarom die moderne opvoeding van sy tyd te ver kort geskied het om hierdie ideaal te bereik.

ii. Die teoretiese opleiding.

Wanneer Tacitus hierdie aspek van die opvoeding bespreek, dink hy eerstens aan die aanleer van die prima elementa soos hulle eers tuis onderrig is in die antieke tyd en tweedens aan die moderne sekondêre opleiding aan die skool van die grammaticus.

In die antieke tyd het opleiding, d.w.s. retories sowel as die algemene, eintlik net twee stadia gehad. Die eerste stadium het geduur van een tot sestien jaar toe die kind veral tuis opgevoed is onder toesig van ouers wat gewoonlik ook toegesien het dat leerlinge onderrig is deur ware leermeesters. Hierdie stadium is later waargeneem deur die sg. literator en grammaticus.

Die tweede stadium was ŉ meer praktiese opleiding daar die jong aspirant orator eintlik ŉ soort van vakleerlingskap deurloop het by ŉ vooraanstaande orator van die dag, d.w.s. nadat die jongeling sy volwaardige status as burger ontvang het op sestien jarige leeftyd. Tacitus laat homself dus uit oor die metode van onderrig en ook die sillabus vir die opvoeding van die orator.

In sy bespreking van die onderrig in die prima elementa, stel Tacitus nie soseer ŉ vereiste sillabus op nie, maar kritiseer hy alleenlik die Grieks-Romeinse sekondêre onderrig en beveel hy in die plek daarvan antieke studie en dissipline aan. Hy bespreek egter ŉ sillabus soos dit deurloop en geleer is in die antieke tyd deur die ware orator, d.w.s. gedurende die jare een tot sestien en ook daarna nadat die jongman alreeds die huislike opvoeding afgelê het.

Tacitus kritiseer eerstens die moderne praeceptores, d.w.s. heelwaarskynlik die literator en grammaticus. Wanneer Tacitus praat oor die voorliefde vir vermaak, sê hy dat leerlinge sowel as onderwysers van niks anders praat nie: „quos alios adulescentulorum sermones excipimus, si quando auditoria intravimus? Ne praeceptores quidem ullas crebriores cum auditoribus suis fabulas habent".(21)

Maar nie net toon die onderwysers en leerlinge alleen ŉ kennis van wedrenne, gladiotore en toneelspelers nie, maar geen ware kennis word onderrig of geleer soos wel in die antieke tyd tuis geleer is nie: „transeo prima discentium elementa, in quibus et ipsis parum laborator: nec in auctoribus cognoscendis nec in evolvenda antiquitate nec in notitia vel rerum vel hominum vel temporum satis operae insumitur". (22)

En waarom word die onderwys van hierdie elemente verwaarloos? Omdat die praeceptores self nie leerlinge werf deur strenge dissipline en deur ware onderrig te gee nie, maar deur soveel moontlik leerlinge te werf deur „ambitione salutationum et inlecebris audulationis".(23)

Geen smaak is dus ontwikkel vir goeie skrywers (auctoribus), geskiedenis, asook alle ander vertakkinge van menslike kennis nie.

Daar is egter ook ŉ oplossing vir hierdie probleem, want die moderne orator het weggedwaal van die ware en regte weë. Die antieke orator het op homself die strengste dissipline toegepas en deur „infinitus labor et cottidiana meditatio et in omni genere studiorum adsiduae exercitationes"(24) kennis opgedoen en homself voorberei vir sy beroep.

Hierdie toewyding van die antieke oratore word weerspieël in die werke wat hulle nagelaat het vir die nageslag. Cicero word nou geneem deur Tacitus en deur die opleiding van hierdie orator te bespreek, probeer hy ŉ standaard te stel, d.w.s. hy wil ŉ sillabus ontwerp vir moderne skole.

So het die antieke orator alle kunste en wetenskappe studeer en die fondament vir sy kuns gelê deur ŉ studie van Burgerlike Reg en hierby het hulle gevoeg Grammatika, Musiek, Meetkunde en ŉ kennis van alle wetenskappe.

Hierdie vakke is min of meer vereistes waaraan voldoen moet geword het in die sekondêre opleiding, want alhoewel meeste sake 'n kennis van jurisduksie vereis het, is daar tog wel sake waar 'n kennis van genoemde sake vereis is.(25)

Gedurende die jaar van praktiese voorbereiding vir sy beroep - Tirocinium Fori - het die orator nog verdere kennis opgedoen daar hy meesal toe studeer het onder meesters wat hulle vakke geken het. So noem Tacitus dat Cicero byvoorbeeld Burgerlike Reg studeer het onder Mucius Scaevola, die bekendste advokaat te Rome in dié tyd. Filosofie het hy geleer van Philo van die akademie en van Diodotus van die Stoa en alhoewel Rome toe beskik het oor die beste professore, het hy nietemin 'n reis onderneem na Griekeland om kennis op te doen in alle akademiese vakke; dus daardie ryke skat van kennis by Cicero.(26)

Hy was ook meester van die Fisika, Etiek en Logika. Hy het die natuur in al sy werkinge bestudeer; die oorsake en gevolge van dinge; en hy het self 'n hele filosofiese sisteem ontwerp. Dit is dus geensins verbasend dat 'n man, so deurdring van kennis, soveel kon skryf en 'n welsprekendheid getoon het wat nooit oortref is nie. Hy alleen kan beskou word as die byna volmaakte orator, in staat om te praat in 'n pragtige, sierlike en oortuigende taal, volgens vereistes van omstandighede en van die toehoorders.

Om al hierdie kennis te bekom het, was dit nie nodig om „in rhetorum scholis declamarent nec ut fictis nec ullo modo ad veritatem accedentibus controversiis linquam modo et vocem exercerent".(27)

By hierdie kennis voeg Tacitus ook 'n studie van die Filosofie. Hy motiveer die belangrikheid van hierdie vertakking van kennis deur daarop te wys dat genoemde studie in die verlede die ware orator gemaak het. Cicero was die byna volmaakte orator en as hy hom dus gewy het aan die studie van die Filosofie, is dit dus nodig. Verwaarlosing daarvan lei tot verval in die welsprekendheid, soos dan ook gebeur het in die moderne eeu.

Die Filosofie word onderverdeel in drie vertakkinge, nl. die Etiek, die Logika en die Fisika.

Die orator van die antieke tyd het nie sy tyd gemors op ydele deklamasies nie, maar het sy gees verryk met ware studie. So het hy veral gelet op wat moreel goed of kwaad was want dit is maar eintlik die veld wat die orator moes dek, of dit gegaan het oor geregtigheid of oor 'n deliberatiewe vraagstuk of oor 'n laudatio. In die howe moet daar besluit word tussen wat regverdig en wat onregverdig is; in politieke debat oor wat voordelig is en in 'n laudatio oor wat eerbaar is.

Die Etiek is dus so fundamenteel dat dit belang het by alle sake „de quibus copiose et varie et ornate

nemo dicere potest nisi qui cognovit naturam humanam et vim virtutum pravitatemque vitiorum et intellectum eorum quae nec in virtutibus nec in vitiis numerantur."(25)

Dit is die „fons" waaruit krag vloei sodat die orator mense kan beïnvloed. Alleen die spreker wat ware verontwaardiging ken, sal so ŉ emosie kan opwek of teëwerk in ŉ regter; en die advokaat wat die ware krag van meegevoel ken en weet hoe dit opgewek kan word, sal weet hoe om ŉ gees tot meegevoel te dwing. Dus dra ware opvoeding daartoe by dat hy, met watter tipe mens die orator ookal te doen het, nl. die vooroordeelde, vyandiggesinde, nydige, dadelik die pols van hulle gemoedere kan aanvoel, en sy wapens kies hy dus ooreenkomstig om die verlangde emosies op te wek. ŉ Kennis van wat moreel goed of kwaad is, is dus onontbeerlik vir die orator wat vol en oorvloediglik wil praat.

Ook die Logika moet studeer word deur die orator. Baie regters is ten gunste van ŉ beknopte stelling van die feite, gevolg deur ŉ gevolgtrekking: dus behoort so ŉ spreker ŉ grondige kennis te hê van die Logika.

Die Fisika word nie bespreek deur Tacitus nie, miskien omdat Cicero dit self nie so belangrik beskou het nie en Tacitus hom verlaat het op Cicero om te bewys hoe die ware orator gemaak kon word.

In sy bespreking van die verskillende filosofiese skole toon Tacitus weer tot watter mate 'n studie van hulle die orator tot voordeel sou strek. Daardie oratore wat plesier vind in 'n oper, vryer en breedvoeriger styl, waar die argumente ontleen word uit onderwerpe van meer algemene belang, kan oorgenoeg argumente put uit die peripatetiese skool. Die akademiese filosoof sal die orator inspireer met krag en warmte; Plato leer hom verhewenheid en Xenophon sjarme. Die retoriese stylfiguur, die exclamatio (uitroep), wat emosie, krag en vuur bied, kan hy leer by Epicurus en ook sy dissipel Metrodorus.

Om net 'n oppervlakkige kennis na te slaan, sal ook nie die doel dien nie, want die hoorder sal baie gou agterkom of 'n orator put uit sy eie bron van gestoorde en versamelde kennis en of hy net wil weergee wat hy van andere gehoor het.

Die kennis verryk nie net die gees nie, maar bring ook waardigheid, selfs in vraagstukke waar 'n diepe kennis nie so noodsaaklik is nie. Dit verleen sjarme nie net wanneer hy praat nie, maar ook te alle tye aan die doctus orator. Die orator self kan dit aanvoel en is hy selfversekerd want hy het genoeg kennis waaruit hy kan put om die hoorder te oortuig.

Om nou sy argument te bewys, nl. dat die antieke studie die ware orator gelewer het en verwaarlosing daarvan

in die moderne tyd gelei het tot die verval van die welsprekendheid, noem Tacitus dus voorbeelde. Onder die Grieke noem hy dan ook die mees bekende orator nl. Demosthenes, wat gereeld Plato se lesings bygewoon het. Onder die Romeine noem hy Cicero wat self erken dat hy meer verskuldig was in sy lewe aan die Akademiese Skool as aan enige skool van Retoriek: „fateor me oratorem, si modo sim, aut etiam quicumque sim, non ex rhetorum officinis, sed ex Academiae spatiis exstitisse." (29)

iii. Die praktiese opleiding. (Die Tirocinium Fori.)

Die orator in die antieke tyd het hom egter nie net toegespits op die aanleer van teoretiese kennis nie, maar hy het ook ŉ soort van praktiese vakleerlingskap deurloop.

Vir die aanleer van kennis en wetenskappe is metode en aanhoudende oefening absoluut nodig want kennis word alleen gegrafeer op die gees deur oorpeinsing. Die praktiese opleiding onder die ou Romeine was dan ook ooreenkomstig hierdie teorie. Die jong Romein het ŉ soort van leerlingskap deurloop by een van die vooraanstaande advokate of oratore van die dag. Onder die toesig van so ŉ vermaarde persoonlikheid het hy dan die Forum besoek, wat in die tydperk die praktiese skool was vir die jong Romein aangesien daar nog geen skole van retore vir

opleiding was nie. Die skole is stadigaan te Rome in die lewe geroep gedurende die laaste jare van die eerste eeu v.C.

Die aspirant orator het dan geluister na pleidooie gelewer in die howe self en toesprake in die Forum; hy het sy leermeester aanskou in die hitte van die stryd; sy vrae en vinnige antwoorde aangehoor en so het hy die eerste beginsels van die ware retoriek geleer.

Die voordele van hierdie metode is voor die handliggend - die jong kandidaat het so ware moed geleer en ook sy oordeel verskerp; hy het as het ware deur praktiese ondervinding studeer te midde van konflik en argument, waar, anders as in die skool van die retor, die orator elke argument goed oorweeg het en geen grondlose of ydele stellings gemaak kon word nie, want enigiets belagliks is dadelik berispe deur die regter, belaglik gemaak deur die teenstander en afgekeur deur die hele regbank.

Hierdie metode het ook die voordeel gehad dat die jong aspirant orator nie alleen geluister het na sy eie leermeester nie, maar ook na die stelling van 'n saak deur ander oratore. Op hierdie wyse het hy ook deur praktiese ondervinding die verskillende en uiteenlopende smake van die publiek leer ken en het hy ook geleer om te onderskei tussen wat goed of swak is in elke orator.

Die orator, besig met sy beroep, was die beste leermeester, want die voorskrifte deur hom gegee, was lewende welsprekendheid. Hy was self 'n vegter, gewikkel in 'n stryd met 'n ware opponent, hulle was nie soos twee swaardvegters besig met 'n vertoongeveg om 'n prys nie. Hier was 'n ware geveg voor luisteraars tussen wie die spreker sy vriende en vyande gehad het. Enigiets briljants is toegejuig, maar wat swak was, is verdoem en in hierdie konflik kon alleen ware en geleerde oratore optree en roem bekom.

Na hierdie opleiding is die jong orator dan aagesê om die vervolging of verdediging van een of ander persoon waar te neem en dan is die vrugte van so 'n ware studie gepluk; van die eerste probeerslag is hy opgewasse vir so 'n taak. So het Crassus op 'n leeftyd van negentien jaar Papirius Garbo vervolg en Caesar op een-en-twintig jarige leeftyd Dolabella aangeval; Asinius Pollio, op dieselfde leeftyd, vir Caius Cato en Calvus vir Vatinius.

Alhoewel die ouderdomme deur Tacitus aangegee, nie heeltemal korrek is nie, is dit eintlik van belang om te weet dat genoemde persone op jong leeftye suksesvolle toetrede tot die Forum gedoen het, wat dan die sukses van die suiwer Romeinse opvoeding bewys het.

## iv. Praktiese opleiding in die Grieks-Romeinse tydperk.

### Die skool van die retor.

### (a) Kritiek op die skool en die retor.

Tacitus se kritiek op die skole van die retore van sy dag is drievoudig: die skool in vergelyking met die Forum; die leermeesters, m.a.w. die ou leermeester wat gewoonlik 'n praktiserende advokaat was, word vervang deur 'n professor van Retoriek, gewoonlik 'n persoon wat geen kennis van ware toestande gehad het nie; die suasoriae en controversiae, nl. die stof wat gebruik is vir teoretiese en praktiese retoriese onderwys.

In teenstelling met die antieke, praktiese opleiding, word die student in die moderne tyd na die skool van 'n professor van Retoriek geneem. Tacitus noem hulle 'n geslag van indringers wat hulle verskyning te Rome gemaak het nie baie lank voor die tyd van Cicero nie, want laasgenoemde was veertien jaar oud toe hulle deur die sensors Crassus en Domitius beveel is om hulle skole te sluit.(30)

Vir die skole self en die leermeesters het Tacitus nie veel tyd nie, want dit is waar die jong student moet luister na 'n afgewaterde retoriek. Hy kan ook nie altyd die „condiscipuli" goedkeur wat die skole bygewoon het nie en die skool self was nie 'n goeie substituut vir die Forum nie: „nihil reverentiae est";(31) in die Forum het die

student geleer deur ware ondervinding, waar twee advokate of sprekers mekaar opponeer het, maar op skool was dit seuns wat argumenteer het voor ander seuns en jongmanne wat hulle talent voor ander onervare jongmanne bewys het.

(b) Die teoretiese en praktiese opleiding. Kritiek van deklamasie as metode en stof vir opvoeding.

Die metode van onderrig aan die skole was bekend as die deklamasie terwyl die tipe stof in die tyd die suasoriae (forensies) en controversiae (howe) genoem is. Tacitus se kritiek is nie soseer op die metode as op die tipe stof wat gebruik is nie: „sequitur autem, ut materiae abhorrenti a veritate declamatio quoque adhibeatur."(32) Om sy argument te staaf, noem hy dan ook sekere van die temas wat gebruik is: „sic fit ut tyrannicidarum praemia aut vitiatarum electiones aut pestilentiae remedia aut incesta matrum."(33)

Hierdie temas is nooit in die Forum gehoor nie en was dus heeltemal nutteloos vir die opleiding van die jong orator.

Maar nie alleen het die onderwerpe en milieu verander nie, maar die oefening wat oorspronklik net 'n deel van die retoriese opleiding was, het tot so 'n mate ontwikkel in die tyd dat dit omtrent die hoofvak geword het in die opvoeding van die jong Romein. Dit is hierteen wat Tacitus te velde trek; alle ander afdelings van kennis

word verwaarloos en daar word net gedeklameer op skool:(3

„Hoc sibi illi veteres persuaserant, ad hoc efficiendum intellegebant opus esse, non ut in rhetorum scholis declamarent nec ut fictis nec ullo modo ad veritatem accedentibus controversiis, linguam modo et vocem exercerent......."

Tacitus sê hy weet nie of die plek, of die leerlinge of die „genus studiorum plus mali ingeniis adferat."(35)

Wat is die gevolg? Na al hierdie magtige en kleurryke voorbereiding in die skole, lei die jong orator of advokaat na die forum of senaatshuis om voor werklike regters te verskyn. (36) Ongelukkig het 'n deel van die toespraak van Tacitus se spreker, Messala, hier verlore geraak, maar dit is duidelik dat hy vervolgens wou getoon het tot watter mate orators suksesvol was in hulle optrede na die skoolopleiding.

B. <u>Politieke en geregtelike veranderinge wat bygedra het tot die verval van die Eloquentia.</u>

Tacitus as historiese pedagoog sien ook dat veranderinge in politieke en geregtelike omstandighede deels verantwoordelik was vir die verval van die welsprekendheid.

„Magna eloquentia, sicut flamma, materia alitur et motibus excitatur et urendo clarescit."(37)

Wat was die materia wat hierdie vlam so hoog laat vlam het? Stormagtige tye en omstandighede het altyd die ware eloquentia van die ou Romein ontlok. So byvoorbeeld het selfs die oratore van die moderne tyd somtyds na vore getree om sulke welsprekendheid te geniet net so dikwels as wat die [38] „composita et quieta et beatu republica" hulle die kans gegun het.

Die stryd tussen partye het gelei tot die voortbring van wette, met die gevolg dat amptenare dikwels tot laat in die nag gedebatteer het.

Daar was ook die verhore van magtige burgers, die byna oorgeërfde „inimicitiae" tussen die verskillende huise, asook die stryd wat altyd gevoer is tussen die gewone volk en die senaat.[39]

Nie alleen is die guns van die orator gesoek deur amptenare wat verdediging wou gehad het nie, maar geen persoon kon klim tot die hoogste ampte van die staat sonder welsprekendheid nie. In die senaat was dit nie net ŉ geval van stem nie; die senator moes sy stem kon regverdig as dit nodig was.

Net die ware orator kon ŉ patronus wees of anders was hy ŉ minderwaardige clientulus. Clientes inderdaad wat vir eeue en geslagte beskerm is deur dieselfde familie, moes behou word sodat hulle nie sou gaan na ŉ nuwe patronus nie want so ŉ stap sou ŉ belediging gewees het vir die kuns

van die orator. Daarom het hy sy kuns dikwels en gereeld beoefen.

Belangrikste is dat alle staatsfigure van die verlede tot prominensie geklim het nie alleen deur hulle bekwaamheid as militêre leiers nie, maar ook deur hulle welsprekendheid. Hierdie stelling word veral bevestig deur Julius Caesar, van wie Quintilianus sê: „Gaius vero Caesar si foro tantum vacasset, non alius ex nostris contra Ciceronem nominaretur. Tanta in eo vis est, id acumen, ea concitatio, ut illum eodem animo dixisse, quo bellavit, appareat."(40)

Maar Julius Caesar was nie die enigste nie; daar was ook ander voorbeelde soos Pompeius, Crassus, Lentulus, Metellus, Lucullus en Curio wat almal hulle welsprekendheid beoefen het om hulle te help in hulle publieke ampte.

Hierdie veld is gesluit vir die orator want daar het 'n verandering gekom in die staatsvorm. Die orator se stem is nie meer verhef in die Forum nie want groot en magtige strydvrae van die verlede het nie meer opgedoem nie. Beleid is neergelê deur die monarg en die retoriek in die opsig het dus heeltemal sy veld verloor. Die onderwerp is van die grootste belang want die „ingenium" van die orator word aangewakker deur die „amplitudo rerum" en die talent van die orator kan alleen skitter wanneer dit gaan

oor ŉ saak van die allergrootste belang. Gee die orator die ware onderwerp om te bespreek, nie die onbenullige diefstal nie, maar iets soos die omkoop van amptenare, plundering van die Romeinse bondgenote en dan sal hy praat in sentimente en taal wat sal uitstyg bo alles. Demosthenes het nie beroemdheid verwerf deur toesprake wat hy gemaak het teen sy beskermers nie, en Cicero het nie sy roem te danke aan die verdediging van Quinctius of Archias nie, maar aan sy magtige toesprake teen Catalina, Verres, Milo, Marcus Antonius, almal magtige politieke figure van hulle tyd. [41]

Die gevolgtrekking [42] waartoe Tacitus kom, is dat ware eloquentia nie voorkom in state waar daar ŉ uniforme tipe regering is nie en daarom hoor ŉ mens nie van oratore te Creta, Persië of Masedonië nie.

Te Athene en Rhodes het oratore netsoos te Rome vir hulle naam gemaak want ook daar was demokrasieë waar mense hulle vryelik kon uitgespreek het en waar partye bestaan het. Maar, kon die Gracchi se welsprekendheid vergoed vir al die wette wat hulle gemaak het en Cicero s'n vir sy tragiese einde?

Die Forum staan nog net as ŉ monument van die grootsheid wat die eloquentia eens was, want waarom sou welsprekendheid nog nodig wees as in die senaat almal eensgesind is? Die wyse leier gee leiding. Magtige

verhore was nie nodig nie, want misdaad was skaars en ware geregtigheid het geskied. Wat die welsprekendheid dus betref, het Rome iets verloor maar polities gebaat by die nuwe staatsvorm.(43)

Saam met die verandering in staatsvorm het ook ŉ verandering in geregtelike praktyk gegaan. Die ou howe het floreer maar die tyd van magtige verhore was verby. Die moderne prosedure in die howe mag miskien lei tot korter toesprake en die verkryging van die waarheid, maar die ou hof het die orator meer vryheid gelaat vir die beoefening van sy welsprekendheid. Toe was die advokaat nie beperk tot ŉ paar uur alleen nie. Hierdie gewoonte om die advokaat net ŉ paar uur toe te laat, het begin onder die keisers. (44)

Die aantal dae en advokate wat toegelaat is, is ook volgens wet vasgelê.(45) Die persoon verantwoordelik hiervoor, was Pompeius wat in 52 v.C. ŉ wet laat passeer het wat die aanklaer net twee ure toegelaat het en die beskuldigde drie. Die wet het ook die aantal patroni beperk.

Die gevolg hiervan is dat in die moderne hof van die centumviri wat baie sake behandel het, daar nie een voorbeeld gevind kon word van ŉ magtige toespraak soos die van Cicero, Caesar, Brutus, Caelius of Calvus nie,

behalwe die een van Asinius Pollio wat in die tyd van Augustus gelewer is, want, sê Tacitus: „[46]postquam longa temporum quies et continuum populi otium et adsidua senatus tranquillitas et maxime principis disciplina ipsam quoque eloquentiam sicut omnia depacaverat."

Die tipe klere is ook nie geskik vir die orator nie; dit gee hom nie die nodige waardigheid nie. Die kleed wat gedra is, was te nou passend.

Die geregshowe self het nie gelei tot ware welsprekendheid nie; alle sake is verhoor in nou, klein kamertjies waar ware gees en kragtige inspanning heeltemal oorbodig was. Die ware orator soos ŉ wakker jong perd, wil „cursus en spatium" hê, sodat hy sy gees vrye teuels kan gee. Wanneer hy optree voor net ŉ paar mense word sy entoesiasme gedemp. Die regter beveel die advokaat om te begin en hy word geen tyd gegun vir die gebruik van goeie taal en styl nie, bowendien word hy ook nog dikwels in die rede geval. [47]

Hy het ook nie ŉ indrukwekkende gehoor nie en net een of twee van sy vriende is aanwesig. Aangesien die orator floreer op applous veral die van vooraanstaande mense, kan hy nie eintlik geïnspireerd raak nie.

In die dae van die Republiek egter, het die vooraanstaandes van Rome die Forum besoek, asook clientes by

die honderde, die legationes en ŉ groot deel van Italië. Die hele Italië het die Forum toegestroom om te luister na die magtige rede van die orator, en so het honderde geluister na die verhoor van C. Cornelius, M. Scaurus, T. Milo, L. Bestia en P. Vatinius. Hulle was so te sê voor die volk verhoor, en daarom het eloquentia floreer in die dae toe selfs nie eers ŉ Pompeius, Sulla of Scipio vrygeloop het nie. (48)

C. Standaard in styl - die Antieke teen die Moderne.

In sy strewe na die daarstelling van standaard vir ŉ styl, ondersoek Tacitus die saak uit twee oogpunte, nl. die van moderne oratore wat ten gunste is van die nuwe styl en die wat die voorbeeld van die antieke verkies.

(1) Aper se Rede: Verdediging van die moderne styl en redes vir die verandering.

By monde van een van sy sprekers, Aper, stel Tacitus die standpunt vir die moderne welsprekendheid. (49) Hy probeer bewys dat die verandering in die styl nie ŉ verval is nie maar ŉ verbetering of ontwikkeling wat genoodsaak is deur veranderde tye en omstandighede. Deur nou voorbeelde te neem bewys hy dat een van die groot redes is dat styl nooit staties kan wees nie, maar daar moet altyd ŉ verandering wees.

Die welsprekendheid kan nie ŉ vaste vorm hê nie;

dit moet aanpas by omstandighede en tye. Vir hierdie rede kan 'n orator nie altyd sy voorgangers navolg nie, want smaak asook tye verander.

So was Caius Gracchus, die welbekende tribune van die tweede eeu v.C. 'n uitstekende orator met 'n volle en woordryke styl. As orator word hy verkies in sy styl bo 'n ouere orator soos Cato, die sensor, alhoewel laasgenoemde aangeprys word en 'n toring van krag in sy tyd was.

Die punt wat Tacitus deur sulke voorbeelde wil illustreer, is dat 'n verandering in styl nooit in die verlede betreur is nie, alhoewel afgewyk is van die voorbeelde van letterkundige magsfigure soos Cato. Verandering van styl is dus 'n natuurlike proses.

Maar om verder te gaan en die punt te dryf tot sy uiterste konsekwensies, is dit nie waar dat Gracchus weer moet terugstaan vir 'n latere orator soos Crassus, meer korrek, afgewerk en sierliker nie? Die meester self, Cicero, styg egter uit bokant hulle almal omdat sy styl lewendiger, meer harmonieus en verhewe is. Messala is op sy beurt weer meer sober, keuriger en heelwat fyner in die keuse van sy woorde as Cicero.

Dit is dus heeltemal duidelik dat selfs by die antieke skrywers daar 'n verskeidenheid was. Styl is dus nie iets staties nie en daarom is afwyking van 'n erkende norm nie noodwendig minderwaardig nie.

Die verandering in styl is ook verder genoodsaak deur veranderde omstandighede. Die eerste welbekende orator wat afgewyk het van ou standaarde, was Cassius Severus. Hy het besef dat met die verandering in die tydsgees en smaak van die publiek 'n verandering van die styl van die retoriek ook moes kom. In 'n vroeëre eeu was 'n onbeholpe en ongeleerde volk bereid om te luister na langdradige toesprake. Toe het dit die spreker tot eer gestrek om te kon praat tot dit begin skemer word het. NB Toe het die spreker eers 'n uitgebreide inleiding gegee en 'n breedvoerige uiteensetting van feite; dan het daar gevolg 'n verdeling van die argumente onder verskillende hoofpunte met honderde bewyse en gevolgstrekkings. As die spreker iets uit die Wysbegeerte en Filosofie kon bybring, was hy beskou as die ware orator. Dit is geensins snaaks as in aanmerking geneem word dat die volk toe bitter min geweet het van die Filosofie nie en oratore self glad nie diepbelese was in die Filosofie nie.

Cassius Severus het besef dat in die moderne tyd Filosofie nie meer gebruik kon word nie aangesien dit algemene kennis geword het en daar baie min mense te Rome was wat nie iets geweet het van die retoriek nie. Voeg by die veranderinge in lewenswyse en tydgees en die feit dat prosedure in die howe verander het, en dit is duidelik dat die orator 'n nuwe styl moet ontwikkel. Die advokaat

moet reguit en op die punt af praat want regters bepaal die tyd wat 'n toespraak mag duur en skroom nie om die spreker daaraan te herinner om nie af te dwaal nie en dat die hof wil verdaag. Onder die omstandighede is dit onvanpas vir die orator om 'n saak in te lei met 'n verwysing na sy wankelende gesondheid soos Corvinus altyd sy toesprake aangehef het. Niemand sal meer wil luister na die vyf redevoeringe van Cicero teen Verres nie of ander lywige werke soos Pro Tullio of Pro Aulno Caecina, redevoeringe van Cicero wat verlore gegaan het.

Die advokaat moet onder moderne omstandighede vinnig en effektief praat terwyl hy gebruik maak van „novis et exquisitis eloquentiae itineribus opus est per quae orator fastidium aurium effugiat."(50) Die spreker moet 'n lewendige houding hê, sy sentimente moet sierlik wees, sy beskrywings moet gedoen word in kleurryke taal.

Die woordkeuse in die eerste plek moet dus kleurryk wees: „laetitiam et pulchritudinem orationis."(51)

Tweedens moet daar uitdrukkings gegee word wat onthou sal word, want die jongmense wat luister na die oratore wil saam met hulle huis toe neem „aliquid inlustre et dignum memoria."(52) Wat sal hierdie jongmense die meeste beïndruk? Die skitterende gedagte weergegee met

„brevi sententia" ....... „poetico culto".[53] Die moderne orator maak gebruik van „poeticus decor" en nie die van Accius of Pacuvius nie, maar die van Horatius, Vergilius en Lucanus,[54] want, tensy hy gebruik maak van treffende uitdrukkings (colore sententiarum) en briljante en effektiewe beskrywende woorde (nitore et cultu descriptionum[55]), wil niemand na hom luister nie.

Daar is ook geen twyfel dat hierdie elegante verhewenheid 'n verbetering was nie, want oratore maak gebruik daarvan. Caelius is bekend vir toesprake „in quibus nitorem et altitudinem horum temporum adgnoscimus".[56]

Die moderne orator moet verder die „verbum velut rubigine infectum" (Argaïsme)[57] vermy en ook die afgesaagde frase. Vuil taal moet nie gebruik word nie en „variet compositionem, nec omnes clausulas uno et eodem modo determinet".[58] Daar moet dus 'n verandering wees met elke sin en die ritme (modo) moet varieer.

Die nuwe styl word elke dag „ornatior et pulchrior", en om die waarde daarvan te minag, is om 'n moderne tempel, gebou van marmer en goud, te verafsku omdat dit nie gebou is van growwe klip en stene nie.[59] Tacitus sluit dan ook Aper se rede af deur te verwys na meeste van die kwaliteite van die moderne styl[60]: „et vos Materne ac Secunde, ita gravitati sensuum nitorem et cultum verborum miscetis, ea electio inventionis, is ordo rerum, ea,

quotiens causa poscit, ubertas, ea, quotiens, permittit. brevitas, is compositionis decor, ea sententiarum planitas est, sic exprimitis adfectus, sic libertatem temperatis ut, etiam si nostra iudicia malignitas et invidia tardaverit, verum de vobis dicturi sint posteri nostri."

Die moderne orator toon dus 'n elegante briljantheid, met 'n uiterlike mooiheid en perfeksie van woorde. Daar is ook 'n voorliefde vir die sententia en brevitas - die skitterende frase of epigram dikwels weergegee in poëtiese taal.

Tacitus probeer dan ook om die saak vir moderne styl te versterk deur kritiek uit te spreek op sommige antieke oratore, veral die van die eeu van Cicero self. Calvus het een-en-twintig volumes nagelaat, maar net een of twee van hierdie is naastenby perfek en die gevolg is dat meeste van sy toesprake nie meer gelees word nie. Alleen die ywerige student lees nog sy toesprake teen Vatinius waarvan die tweede 'n meesterstuk is. Hierdie komposisie toon elegansie (ornata) in woorde en gedagtes (sententiis); maar tog ontbreek die „ingenium ac vires."(61) Die toesprake van Caelius word beskryf deur Tacitus as taamlik defektief, maar daar is tog sekeres of dele van sekeres waar die moderne invloed wel te bespeur is nl. in die flinkheid en verhewenheid. Hy toon egter growwe uitdrukkings, onsamehangende sinskonstruksie en lomp periodes

wat die grofheid van die verlede weerspieël en as hy dus bewonder is, is dit sekerlik nie as gevolg van sy antieke tipe styl nie. (62) Caesar en Brutus het hulle nooit eintlik onderskei op die terrein van retoriek nie, eersgenoemde omdat sy militêre belange hom besig gehou het en laasgenoemde omdat Filosofie sy voorliefde was.(63) Die styl van Asinius Pollio is hard (durus) en droog (siccus) omdat hy die argaïstiese styl van Accius en Pacuvius nagevolg het.(64)

Ook Cicero (65) ontkom nie aan kritiek nie. Tacitus gee toe dat hy uitgestyg het bo andere van sy tyd omdat hy die eerste orator was om 'n sin te toon vir 'n fynafgewerkte toespraak; sy woordkeuse is uitstekend en sy komposisie kunstig; sommige passasies toon 'n ryke verbeelding (locos laetiores) en uitstekende sinne. Hierdie styl het egter alleen gekom deur ondervinding nadat Cicero die „optimum dicendi genus" geleer het. Nietemin verkies moderne oratore die styl van 'n latere orator nl. Corvinus Messala bo die van Cicero: „Cicerone mitior Corvinus et dulcior et in verbis magis elaboratus."(66) In vergelyking met moderne standaarde het Cicero te kort geskiet, soos dan ook bewys word deur die kritiek deur sy Attiese tydgenote.

Daar is van hom gesê dat sy styl opgeblase en oorbodig (inflatus et tumens) is en nie beknop genoeg nie (nec satis pressus) „sed supra modum exsultans et superfluens

et parum atticus."(67) Sy toesprake is ook gekenmerk deur lang uitgerekte inleidings en sy narratio is dikwels vervelig. Hy is nie maklik aangedaan nie en toon baie min vuur, terwyl daar 'n tekort is aan treffende frases. Weinig van sy sinne eindig soetklinkend en met treffende vurigheid.(68) Tacitus noem ook dat hy dikwels 'n valse gevatheid en onsmaaklike woordspeling toon. As voorbeelde noem Tacitus sy afgesaagde „rotam fortunae" en sy speling met die woorde „ius verrinum."(69) Die eentonige gebruik van die frase „esse videatur" en ander tekortkominge sal hy verkieslik nie bespreek nie. Hierdie is dan wat oratore van antieke welsprekendheid bewonder het.(70) NB

ii. Messala se Rede : Verdediging van die antieke oratore en kritiek op die moderne styl en oratore.

In die rede van hierdie spreker stel Tacitus die saak vir die antieke orator en styl.(71) Die eeu van Cicero moet in die eerste plek beskou word as die Goue Eeu in Romeinse welsprekendheid, want netsoos onder die Grieke Demosthenes die eerste plek ingeneem het en gevolg is deur Aeschines, Hyperides, Lysias en Lycurgus, netso moet onder Romeinse oratore Cicero as nommer een geplaas word, gevolg deur Calvus, Asinius, Caesar, Caelius en Brutus wat almal as beter beskou word as alle oratore wat voor af na hulle gekom het.(72)

Onder hulle was daar verskille, maar dit was persoonlik en nie artistiek nie, en daarom was daar onderlinge kritiek. In styl was Calvus meer beknop (adstrictior), Asinius meer ritmies, Caesar statiger, Caelius toon ŉ bittere strengheid, Brutus is ernstiger (waardiger) en Cicero self harstogteliker, voller en kragtiger.(73) Nieteenstaande egter persoonlike verskille, toon hierdie oratore „eandem sanitatem eloquentiae."(74)

As Tacitus dus ŉ styl moet kies as die absolute standaard vir welsprekendheid „malim hercle C.Gracchi impetum **aut** L.Crassi maturitatem quam calamistros Maecenatis aut tinnitus Gallionis : adeo melius est orationem vel hirta toga induere quam fucatis et meretriciis vestibus insignire."(75)

Die moderne styl is afkeurenswaardig want een van die kenmerke daarvan is die hoogdrawendheid „ingentibus verbis persequantur."(76) ŉ Verdere kenmerk van die styl was die verwyfdheid daarvan, ŉ kwaliteit „ne virilis quidem cultus est."(77) As voorbeelde word genoem die „calamistros" - die gekrulde fraaiheid van woorde, soos hare - en „tinnitus", die hol gelui van woorde.(78) Hierdie woorde het geen betekenis bevat nie en daarom was dit beter om wat gesê moet word te klee in

'n growwe huislike kleed as in die veelkleurige kleed van 'n courtisane.

Die element van vertoon in die moderne styl pas nie by die welsprekendheid nie, maar eerder by die verhoog (actores utuntur) en die „histrionales modos."(79) Die retoriek is nou tot so 'n mate geïdentifiseer met toneelspel dat terme wat aan die een toegeskrywe word ook op die ander van toepassing geword het. Hulle styl is so fraai, elegant en musikaal dat die volgende gebeur: „laudis et gloriae et ingenii loco plerique iactant cantari saltarique commentarios suos; unde oritur illa foeda et proepostera, sed tamen frequens sicut + his cla..... et ut oratores nostri tenere dicere, histriones diserte saltare dicantur."(80)

Die periodes kan dus gesing of gedans word deur die kunstenaar; die orator praat dus musikaal (delikaat en sag) en die akteur dans veelseggend.

Wat komposisie betref, praat Messala van die „lascivia verborum et levitate sententiarum et licentia compositionis",(81) m.a.w. woorde en frases wat miskien uiterlik treffend is, maar wat geen ware betekenis of gevoelswaarde besit nie.

Tacitus se vernaamste opmerking oor die styl van sy tyd word gemaak wanneer hy die jong orator bespreek. Hy het dan reeds bewys dat laasgenoemde so opgevoed is dat

hy uiteindelik tog niks weet nie. Die rede hiervoor is dat die leermeesters niks weet nie en dat dit nie nodig is om iets te weet wanneer daar gedeklameer word nie, want deklamasie is nie baseer op die werklikheid nie. Dus argumenteer die deklameerder nie om die hoorders te oortuig met sy kennis nie, maar met stilistiese eienaardighede en dan word welsprekendheid onttroon.(82)

„Quod adeo neglegitur ab horum temporum disertis ut in actionibus eorum huius quoque cottidiani sermonis foeda ac pudenda vitia deprehendatur, ut ignorent leges, non teneant senatus consulta, ius suae civitatis ultro derideant, sapientiae vero studium et praecepta prudentium penitus reformident. In paucissimos sensus et angustas sententias detrudunt eloquentiam velut expulsam regno suo."

Dan lewe die welsprekendheid alleen in die gevatte, beknopte sinne en die antitese van die onnosele deklameerder. So word die „domina omnium artium" ontneem van alles: „sine adparatu, sine honore, paene .... sine ingenuitate, quasi una ex sordidissimis artificiis discatur."(83)

Daarom gebeur dit dat geeneen van die moderne oratore vergelyk kan word met die antieke oratore nie. Die enigste orator wat uitblink bo alle ander verteenwoordigers van sy tyd is Cassius Severus, maar ook hy toon alreeds moderne tekortkominge. Kritiek op hom is

dan ook dat hy te veel sê sonder om iets te bereik: „bilis quam sanquinis".[84] Hy is driftig sonder dat hy werklik iets bereik. Hy is ook die eerste om 'n reëlmatige orde van punte (ordine rerum) te verwaarloos; hy maak gebruik van onmaaklike grappe en taal; hy is nie handig genoeg met die wapens wat hy gebruik nie en dikwels deur sy oorywerigheid om aan te val, stel hy hom bloot aan aanval. Dikwels maak hy rusie in plaas van om te veg. Tog oortref hy deur sy geleerdheid, aangename gevatheid en krag almal wat na hom gekom het.

Dus, alhoewel Cicero en sy tydgenote gebreke toon is hulle verkieslik bo die moderne oratore.

## AANTEKENINGE BY HOOFSTUK II.

1. Tacitus, Dialogus, 32, 20.
2. Plinius, Boek VII, xx.
   Boek IX, xxiii.
3. Seneca, Epist. Mor., CXIV.
4. Petronius, Satyricon, Inleidende paragrawe.
5. Agricola, 4.
6. Tacitus, Dialogus, 28, 15.
7. Tacitus, Dialogus, 28, 15.
8. Tacitus, Dialogus, 28, 40.
9. Tacitus, Dialogus, 28, 25.
   + Voetnota: 'Moderne' hier verwys na Tacitus se tyd, soos die woord 'antiek' verwys na Cicero en sy tydgenote.
10. Tacitus, Dialogus, 29, 1.
11. Tacitus, Dialogus, 29, 1.
12. Tacitus, Dialogus, 29, 15.
13. Tacitus, Dialogus, 30, 1.
14. Tacitus, Dialogus, 29, 10.
15. Syme, Tacitus, Vol. I, p 100.
16. Tacitus, Dialogus, 12, 5.
17. Annales, IV, 21.
18. Annales, IV, 52.
19. Tacitus, Dialogus, 5, 10.

20. Cicero, De Oratore, I, viii, 32.

21. Tacitus, Dialogus, 29, 14 - 15.

22. Tacitus, Dialogus, 30, 1 - 2.

23. Tacitus, Dialogus, 29, 15.

24. Tacitus, Dialogus, 30, 5 - 10.

25. Tacitus, Dialogus, 31, 30 - 35.

26. Tacitus, Dialogus, 30, 14 - 20.

27. Tacitus, Dialogus, 31, 1.

28. Tacitus, Dialogus, 31, 10.

29. Cicero, Orator, III, 12.

30. Tacitus, Dialogus, 35, 1.

31. Tacitus, Dialogus, 35, 5.

32. Tacitus, Dialogus, 35, 15.

33. Tacitus, Dialogus, 35, 15.

34. Tacitus, Dialogus, 31, 1.

35. Tacitus, Dialogus, 35, 5.

36. Tacitus, Dialogus, 35, 20.

37. Dialogus, 36, 1.

38. Tacitus, Dialogus, 36, 2.

39. Tacitus, Dialogus, 36, 5 - 10.

40. Quintilianus, De Inst. Orat., Liber X, i.

41. Tacitus, Dialogus, 37.

42. Tacitus, Dialogus, 40, 10 - 15.

43. Tacitus, Dialogus, 41 - die hele hoofstuk.

44. Plinius, Liber VI, ii.

45. Tacitus, Dialogus, 38, 5.

46. Tacitus, Dialogus, 38, 15.

47. Tacitus, Dialogus, 39, 5 - 10.

48. Tacitus, Dialogus, 39, 20 - 23.

49. Tacitus, Dialogus, 16, 23.

50. Tacitus, Dialogus, 19, 20 - 23.

51. Tacitus, Dialogus, 20, 9 -10.

52. Tacitus, Dialogus, 20, 15.

53. Tacitus, Dialogus, 20, 16 - 17.

54. Tacitus, Dialogus, 20, 19.

55. Tacitus, Dialogus, 20, 6.

56. Tacitus, Dialogus, 21, 16.

57. Tacitus, Dialogus, 22, 23.

58. Tacitus, Dialogus, 22, 25 - 26.

59. Tacitus, Dialogus, 20, 20 - 26.

60. Tacitus, Dialogus, 23, 21 - 27.

61. Tacitus, Dialogus, 21, 5 - 14.

62. Tacitus, Dialogus, 21, 15 - 19.

63. Tacitus, Dialogus, 21, 20 - 24.

64. Tacitus, Dialogus, 21, 29 - 33.

65. Tacitus, Dialogus, 22.

66. Tacitus, Dialogus, 18, 11 - 12.

67. Tacitus, Dialogus, 18, 20 - 21.

68. Tacitus, Dialogus, 22, 10 - 14.

69. Tacitus, Dialogus, 23, 1.

70. Tacitus, Dialogus, 23, 3.

71. Tacitus, Dialogus, 24, 26.

72. Tacitus, Dialogus, 25, hele hoofstuk.

73. Tacitus, Dialogus, 25, 16 - 18.

74. Tacitus, Dialogus, 25, 20.

75. Tacitus, Dialogus, 26, 2 - 6.

76. Tacitus, Dialogus, 35, 21.

77. Tacitus, Dialogus, 26, 6 - 7.

78. Tacitus, Dialogus, 26, 3.

79. Tacitus, Dialogus, 26, 7 - 9.

80. Tacitus, Dialogus, 26, 10 - 13.

81. Tacitus, Dialogus, 26, 8 - 9.

82. Tacitus, Dialogus, 32, 12 - 19.

83. Tacitus, Dialogus, 32, 19 - 22.

84. Tacitus, Dialogus, 26, 14 - 24.

# HOOFSTUK III.

## "MORIBUS ANTIQUIS RES STAT ROMANA VIRISQUE". ENNIUS. TACITUS SE TYDGENOTE SE BESKOUING VAN PROBLEME DEUR HOM BEHANDEL.

In hierdie periode van herlewing van die belangstelling in sekere probleme op letterkundige en opvoedkundige gebied is die grootste kritiese bydraes gelewer deur Tacitus en Quintilianus. Laasgenoemde was seker die belangrikste intellektuele invloed van sy tyd en met sy werk het hy soos Tacitus 'n positiewe sowel as negatiewe doel; hy ontleed die probleme om die oorsaak van die verval te ontbloot en dan doen hy positiewe aanbevelings.

Minder belangrike bydraes is ook gelewer deur Martialis, die jonger Plinius, Persius, Petronius, Juvenalis, Plutarchus en van 'n bietjie vroeëre tyd die ouer en jonger Seneca.

### A. Die opvoeding.

Anders as Tacitus wil Quintilianus nie so drasties wegbreek van sy eie tyd nie. Sy ontleding van die probleem stem ooreen met die van Tacitus, maar sy aanbevelings verskil van die van Tacitus.

#### 1. Kleuter en primêre onderwys.

In die kleuteronderwys erken Quintilianus ook die invloed van goeie huislike opvoeding soos bewys is deur die

manier waarop Cornelia haar seuns opgevoed het: [1] "nam Gracchorum aloquentiae multum contulisse accepimus Corneliam matrem, cuius doctissimus sermo in posteros quoque est epistolis traditus". Die sermo van die ouers het ŉ definitiewe uitwerking op die styl wat later ontwikkel sal word deur die jongeling want vroeë indrukke is van die allergrootste belang.[2] Om dieselfde rede raai Gelleius se filosoof ŉ moeder aan om self haar baba te voed en op te pas.[3]

Aangesien in die eeu van Tacitus veranderinge ingetree het, probeer Quintilianus sowel as Plutarchus die antieke idee van goeie opvoeding tuis aan te pas by die nuwe omstandighede. Daarom dring albei [4] aan dat die keuse van ŉ oppaster van die allergrootste belang is en dat die kind nie oorgelaat moet word aan net maar een of ander Griekse slavinnetjie nie. Quintilianus eis in die eerste plek dat die taal van so ŉ oppasster suiwer en korrek moet wees; karakters en maniere moet voorbeeldig wees en hulle spraak sober. Die rede hiervoor is dat die klein kind eerste na hulle luister en vir hulle sal hy in die eerste plek begin navolg. Dit is gedurende hierdie tyd dat die diepste indrukke gemaak word en dat maniere en gewoontes gevorm word wat sal bly vir die res van die lewe. Slegte gewoontes word altyd moeilik afgeleer en pas nie by die idee van ŉ orator as ŉ „bonus vir" nie.

Dit is baie belangrik dat die slaaf van goeie karakter en suiwer taal moet wees en beveel Plutarchus aan dat hy met ware sorg gekies moet word.(5) Genoemde skrywer maak veral melding van die keuse van 'n oppaster want netsoos Tacitus keur hy sekere gebruike van sy tyd af. Die gebruike van sommige mense is belaglik want hulle stel die betroubaarste slawe aan om hulle plase te behartig, om kapteine van skepe te wees, maar enige slaaf wat 'n dronkaard of vraat is, is goed genoeg om 'n kind op te pas.(6)

Juvenalis waarsku ook teen swak voorbeelde, nie alleen gestel deur ouers nie, maar ook deur slawe.(7)

„Nil dictu foedum visuque haec limina tangat,
Intra quae puer est. Procul hinc, procul inde puellae,
Lenonum, et cantus pernoctantis, parasiti.
Maxima debetur puero reverentia".

Tacitus se verdoeming van die morele verval wat die opvoeding ook aangetas het, vind 'n weerklank in werke van baie skrywers van die Silwer Periode. Die bytende saturae van Juvenalis verskaf seker die beste grond.

Die ouer Seneca (8) is een van die vroegste skrywers wat die weelderigheid van sy tyd aangeval het as 'n rede vir die verval van die welsprekendheid. Hy val veral die jonger geslag aan; hulle het lui geword, en hulle talente word verwaarloos. Daar is geen eerbare roeping waarna hulle strewe met alle erns nie. Slaap, luiheid en belangstelling

in onheil is wat nagestreef word; die jeug sing en dans net en word verwyfd. Hulle is soos vroumense en versier hulle met ornamente, en onder hulle is daar nie een wat ŉ ware man is nie. Daarom spreek Seneca die wens uit dat die gode moet verbied dat die gawe van welsprekendheid in sulke hande val.

Morele verval het wel ingetree en die welsprekendheid aangetas want deurdat dit onderworpe is aan ŉ despotisme, het die oratore delatores geword.

Die jonger Seneca (9) sê dat die roemrykste van die Romeinse jeug niks meer is as slawe van „pantomime" kunstenaars nie. Die voorliefde vir die verhoog waarteen Tacitus waarsku, word ook genoem deur Petronius wat sy student wat werklik deugde wil beoefen, aanraai om nie die vlam van sy verstand te blus in die geselskap van die slegte nie, of voor ŉ verhoog te sit en die toneelspelers toejuig nie.(10)

Aulus Gelleius vertel ŉ interessante staaltjie oor die voorliefde vir verhoogkunstenaars. ŉ Jongman wat veral die kunstenaars aangehang het, is deur sy leermeester, ŉ man met die naam van Taurus, die volgende verduideliking, geneem uit Aristoteles, gegee oor die feit dat kunstenaars meesal lui en niksnutt is nie. Laasgenoemde sê dat hulle geensins bekend is met goeie leesstof of Filosofie nie,

aangesien die grootste gedeelte van hulle lewe deurgebring word in die najaag van wat alleen essensieel is en hulle meeste van hulle tyd in onmatigheid en somtyds ook in armoede bestee. Albei hierdie dinge is die oorsaak van slegtigheid.(11)

Dit blyk dus dat Tacitus se aanklag (12) dat ouers, kinders en onderwysers oor niks anders as gladiatore en toneelspelers kan praat nie, nie 'n vergesogte stelling is nie.

2. Die opvoeding van die orator.

Ook Tacitus se tydgenote benader hierdie probleem uit 'n positiewe en negatiewe standpunt, want meeste kritici is bewus van tekortkominge en daarom is daar dus 'n strewe om 'n verbetering teweeg te bring.

Quintilianus stel ook hoë eise aan die opvoeding vir die opleiding van die orator, wat hy noem „vir bonus dicendi peritus". Hy is dan ook oortuig dat sy orator nog opgelei kon word. Tacitus en Quintilianus se entoesiasme vir die welsprekendheid word ietwat gedemp deur wat Juvenalis (13) sê. Hy praat van geld en sê dat geeneen van die kunste floreer nie, want sonder geld is daar geen aansien nie. Self nie eers 'n Cicero sou in die eeu 'n bestaan kon gemaak het nie, tensy hy kon gespog het met 'n groot ring aan sy finger.

(i) Die teoretiese opleiding.

As pedagoog sien Quintilianus die rede vir die verval van die welsprekendheid in die opvoeding soos dit gevind is in die skole van die grammatici en retore. In sy eerste boek van die „Institutio Oratoria" bespreek hy die voor- en nadele van publieke en private onderwys respektiewelik en elke nou en dan laat val hy ŉ opmerking oor toestande in publieke skole. Hy sê baie mense vermy die skole as gevolg van die korrupsie „unde causas turpium factorum saepe extitisse utinam falso iactaretur".[14] As hy dit maar net kan ontken! ŉ Bietjie later sê hy weer dat baie mense die skool beskou as ŉ plek waar gewoontes korrup gemaak word.[15] Die grammatici het verder baie van hulle werk wat hulle moes doen, verwaarloos en maak inbreuk op die terrein wat na regte aan die retore behoort.[16] Dikwels hou hulle hulle leerlinge terug uitsluitlik om geldelike oorwegings of deur hulle eie tekortkominge as opvoeders.[17]

Hulle onderrig is dikwels pedanties en doelloos, veral in hulle kommentare en vertolkings van literatuur, daar dit gewoonlik ŉ ongesifte samevatting is van wat almal te sê het, met die gevolg dat wat waardevol is, dikwels verborg is. Daarom is dit somtyds ŉ voordeel as ŉ onderwyser onbewus is van sekere dinge.[18]

Dit is opmerklik dat Gelleius geensins ŉ goeie woord het vir grammatici wanneer hy melding maak van hulle nie. Hy praat van ŉ grootpraterige grammaticus,[19] van ŉ ander een „insolentiarum et inperitiarum pleno "[20] en verder dat hy ŉ bespreking gehad het met ŉ grammaticus wat, alhoewel hy niks geweet het nie, tog probeer het om ongeleerde gemoedere te beïndruk met sy uiteensetting van vrae wat hy niks van geweet het nie.[21]

Suetonius maak egter hierdie interessante opmerking naamlik dat die oratore in die antieke tyd so goed voorberei was vir hulle beroep dat baie van hulle ŉ suksesvolle toetrede gedoen het tot die Forum direk uit die skole van die grammatici.[22]

Die keuse van goeie onderwysers om hulle seuns te onderrig is ŉ belangrike saak en Plutarchus waarsku die ouers, veral vaders om nie gebruik te maak van die baie onkundige onderwysers van die tyd nie.[23]

In sy „Epistulae Morales" maak Seneca ook sekere aanmerkings oor die opvoeding van sy tyd. In een van sy briewe sê hy: „cogito mecum, quam multi corpora exerceant, ingenia quam pauci."[24]

Die oplossing vir die verswakking in die opvoeding lê dus in die leer van kennis en toepassing van dissipline. Daarom probeer Quintilianus rigting gee met sy werk. Hy vereis van sy orator „mihi satis est eius esse oratorem de

qua dicit non inscium".

Quintilianus se neo-klassisisme kan ook verdeel word in twee stadia nl. die verkryging van algemene kennis aan die skole van die literator, grammaticus en selfs die retor en dan meer praktiese beoefening van die retoriese element deur middel van deklamatoriese oefeninge.

Soos die retor het die grammaticus ook 'n smaak by die leerling ontwikkel vir goeie literatuur en in sy tiende [25] boek van sy „Institutio Oratoria" gee Quintilianus 'n lys van skrywers, retore en filosowe wat van belang was beide vir die grammaticus asook die retor.

Ander [26] prima elementa wat Quintilianus byvoeg, is Musiek, Poësie, Matesis en Astronomie. Sy sogenaamde Historiae was nie soseer Geskiedenis nie, maar deel van die studie van Literatuur en, het alleen beteken alles wat vertel is in 'n passasie dit wil sê grammaties, ten opsigte van verwysings en stilisties. Die studie van die Burgerlike Reg [27] noem hy alleen wanneer hy praat van die volwasse orator.

Hy behou dus die wetenskappe asook die liberale kunste.

Die studie van die Filosofie waaraan Tacitus 'n taamlike breedvoerige bespreking gee, word nie heeltemal so goed behandel deur Quintilianus nie. Hy beskou die Etiek as uiters belangrik [28]: „iam quidem pars illa

moralis, quae dicitur Ethice, certe tota oratori est accommodata". Hy herhaal wat Tacitus sê en beklemtoon ook dat in alle sake, wat ookal besluit moet word, dit altyd 'n geval van „aequi ac boni" is.

Die Logika (29) vind ook 'n plek in sy opvoedingstelsel en hy noem dit ook daardie saamgevatte en beknopte manier van welsprekendheid. Dit is eintlik 'n definisie van die kuns om feite duidelik en beknop te stel; dit is die kuns wat lig werp op alle moelike sake, alle dubbelsinnigheid verwyder, alles wat twyfelagtig is opruim, onderverdeel, ontwikkel en die argument dan tot 'n punt bring.

Die noukeurige aandag wat dit vereis, is partykeer nadelig vir die ander deugde van die welsprekendheid; terwyl dit noukeurigheid ten doel stel, raak die energie en krag van die siel verlore in subtiliteit. So dikwels argumenteer 'n persoon met wonderlike subtiliteit, maar so dikwels toon so 'n persoon geen warmte of energie nie en is hy koud en nie opgewasse vir die stryd nie, soos 'n klein diertjie wat in nou gangetjies enigiets kan ontduik, maar heeltemal verlore is op die oop en vrye vlaktes.

Quintilianus beskou die Fisika as (30) „ad exercitationem dicendi tanto ceteris uberior" en hierdie onderafdeling van die filosofie word meer volledig deur hom behandel as deur Tacitus.

Filosofiese skole geniet ook Quintilianus se aandag vir sover dat hy ook sy orator verwys na die akademiese skool:[31] „Academiam quidam utilissimum credunt, quod mos in utramque partem disserendi ad exercitationem forensium causarum proxime accedat". Hy verseker ook dat genoemde skole al van die beste oratore gelewer het. Ook Horatuis in sy „Ars Poetica" noem die skool ŉ „principium" en „fons" tot goeie taal en hy stuur dan ook sy digter na die skool.[32]

Hy behandel ook filosowe en beskou ŉ kennis van hulle as belangrik.[33]

In een van sy briewe [34] ontleed Seneca ook die liberales artes. Alhoewel hy wys op die nutteloosheid van hierdie kunste wat hy „pueriles artes" noem, neem hy hulle tog aan as die rudimente van die wysheid en moet hulle geleer word wanneer die gees nog nie iets groters kan vat nie.

Wat die praktiese sy van die opleiding van die orator betref, noem Quintilianus nie ŉ terugkeer na die ou antieke metode nie, maar probeer hy as retor die goeie uit die verlede toe te pas in die toe bekende skole van die retore.

ii. Praktiese opleiding in die Grieks-Romeinse tydperk.

Die skool van die retor.

(a) Kritiek op die skool en die retor.

Juvenalis sê in sy sewende satire dat die retor geen beloning kry vir sy werk nie.[35] Maar die rede, in die woorde van die student:
„mercedem appellas? quid enim scio".

Hulle is niks geleer en daarom het hulle niks betaal nie.

Hierdie aanval van Juvenalis op retore en hulle skole word verder gevoer in die inleidende paragrawe van Titus Petronius Arbiter se Satyricon.[36] Hy vra die oratore van sy tyd of hulle dan vervolg word deur 'n nuwe ras van wraakgodinne wanneer hulle uiting gee aan sinne soos: „haec vulnera pro libertate publica excepi; hunc oculum pro vobis impendi".[37] Maar selfs hierdie toesprake sou verduur kon word solank hulle maar net opleiding kon gee aan die aspirant kandidate van die Retoriek.

Die skole maak alleen algehele gekke van die jongmanne want hulle sien of hoor daar niks van die gewone lewe nie.[38] Hy beaam wat Tacitus sê, nl. dat die leermeesters van Retoriek waarlikwaar die oorsaak is vir die verval van die ware welsprekendheid.[39]

Maar, sê een van sy karakters, Agamemnon, ŉ onderwyser van die Retoriek, die leermeester is nie te blameer nie want hulle is in malhuise en moet aanhou babbel, want as hulle nie plesier verskaf aan hulle jong studente nie, loop hulle skole leeg. Hulle eerste doel is dus om plesier te verskaf, en daarom, soos die visser, wat die beste aas vir sy doel aan sy boek sit, doen die leermeester van Retoriek dieselfde. Wat moet gedoen word? En Petronius se antwoord is dieselfde as die van Tacitus: Ouers is te blameer omdat hulle nie hulle kinders streng genoeg opvoed nie. As kinders sou toegelaat word om in die eerste plek ŉ grondige studie van letterkunde te maak, sal die ware retoriek van die verlede weer terugkeer. Maar soos dit is, vermors die seun sy tyd op skool en die jongman is die voorwerp van bespotting in die hof.(40)

Die houding van een van die bekendste praktiserende advokate van die dag, naamlik Plinius, die jongere is ook van belang. Hy deel nie soseer Tacitus se pessimisme nie: „Gaude meo, gaude tuo, gaude etiam publico nomine; adhuc honor studius erat". (41) Hy vertel dan hoe ŉ groot aantal mense na hom geluister het; ware eloquentia word nog geëer.

Sy houding teenoor skole en retore is dan ook meer gematig, net soos die van Quintilianus. Vir hom was die skool min of meer ŉ plek van vermaaklikheid, wat nie heeltemal ernstig opgeneem behoort te word nie. So praat

hy met hoë lof van Isaeus[42], 'n retor van sy tyd, en van die skool sê hy[42]: „quo genere (nl. retore) hominum nihil aut simplicius aut sincerius aut melius. Nos enim, qui in foro verisque litibus terimur, multum malitiae, quamvis nolimus, addiscimus; schola et auditorium et ficta causa res inermis, innoxia est nec minus felix, senibus praesertim. Nam quid in senectute felicius quam quod dulcissimum est in iuventa".

Suetonius se weergawe van die loopbane van sommige van die retore bewys dat Tacitus miskien nie so verkeerd is in sy verdoeming van retore nie. Hy beweer dat Caelius die retor Lucius Plotius Gallus „hordearium - rhetorem appellat, diridens ut inflatum ac levem et sordidum".[43]

Meer interessant is die verslag van Gauis Albucius Silus van Novara,[44] wat, nadat hy onsuksesvol as 'n aedile in sy tuisdorp opgetree het na Rome gegaan het. Daar is hy toegelaat tot die huis van die orator Plancus, wat die gewoonte gehad het om iemand anders te laat deklameer voordat hy self in privaat gedeklameer het. Albucius het hierdie rol so goed vervul dat hy uiteindelik die beste spreker van die twee geword het. Toe het hy 'n skool van sy eie geopen.

Die belangrikste van alle kritiek op retore en hulle skole is afkomstig van Quintilianus, veral omdat hy self 'n retor was wat 'n fyn analise gemaak het van die verval

van die welsprekendheid en toe 'n opregte poging aangewend het om die retoriek tot sy vorige luisterrykheid te herstel.

Quintilianus verkies onderwys aan die skool van die retor, maar stel dit dat so 'n leermeester alleen die beste moet wees.(45) Die enigste kritiek wat hy lewer, is dat leerlinge in die skole te luidrugtig is in hulle applous en dat jongmanne en seuns nie saam behoort opgevoed te word nie.(46)

Hy toon (47) egter ook aan dat alle leermeesters van Retoriek nie soveel moeite gedoen het met hulle opvoeding nie en dat baie hom bespot het omdat hy so 'n wye studie vir die Retoriek geëis het. Van kennis het hulle geen benul nie, maar weet alles van die gladiatore en hulle bekendheid berus meesal op 'n paar briljante epigramme waarop hulle hulleself beroem. Maar slawe en barbare is self somtyds in staat om so iets te doen en as hierdie tipe houding geduld word „nulla est dicendi ratio".

(b) Die teoretiese en praktiese opleiding. Kritiek van deklamasie as metode en stof vir opvoeding.

Die ouer Seneca het in sy controversiae en suasoriae 'n oneindige bron van kritiek, nie alleen van homself nie maar ook van baie van die deklameerders van

sy tyd. Hy is nie gekant teen deklamasie as ŉ metode nie,[48] maar sy simpatie lê seer sekerlik met die ouer geslag vir wie dit ŉ private oefening was en nie soseer met die nuwe „declamatores" en „scholactici" nie wat dit alleen gebruik het as ŉ middel tot vertoon.[49]

Hy erken die skeuring tussen deklamasie en forensiese Retoriek in sy veelvuldige kontrastering van „declamare" met „agere".[50] Die onvoltooide Voorwoord tot sy negende controversia [51] is ook ŉ verdoeming van die deklamasie as onprakties, en hy benadruk die feit dat die hoofdoel van deklamasie is om te vermaak en nie om oortuiging te bring nie. Dit is dus verwyder van die werklikheid, en hy kom tot die gevolgtrekking dat dit swak voorbereiding bied vir die geregshowe.

In die Voorwoord tot een van sy controversia [52] gee Seneca ook die kritiek weer van Asinius Pollio. Hy was welbekend met die prosedure in die geregshowe asook in die senaatshuis.[53] Hy kla dikwels oor die verskil tussen die behandeling van ŉ tema deur ŉ deklameerder en ŉ ware orator in die wetspraktyk.[54] Sy kritiek op die deklamasie is egter nie so verdoemend nie en hy wys alleen op sekere swakhede bv. hy kritiseer die kleurryke vertellings [55] en buitensporige interpretasies.[56] Hy het self in private hoedanigheid gedeklameer [57] „and brings an air of sanity and practical commonsense into the classrooms of the younger rhetoricians".[58]

Cassius Severus verdoem ook die gebruik van deklamasie en weereens word sy kritiek gevind in die Voorwoord tot een van Seneca se controversiae.[59] Hierdie orator was suksesvol tot so ŉ mate dat hy al een is van die moderne orators wat genoem word deur Tacitus in sy „Dialogus"[60] en hy word ook eerbaar vermeld deur Quintilianus[61].

Hierdie orator laat hom dan ook soos volg uit oor ware welsprekendheid en deklamasie.[62] „Hy was gewoond om te praat voor ŉ regter, nie voor ŉ gehoor nie; om ŉ opponent se vrae te beantwoord, nie die van homself nie". In sy toesprake het hy altyd wat oorbodig was uitgelaat, maar in ŉ deklamasie is alles oorbodig en daarom het hy nie geweet wat om uit te laat nie. In die hof het hy iets gedoen; in deklamasie val hy rond in ŉ droomland. Hy vergelyk opleiding in deklamasie met die opleiding van skeepskapteine in visdammetjies en benadruk hy soos Tacitus [63] die feit dat deklamasie onprakties was.

ŉ Treffende ooreenkoms met die houding van Severus toon die van Votienus Montanus.[64] Hy het die deklamasie as skadelik beskou vir die volgende redes: Die deklameerder probeer in die eerste plek om plesier te verskaf en applous te wen; die gevolg is dat hy argumente vermy en die essensiële weglaat in sy strewe na wat oppervlakkig briljant is.

Tweedens kan hy enige tipe antwoord uitdink as antwoord op enige denkbeeldige beswaar en kan hy aanneem dat sy opponent net so onnosel is as wat hy wil hê dat hy moet wees: „libertas omnia enumerandi quae responderi potuissent".[65]

Derdens, sê Montanus, word hy altyd toegejuig en nooit onderbreek nie en vierdens kan hy sy eie tema kies en is hy nie gebind deur omstandighede nie. Verder praat hy te midde van stilte en ŉ aantal luisteraars wat aandag skenk en laastens vergeet hy dat in ŉ hof ŉ regter oortuig moet word en word aan hom nie instruksies gegee nie. Hierdie is weereens bewys van die onrealiteit van deklamasie.

Plinius slaan ŉ meer gematigde houding in en gee die indruk dat die gebruik van deklamasie hom nie veel hinder nie en sien hy dit as onskadelike tyeverdryf.[66] Hyself maak gebruik van die deklamasie, maar as ŉ soort van voorbereiding vir ŉ toespraak.[67] Hy vertel dat sy vriend Cerealis wil hê dat hy ŉ toespraak, wat hy alreeds gelewer het voor ŉ aantal vriende, moet kom lewer, en in ŉ ander brief praat hy van ŉ toespraak wat hy eers voor vriende geoefen het sodat hulle hom op sy foute kon wys.[68] Sy gebruik van deklamasie moet egter nie vergelyk word met die van die retore wat Tacitus kritiseer nie.

Deklamasie word deur Quintilianus as hulpmiddel

aangeneem in sy opleiding van die retor. Dit is egter 'n klein deeltjie van die retoriese opvoedkundige sillabus.(69) Hy noem die deklamasie 'n onlangse uitvindsel en, anders as Tacitus en andere, 'n baie handige hulpmiddel.(70) Die gevolg is egter dat dit so populêr geraak het dat dit beskou is as die enigste opleiding wat nodig is vir die orator en dit is die gevaar waarteen Quintilianus waarsku en hy sê presies wat Tacitus betoog, nl. dat as gevolg van die foute van leermeesters, dit een van die hoofoorsake is vir die verval van moderne retoriek.(71) Omdat dit egter basies 'n gesonde oefening is, doen hy sekere aanbevelings vir die verbetering daarvan. In die eerste plek behoort dit praktiese voorbereiding te wees en moet dit geskoei wees op die werklikheid.(72) Daar behoort geen verskil te wees tussen deklamasie en forensiese retoriek nie. Die onderwerpe moet uit die werklike lewe geneem word en die deklamasies self moet volgens die model wees van dit waarvoor dit as opleiding dien. In wetsake sal die advokaat verniet soek na towenaars, plae en orakels.(73) Laat die jongman nou en dan sy sê sê oor een van die belaglike temas maar dan moet hy weer terugkeer na die ware voorbereiding want as dit nie die geval is nie, kan deklameerders alleen vergelyk word met die akteur of die kranksinnige. Watter voordeel kan tog getrek word uit 'n saak wat almal weet vals is of uit 'n punt wat nooit oor

besluit sal word nie? Daar is sekerlik geen waarde in die opwekking van emosies oor ŉ saak wat nie dien as voorbereiding vir ware welsprekendheid nie.[74] Daarom moet die temas van werklike name gebruik maak, meer gekompliseerde temas, meer alledaagse woordgebruik en meer humor.[75]

Quintilianus waarsku ook inderdaad baie ernstig teen ŉ te oordrewe gebruik van denkbeeldige temas.[76] Juvenalis [77] praat met bytende sarkasme van hierdie temas wat ook deur Tacitus [78] genoem is:

„Declamare doces? o ferrea pectora Vetti, cum perimit saevos classis numerosa tyrannos" en dan noem hy die temas van verontregte meisies (raptore)[79], „fusa venena",[80] „malus ingratusque maritus".[81] Petronius self maak melding van hierdie temas. Al wat leerlinge op skool van hoor, is seerowers, tiranne, orakels in tye van pestilensie en ander belaglike onderwerpe.[82]

Quintilianus sê dat leerlinge en deklameerders so vasgevang word in hierdie „falsa rerum imagine ..... inanibus simulacris",[83] dat hulle paniekbevange wegvlug van die ware gevare van publieke lewe, soos mense wat verblind word deur sonlig waarin hulle nog nie gewoond is nie. Genoemde skrywer,[84] Suetonius [85] en Seneca [86] beskryf wat met ŉ paar van hierdie deklameerders gebeur het. Porcius Latro was nooit op sy gemak buite die skole

nie. Cestius, die afgod van skolastici, het hom boeglam geskrik toe hy homself moes verdedig en Albucius het die hof opgegee na een ongelukkige insident.

Cassius Severus [87] sê hulle is so verlore soos skeepskapteine wat opgelei is in visdammetjies en Plinius[88], ten spyte van sy optimisme, kla self. Hy betreur die verval van die howe waar onbeholpe sprekers, vars uit die skool, skaamteloos praat net vir die applous wat hulle gehuur het: „scito, eum pessime dicere qui laudabitur maxime". Hierdie jongmanne weet niks nie en word boonop nie eers voorgestel deur een of ander vooraanstaande persoon nie. Daarom dink Plinius daaraan om af te tree.

Hierdie mense wat op sulke stof opgevoed is, sê Petronius [89], kan net so min verstandig wees as wat van mense, wat in kombuise werk, verwag kan word om lekker te ruik. Die leerling wat dan die skool verlaat, dink dat hy weggedra is na 'n gans ander wêreld.

'n Ander skrywer, naamlik Aulus Gelleius, wat tot 'n bietjie later periode behoort, praat ook van die leë praatsiekheid van jongmanne wanneer hulle toesprake lewer. Niks word gesê nie, net 'n vloedgolf van dronk wankelende woorde. Die voorouers het sulke persone „locutuleios" (babbelaars), „blaterones" (kekkelbekke) en „linquaces" (babbelbekke) genoem.[90]

Antieke kritici noem dus: skole en retore as redes

vir verval van die welsprekendheid, want die deklamasie was nie ŉ praktiese en teoretiese voorbereiding vir die Forum of geregshowe nie, omdat die stof nie eie aan die werklikheid was nie.

B. <u>Politieke en geregtelike veranderinge wat bygedra het tot die verval van die Eloquentia</u>.

Ware talent kon nie meer ware genot put uit die navolging van senatoriese en forensiese welsprekendheid, en daarom wil Tacitus se karakter, Maternus, hom losskeur van die vermoeiende besigheid van „forensi labore"(91) om hom te bepaal by poësie.(92) Die nuwe welsprekendheid is een van „sanguinantis eloquentiae",(93) en daarom is dit gevaarlik om ŉ goeie naam te hê.(94) So, beweer Tacitus, is Arulenus Rusticus en Herennius Senecio tot die dood veroordeel as gevolg van hulle werke. Die beleid van sy tyd is so dat dit alle vryheid, literêr en polities, verbied het, en hy sou nie die werk geskryf het nie as dit so maklik was om te vergeet as om in stilte voor ŉ tiran se mag neer te kniel nie. Plinius (95) gee ŉ tragiese beeld van die senaat, ŉ senaat „trepidem et elinguem", want dit is gevaarlik om ŉ opinie te lug. Hierdie senaat bied geen geleentheid meer vir die beoefening van talent nie want hulle is bymekaar geroep óf net om ydel daar te sit óf vir die mees kriminele besigheid, wat of wreed of belaglik(96) was. Hulle besluite is nooit ernstig nie, en dikwels

tragies, want alle sintuie en talente is afgestomp deur die onderdrukking van 'n tiran.

In sy Annales [97] praat Tacitus ook van die verlies van vryheid veral deur die wet op maiestas.[98]

Die skadelikheid van die nuwe politieke omstandighede is ook aangevoel in ander letterkundige genres. In sy eerste satire sluit Juvenalis af op hierdie noot.[99] „Experiar quid concedatur in illos quorum Flaminia tegitur cinis atque Latina".

Hy sal eerder probeer skrywe oor persone wat alreeds oorlede is, want, sê net iets van Nero se gunsteling, Tigellinus, en jy sal al brandende lig verskaf.

In sy sewende [100] satire sien Juvenalis uit na die beter dae wat aan die kom is, want hy verwag dat Hadrianus 'n gunstiger houding sou inneem teenoor die letterkunde van sy tyd. Geen een van die letterkundige genres is eintlik werd om beoefen te word nie, want dit is nie betalend nie. Hy vestig egter nuwe hoop op Hadrianus.

In sy pessimistiese tiende[101] satire sê Juvenalis daar is niks om oor optimisties te voel nie, want die dood van selfs 'n Cicero en Demosthenes as gevolg van veranderde politieke omstandighede, toon dat hulle ingenium hulle dood veroorsaak het.

Persius se gedagtes het ook gedraai om hierdie aspek nl. die politieke slawerny waarin Rome verval het.

Maar ook hy vlug weg van die werklikheid, want alhoewel hy die saak wil aanraak in sy vierde en vyfde satires, laat vaar hy dit egter weer. In sy vierde satire wil hy aantoon watter kwalifikasies die beste pas by 'n regeerder, maar hy beantwoord nooit die vraag nie en die satire word 'n abstrakte bespreking van die onderwerp van selfkennis.[102]

Die onderwerp van die vyfde satire is menslike vryheid, maar nie een keer verwys Persius na vryheid in die politieke lewe nie; hy vermy die onderwerp heel waarskynlik uit vrees dat hy miskien aanstoot sal gee.

Ook Plinius die jongere laat hom uit oor die effek van die nuwe politieke omstandighede. In sy brief oor sy oom sê hy die volgende:[103] „sub Nerone novissimis annis, cum omme studiorum genus paulo liberius et erectius periculosum servitus fecisset".
Despotisme het alles rondom hom versmoor, of anders, soos in Juvenalis se geval, moet mense of stilgebly het, of skynheilig gewees het. Dit was gevaarlik om 'n man van karakter te wees:[104] „tandem homines non ad pericula, ut prius, verum ad honores virtute perveniunt ......" en ........„Cum suspecta virtus, inertia in pretio".[105]

Sommige het hulleself probeer aanpas by die nuwe omstandighede:[106] „cuius (libertatis) servaveris umbram si quidquid iubeare velis".

Seneca senior sê daar was nie meer genoegsame

beloning om die vlam van welsprekendheid te voed nie:[107] „cum pretium pulcherrimae rei cecidisset, translatum est omne certanem ad turpia multo honore quastuque vigentia".

Die „materia" van die „eloquentia" en selfs ander letterkundige genres is weggeneem.[108]

Veranderinge het egter ook ingetree in die siviele en ook in kriminele geregshowe. Tacitus kla veral oor die plek, prosedure en gehore by sulke verhore.

In die kriminele en selfs siviele howe kon die advokaat nie meer vryelik praat nie veral as gevolg van die teenwoordigheid van gesiene persone, veral die keiser. In sy Annales [109] sê Tacitus dat Tiberius nie tevrede was om net kriminele sake by te woon nie, maar het hy ook die gewone hofsittings in die geregshowe bygewoon, met ander woorde, die van die centumviri en somtyds van die praetor. In die meer belangrike howe bv. die senaat self, was vryheid van spraak veral gedemp. Toe Piso voor die senaat verhoor is omdat daar gesê is dat hy deels verantwoordelik was vir die dood van die keiser se aangenome seun, Germanicus, het hy met moeite advokate bekom en Tiberius moet die wat hy verkry het, aangemoedig het om hulle bes te doen.[110] So het die senaat dikwels haastige besluite geneem sonder om n saak goed te oorweeg, sê Plinius. In een van sy briewe noem hy dat hulle n man verhoor het en dat die uitsprake gewissel het van die doodstraf tot n vryspreking

van die beskuldigde.(111)

Ook Quintilianus het dieselfde te sê oor die verandering in geregtelike praktyk.(112) Die regspleging het lanklaas soveel stilte vereis, alhoewel dit dikwels gebeur dat die advokaat moet reguit praat, en dan word hy dikwels in die verleentheid gebring en gehinder deur die teenwoordigheid van magtige persoonlikhede wat hy sal moet kritiseer as hy sy saak wil bewys. Daarom gebeur dit dat die advokaat met groot versigtigheid te werk moet gaan.

Ten spyte van Plinius se optimisme(113) soms, kla hy ook oor die prosedure in die howe. Hy betreur die gebruik van tydglase en ander beperkings, want dit is die agterlosigheid, luiheid en disrespek wat advokate en regters teenoor hulle professie toon en teenoor die ernstige sake van die wet. Die voorouers het baie ure toegelaat, verdagings, en baie is gesê wat onnodig was, maar is dit nie beter dat wat onnodig is, gesê word nie, as dat dit wat belangrik is uitgelaat word nie? 'n Regter kan alleen oordeel nadat hy alles gehoor het.(114)

Maar die siviele howe, wat die meeste veld gebied het vir advokate in die tyd, was klein kamertjies (115) en Plinius vereis ook vir sy advokaat die jurielede, 'n gehoor, spanning en orators met 'n reputasie om die ware eloquentia te laat lewe.(116) Daarom dus dat moderne advokate so dikwels gehuurde applous saamgebring het, 'n rede waarom Plinius uit die howe wou getree het as advokaat.(117)

C. Standaard in styl - die antieke teen die moderne.

(i) Redes vir die verandering in styl.

As redes vir die verswakking van styl, voer Quintilianus aan die onkunde van sekere leermeesters van die Retoriek. Hulle het geen reëls nodig nie, alleen hulle natuurlike talent en solank hulle nou en dan na vore kan kom met treffende epigramme is hulle tevrede.(118) Verder is daar die „varietate opinionum(119)"; sommige verkies net die growwe eenvoud en krag van die ou Romeinse skrywers, terwyl andere hulle verlustig in die kleurvolle en vertonerige styl van die Silwer Eeu, wat net daarop uit is om met uiterlike middels die ongeletterde te vermaak. Dán word die Attisiste beskou as model en dán die eksponente van die Asiatiese styl. Dit was die agtergrond waarteen Quintilianus sy idee van styl gestel het.

Seneca voeg by morele verval as ŉ rede vir die verval in styl.(120) Hy probeer die vraag beantwoord waarom styl so veranderlik is en waarom daar so dikwels ŉ verval in die tipe styl kom. As antwoord hierop sê hy: „talis hominibus fuit oratio qualis vita".(121) So gee persone se styl die algemene karakter van die eeu weer, want styl word bepaal deur die tipe onderwerp wat bespreek word. Dit is ŉ spieël van morele verval onder ŉ volk wat hom aan verwyfdheid oorgegee het.(122) Ligsinnigheid in die spreektaal is ŉ teken van publieke weelderigheid.

'n Persoon se siel kan seker nie van een kwaliteit wees en sy talent van 'n ander nie want 'n gesonde, ernstige lewensbeskouing bring dieselfde kwaliteit in talent en kuns mee. Omgekeerd as die een degenereer, sal ook die ander nadelig beïnvloed word.(123)

Maecenas word gesien in sy taal; sy swak gewoontes en verwyfdheid word daardeur weerspieël.(124)

In 'n eeu van weelde soek mense ook altyd iets nuuts, iets anders om hulle mee te vermaak en so word verfyndheid van smaak eers by die etenstafel gesien, waar die gasheer goedkeuring probeer uitlok deur altyd iets nuuts aan te bied of om die bestaande orde van bediening te verander. En so word die gesindheid gekweek om die gewone en alledaagse dinge van die lewe te verafsku. Dan word die algemeen-aanvaarde beginsels van spraak as te middelmatig beskou en word daar gesoek na nuwighede, wat gewoonlik nie verbetering meebring nie, maar wel verswakking.(125)

Op hierdie wyse lei 'n verswakking van lewenswyse tot 'n verswakking van die letterkunde. Toe die antieke dissipline verswak het, het weelderigheid die plek daarvan ingeneem en dit het weer gelei tot 'n verwyfde skitterende styl vol slagspreuke.

(ii) Antieke Kritici : Kritiek op moderne styl en die keuse van standaard.

(a) Quintilianus:

Quintilianus se werk lewer sekerlik een van die ernstigste aanklagte teen die styl van die periode en dwarsdeur is een van sy temas die verval in kontemporêre styl.

„Sed evenit plerumque ut in hac diligentia deterior etiam fiat oratio".[126] Deur te veel aandag te skenk aan die uiterlike opsmukmiddels van styl het die retoriek verval. Die moderne oratore is nie geïnteresseerd in eenvoud in styl nie, maar is altyd op soek na die onegte verfyndheid wat hy „flosculi" noem.[126]

Omdat veral die deklamasie geskryf word [127] vir die uitsluitlike doel om plesier te verskaf, is die manlike krag verloor, soos seuns wat ontman word om hulle uiterlike skoonheid te verbeter. Die styl in moderne tyd is soos die man wat sy fisiese skoonheid wil verbeter met verwyfde opmaakmiddels en die enigste resultaat is dat hy alleen daarin slaag om dit wat hy wil toon te verberg, want weelderige verwyfde kleredrag versier nie.[128] Ornamente van styl moet nie verwyfd wees nie.[129] Hierdie strewe na effek is die rede vir die verval van die ware eloquentia. In hierdie strewe is die orator altyd besig om te meet en te pas om die regte woord te kry.[130]

Wat woordkeuse betref „laboret incredibili verborum fastidio". Die styl van sekere onderwysers van die Retoriek beskryf hy as „tumidos et corruptos et tinnulos",[131] die opgeblase holklinkende styl wat Tacitus beskryf as „ingentibus verbis"[132] en „tinnitus".[132]

Wanneer Quintilianus by komposisie kom, toon hy aan dat dit die neiging is om dinge so te sê dat niemand dit verstaan nie; die ware teken van 'n genie is dat dit 'n genie benodig om te verstaan wat gesê word.[133] Baie laat sommer woorde weg. Hiermee saam gaan, wat hy noem „cacozelia, .... mala adfectio", en dit lei tot alles wat „tumida et pusilla et praedulcia et abundantia et arcessita et exultantia[133]....." is.

Dit word nie alleen verkry deur die gebruik van woorde nie, maar ook op ander maniere. So byvoorbeeld, in hulle jag na effek, doen sommige die volgende: „alii brevitatem aemulati necessaria quoque oratione subtrahunt verba".[134]

Soos Tacitus noem hy ook die „sensus paucissimi" en die „sententiae angustae"; die voorliefde vir die beknopte gevatte epigrammatiese styl. In die moderne tyd wil die retore hê dat elke sin, elke paragraaf 'n indrukwekkende afsluiting moet hê en die gevolg is 'n aantal epigramme, geaffekteerd, onbelangrik en onsamehangend.[135]

Quintilianus verwys ook na woordspeling, antitese en vergelykings en menige voorbeelde van sententiae.(136) Daar is baie sprekers wat alles wil sê asof dit epigramme is en dan is daar daardie wat dink dat net soos in poësie dit toelaatbaar is in prosa om vergesogte metafore te gebruik, wat digters dikwels gebruik ter wille van ritme en metriese noodsaaklikheid.

Sy strafste kritiek spreek hy egter uit in ŉ passasie waar hy in die algemeen die styl van die tyd bespreek as ŉ verlustiging in absolute vryheid van woordgebruik, of in ligsinnige en kinderagtige epigramme, of in hoogdrawendheid, of in argaïsme, of versiersels wat geen diepte toon nie of in uitspattigheid wat as verhewe beskou word.(137)

Al hierdie veranderinge in styl het begin met die ontstaan van deklamasie wat daartoe gelei het dat sprekers altyd hulle styl verbeter met enige soort versierinkies.(138)

Behalwe vir die kritiek wat hy lewer op kontemporêre styl, gee Quintilianus ook praktiese voorskrifte in verband met nabootsing vir die vorming van styl. In die tiende boek van sy werk behandel hy skrywers, digters, filosowe en oratore om aan te toon waar die aspirant orator goeie voorbeelde kan vind.(139)

Sekere persone van die dag het nie hulle modelle oordeelkundig uitgesoek nie. Daar was baie wat alleen die

slegste en dekadente skrywers nageboots het.[140] Baie weer het nie die goeie nie, maar die wat swak was in hulle modelle nageboots. Die gevolg is dat persone wat spog met smaaklose en flou gedagtes wat hulle gegiet het in growwe vorm, hulleself beskou het as die gelykes van die antieke skrywers. Andere weer wat nie gebruik maak van ornament en epigram nie, doen hulle voor as Atties, terwyl die gebruik om periodes kortaf af te sluit andere gelyk stel aan Thycydides en Sallustius.[141] Baie wat tam en lusteloos in hulle styl is, dink hulle is die gelykes van Cicero net so lank hulle periodes lank genoeg is, terwyl hulle hulleself ook beskou as briljante nabootsers van hom as elke sin eindig met die frase „esse videatur".[142]

Die student [143] moet ook nie net een model naboots nie, maar hy moet die beste neem uit verskillende skrywers. Onder die Grieke staan Demosthenes eerste en onder die Romeine Cicero. Wat Quintilianus self betref, hy sal tevrede wees om hom altyd net op Cicero te modelleer, maar hy sien geen rede waarom die jong orator nie kan put uit ander antieke oratore se werk nie bv. „vim Caesaris, asperitatem Caelii, diligentiam Pollionis, iudicium Calvi".[143]

As model in retoriek sal hy Cicero stel teenoor enigiemand wat die Grieke kan oplewer.[144] Nie alleen vir sy tydgenote nie, maar ook vir die nageslag het die

naam Cicero sinoniem geraak vir eloquentia.[145] Die student wat Cicero bewonder, het ware vordering gemaak.[146] Die name van ander antieke oratore nl. Cicero se tydgenote, word ook genoem en by hulle voeg Quintilianus Cassius Severus, Domitius Afer, Julius Africanus en enkele ander oratore van sy tyd.[147] Opmerklik is ook dat op die gebied van Filosofie, Cicero ook bo aan die lys staan.[148] Sy kritiek en aanbevelings word afgesluit met kritiek op Seneca wie se nuwe styl alleen nageboots is in die foute wat hy begaan het, en sy epigrammatiese beknoptheid het deels bygedra tot die verval van die styl.[149] Sy verdoeming van Seneca is verdoeming van moderne styl.

Alhoewel Quintilianus nie ꞌn blinde bewonderaar van die Antieke[150] was nie en hy tog sekere prysenswaardige punte in die moderne styl gesien het[151], sal hy egter die antieke styl verkies bo die moderne.[152] Sy ideal is egter ꞌn goue middeweg, want hy waardeer die veranderde omstandighede.

(c) <u>Plinius.</u>

Plinius was ꞌn leerling van Quintilianus [153] en laasgenoemde se voorskrifte het blykbaar die nodige indruk op Plinius gemaak, want hy beweer in een van sy briewe dat hy nie tevrede is met die welsprekendheid van sy tyd nie en daarom gebruik hy Cicero as sy model.[154]

Wat betref die waarde van antieke en moderne styl, sê hy, dat alhoewel hy die antieke bewonder, hy nie bereid is om die modernes neer te haal nie:[155] „Sum ego is, qui mirer antiquos, non tamen ut quidam temporum nostrorum ingenia despicio". Tog het hy die foute van kontemporêre styl raakgesien.[156] „Pudet referre, quae quam fracta pronuntiatione dicantur, quibus, quam teneris clamoribus excipiantur. Plausus tantum ac potius sola cymbala et tympana illis canticis desunt". Hy beskryf Fonteius Magnus as „unus ex Bithynis, plurimis verbis, paucissimis rebus".[157]

(e) Seneca:

Alhoewel hierdie skrywer 'n modernis is, betreur hy tog sekere tekortkominge in die styl van sy tyd. So gou die geesaangeleer het om die gewone te verag begin dit rond te soek na „quod novum sit"; nou gebruik hy ou afgesaagde woorde, of anders word die gebruik van die metafoor oordryf. Daar is persone „qui sensus praecidant" met die doel om met opset duister en onverstaanbaar te klink.[158]

Die algemene swakheid is om nie woorde te gebruik nie, tensy hulle so musikaal is dat wat geskrywe word nie meer 'n „compositio" is nie maar 'n „modulatio".[159] Baie van die woorde in styl is net kleurryke bombas; hulle is of klein en kinderagtig, of onwelvoeglik of „floridae

sunt et nimis dulces, si in vanum exeunt et sine effectu nihil amplius quam sonant".[160]

Al hierdie gebreke lei Seneca terug tot die losbandige weelderigheid van sy tyd.

(d) Persius:

Sy eerste satire is 'n kritiek op die styl van sy dag, veral die poësie. Hy bespot veral die leë hoogdrawendheid van sy tyd en val selfs Vergilius aan.[161] Daar is geen een wat meer die klassieke lees nie, en wanneer hy praat van die tipe verdediging wat in die hof gehoor word, steek hy die draak met die orator en sy kuns.[162]

„'Fur es' ait Pedio. Pedius quid? Crimina rasis librat in antithetis: doctas posuisse figuras laudatur 'bellum hoc!' hoc bellum? An, Romule cives?"

Hierdie orator sê Persius, is soos die skipbreukeling wat 'n aalmoes vra hy die verbyganger deur te sing.

(e) Martialis.

Martialis is veral gekant teen die bewondering van die argaïstiese diksie van Ennius, Accius en Pacuvius, en hy verkies die moderne styl.[163] Die bewondering van argaïsmes was egter een van die tekortkominge in die styl van sekeres van sy tyd.

(f) Petronius.

Hierdie tydgenoot van Persius lewer ook ŉ satiriese aanval op die retoriek en styl van sy tyd.[164] Hy noem die onderrig wat die retor gee bombastiese stof („tumore rerum") en leë, holklinkende frases („sententiarum vanissimo strepitu"). Die retore maak gebruik van sierlike woordgebruik wat niksbeduidend is nie („levibus atque inanibus")[165] Styl moet nooit „maculosa nec turgida"[166] wees nie. Hierdie tipe styl is afkomstig van Asia, en Petronius noem dit ŉ opgeblase, vormlose stortvloed van woorde.[167]

## AANTEKENINGE BY HOOFSTUK III.

1. Quintilianus, De Inst. Orat., Liber I, i, 6.
2. Quintilianus, De Inst. Orat., Liber I, i, 9.
3. Gelleius, Noctes Atticae, Liber XII, i.
4. Quintilianus, De Inst. Orat., Liber I, i, 4-10.
   Plutarchus, Moralia I, Die opvoeding van kinders.
5. Plutarchus, Moralia I, Die opvoeding van kinders, 5,6.
6. Plutarchus, Moralia I. Die opvoeding van kinders 7.
7. Juvenalis, Satura, XIV, 44.
8. Seneca, Contr., I, Praef., 8-9.
9. Seneca, Epist. Mor., XVIIL.
10. Petronius, Satyricon, 5.
11. Aulus Gelleius, Noctes Atticae, Liber XX, 4.
12. Tacitus, Dialogus, 29, 9-16.
13. Juvenalis, Satura, VII.
14. Quintilianus, De Inst. Orat., Liber I, ii, 2.
15. Quintilianus, De Inst. Orat., Liber I, ii, 4.
16. Quintilianus, De Inst. Orat., Liber II, i, 1.
17. Quintilianus, De Inst. Orat., Liber XII, xi, 14.
18. Quintilianus, De Inst. Orat., Liber I, viii, 18-21.
19. Aulus Gelleuis, Noctes Atticae, Liber IV, 1.
20. Aulus Gelleuis, Noctes Atticae, Liber VI, 17.
21. Aulus Gelleius, Noctes Atticae, Liber VIII, 10.
22. Suetonius, De Grammaticis et Rhetoribus, IV.
23. Plutarchus, Moralia I, Die opvoeding van kinders, 4.

24. Seneca, Epist. Mor., LXXX, 2.

25. Quintilianus, De Inst. Orat., Liber X, 1.

26. Quintilianus, De Inst. Orat., Liber I, x.

27. Quintilianus, De Inst. Orat., Liber XII, iii.

28. Quintilianus, De Inst. Orat., Liber XII, ii, 15-20.

29. Quintilianus, De Inst. Orat., Liber XII, ii, 10-15.

30. Quintilianus, De Inst. Orat., Liber XII, ii, 20.

31. Quintilianus, De Inst. Orat., Liber XII, ii, 25.

32. Murphy, Works of Tacitus, p.665.

33. Quintilianus, De Inst. Orat., Liber XII, 11.

34. Seneca, Epist. Mor., LXXXVIII.

35. Juvenalis, Satura, VII, 158.

36. Petronius, Satyricon, 1.

37. Petronius, Satyrican, 1.

38. Petronius, Satyricon, 1.

39. Petronius, Satyricon, 2.

40. Petronius, Satyricon, 'n Opsomming van wat Petronius sê in paragrawe 3 en 4.

41. Plinius, Liber, IV, xvi.

42. Plinius, Liber, II, iii.

43. Suetonius, De Rhetoribus, II.

44. Suetonius, De Rhetoribus, VI.

45. Quintilianus, De Inst. Orat., Liber II, ii, 1-9.

46. Quintilianus, De Inst. Orat., Liber II, ii, 9, 14.

47. Quintilianus, De Inst. Orat., Liber II, xi, opsomming van paragrawe 1-7.

48. Seneca, Contr., II, Praef., 4.

49. Seneca, Contr., I, Praef., I, 14.

50. Seneca, Contr., IV, Praef., 3.

51. Seneca, Contr., IX, Praef., 1.

52. Seneca, Contr., IV, Praef.

53. Seneca, Contr., II, 5, 13.

54. Seneca, Contr., II, 3, 13.

55. Seneca, Suas., II, 10.

56. Seneca, Contr., VII, 4, 3.

57. Seneca, Contr., IV, 2-6.

58. Bonner, Roman Declamation in the late Republic and early Empire, p 73.

59. Seneca, Contr., III, Praef., 12-14.

60. Tacitus, Dialogus, 26, 14+

61. Quintilianus, De Inst. Orat., Liber X, i, 116.

62. Sien 59. Opsomming van die gedeelte.

63. Tacitus, Dialogus, 35, 20-22.

64. Seneca, Contr., IX, Praef., 'n Opsomming van sy kritiek.

65. Quintilianus, De Inst. Orat., Liber IV, ii, 92.

66. Plinius, Liber, II, iii.

67. Plinius, Liber, II, xix.

68. Plinius, Liber, V, xii.

69. Quintilianus, De Inst. Orat., Liber II, 1-15.
Die hele hoofstuk is 'n bespreking van die deklamasie.

70. Quintilianus, De Inst. Orat., Liber II, x, 1.

71. Quintilianus, De Inst. Orat., Liber II, x, 2-4.

72. Quintilianus, De Inst. Orat., Liber II, x, 12.

73. Quintilianus, De Inst. Orat., Liber II, x, 4,5.

74. Quintilianus, De Inst. Orat., Liber II, x, 6-8.

75. Quintilianus, De Inst. Orat., Liber II, x, 9.

76. Quintilianus, De Inst. Orat., Liber X, v, 17.

77. Juvenalis, Satura, VII, 150.

78. Tacitus, Dialogus, 35, 18, 19, 20.

79. Juvenalis, Satura, VII, 168.

80. Juvenalis, Satura, VII, 169.

81. Juvenalis, Satura, VII, 169.

82. Petronius, Satyricon, I.

83. Quintilianus, De Inst. Orat., Liber X, v, 17.

84. Quintilianus, De Inst. Orat., Liber X, V, 18.

85. Suetonius, De Rhetoribus, VI.

86. Seneca, Contr., IX, 3; VII, 6-7.

87. Seneca, Contr., III, Praef., 12-14.

88. Plinius, Liber, II, xiv.

89. Petronius, Satyricon, 1.

90. Aulus Gelleius, Noctes Atticae, Liber I, geneem uit XV.

91. Tacitus, Dialogus, 11, 3.

92. Tacitus, Dialogus, 12, 1.

93. Tacitus, Dialogus, 12, 3.

94. Tacitus, Agricola, 3, die hele hoofstuk.

95. Plinius, Liber, VIII, xiv.

96. Juvenalis, Satura, IV - Die Tarbot.

97. Annales, Liber, I, 4, 7.

98. Annales, Liber, I, 72, 73,

99. Juvenalis, Satura, I, 170, 171.

100. Juvenalis, Satura, VII, 1.

101. Juvenalis, Satura X, 114-121.

102. Persius, Satura, IV.

103, Plinius, Liber, III, v, 5.

104. Plinius, Liber, V, xiv, 6.

105. Plinius, Liber, VIII, xiv, 4.

106. Lucanus, III, 146.

107. Seneca, Contr., I, Praef., 6-7.

108. Tacitus, Dialogus, 36, 1.

109. Tacitus, Annales, Liber, I, 75.

110. Tacitus, Annales, Liber, III, 11-12.

111. Plinius, Liber, VIII, xiv.

112. Quintilianus, De Inst. Orat., Liber IX, ii, 68.

113. Plinius, Liber, IV, xvi.

114. Plinius, Liber, VI, ii.

115. Tacitus, Dialogus, 39, 5.

116. Plinius, Liber, II, xix.

117. Plinius, Liber, II, xiv.

118. Quintilianus, De Inst. Orat., Liber II, xi, 3-7.

119. Quintilianus, De Inst. Orat., Liber X, i, 43, 44.

120. Seneca, Epist. Mor., CXIV.

121. Seneca, Epist. Mor., CXIV, 2.

122. Seneca, Epist. Mor., CXIV, 2.

123. Seneca, Epist. Mor., CXIV, 3.

124. Seneca, Epist. Mor., CXIV, 4.

125. Seneca, Epist. Mor., CXIV, 10, 11.

126. Quintilianus, De Inst. Orat., Liber VIII, Pr.22.
Liber II, v, 22.

127. Quintilianus, De Inst. Orat., Liber V, xii, 17.

128. Quintilianus, De Inst. Orat., Liber VIII; Pr. 19-20.

129. Quintilianus, De Inst. Orat., Liber VIII, iii, 6-10.

130. Quintilianus, De Inst. Orat., Liber VIII, Pr.22, 27.

131. Quintilianus, De Inst. Orat., Liber II, iii, 9.

132. Tacitus, Dialogus, 35, 21.
Dialogus, 26, 4.

133. Quintilianus, De Inst. Orat., Liber VIII, Pr. 22-25.
Liber VIII, ii, 19.
Liber VIII, iii, 56.

134. Quintilianus, De Inst. Orat., Liber VIII, ii, 19.

135. Quintilianus, De Inst. Orat., Liber VIII, v, 14-15.

136. Quintilianus, De Inst. Orat., Liber VIII, v.
Liber VIII, v, 31.
Liber VIII, vi, 17.

137. Quintilianus, De Inst. Orat., Liber XII, x, 73.

138. Quintilianus, De Inst. Orat., Liber III, VIII, 58.

139. Quintilianus, De Inst. Orat., Liber X, hoofstukke een en twee behandel die vraag van nabootsing.

140. Quintilianus, De Inst. Orat., Liber X, ii, 14.

141. Quintilianus, De Inst. Orat., Liber X, ii, 15 - 17.

142. Quintilianus, De Inst. Orat., Liber X, ii, 17 - 18.

143. Quintilianus, De Inst. Orat., Liber X, ii, 24 - 25.

144. Quintilianus, De Inst. Orat., Liber X, i, 105.

145. Quintilianus, De Inst. Orat., Liber X, i, 112.

146. Quintilianus, De Inst. Orat., Liber X, i, 112.

147. Quintilianus, De Inst. Orat., Liber X, i, 116 - 122.

148. Quintilianus, De Inst. Orat., Liber X, i, 123.

149. Quintilianus, De Inst. Orat., Liber X, i, 125 - 131.

150. Quintilianus, De Inst. Orat., Liber IV, ii, 122.
Liber XII, x, 45 - 47.

151. Quintilianus, De Inst. Orat., Liber VIII, v, 32.

152. Quintilianus, De Inst. Orat., Liber VIII, v, 33, 34.

153. Plinius, Liber, II, xiv, 9.

154. Plinius, Liber, I, v, 12.

155. Plinius, Liber, VI, xxi, 1.

156. Plinius, Liber, II, xiv, 9.

157. Plinius, Liber, V, xx, 4.

158. Seneca, Epist. Mor., CXIV, 11.

159. Seneca, Epist. Mor., CXIV, 15.

160. Seneca, Epist. Mor., CXIV, 16.

161. Persius, Satura, I, 96.

162. Persius, Satura, I, 85.

163. Martialis, XI, 90.

164. Petronius, Satyricon, 1.

165. Petronius, Satyricon, 2.

166. Petronius, Satyricon, 2.

167. Petronius, Satyricon, 2.

## HOOFSTUK IV.

## SINTESE.

"The main clue to the literary qualities of Silver Latin is to be found in education and in particular in rhetorical education".(1)

Die kritiese reaksie in die periode van herbelangstelling in sekere fundamentele probleme van die tyd kan tipeer word as ŉ soort van idealisering van die verlede. Op alle gebiede was daar skerp reaksie teen kontemporêre gewoontes en gebruike en ŉ verlange om die verlede te laat herlewe.

Vir baie was die verlede ŉ Goue Eeu,(2) en wou hulle ŉ terugkeer sien na die „mores antiqui" wat die fondament was van die grootheid van Rome: „Ennius was right: these traditions and these men were the guarantee of Roman greatness".(3)

Tacitus praat met byna patetiese verlange oor die onherroeplike dae van die verlede. Te midde van die morele veral wat hy rondom hom sien, skilder hy vir homself ŉ primitiewe Goue Eeu van geregtigheid en eenvoud „and in the Germania pictures, for the benefit of his contemporaries, a sturdy race not yet contaminated by the vices of civilized Rome".(4) Die woorde „priscus, antiquus, vetus" is altyd woorde van lof; orals toon Tacitus sy liefde vir die verlede: die smag na roem,(5) die hoë aansien wat verbonde was aan

die konsulaat,[6] die verval van opvoeding,[7] die verdoeming van die morele verval van sy eeu.[8]

Omdat baie dus hulle eeu intellektueel verarmd gevind het, het hulle navraag gedoen om die ware oorsake van die verval te ontleed.[9] Die probleme wat dan ook voorgekom het, was: opvoeding as rede vir die verval van die retoriek; die beste metode om die kwaadaardige styl van die eeu te verbeter, en die afbrekende invloed van die deklamasie.[10]

Meeste skrywers lewer kritiek op toestande sonder om enigsins positiewe oplossings te bied o.a. Plinius, Petronius, Persius, Juvenalis, Seneca, wat almal in hulle eeu verval sien. Andere soos Tacitus, Quintilianus en Plutarchus lewer negatiewe sowel as positiewe kritiek met die doel om die toestand te verbeter. Ook hier is daar verskille want, hoewel ontleding van die probleem dikwels ooreenstem, is die oplossings wat gebied word nie altyd identies met mekaar nie, alhoewel die herlewing miskien ŉ daarstelling van neo-klassisisme genoem kan word: ŉ Silver Eeuse Renaissance.

Die oplossings wat veral deur Quintilianus en Tacitus gebied word, is belangrik. Albei bied die ou klassieke aan as ŉ oplossing maar met sekere verskille. Quintilianus se visie is pedagogies [11] omdat hy sosiale en politieke omstandighede ignoreer, terwyl Tacitus se visie

ook histories geïnspireerd was. Vir albei is oplossings geleë in die aanbieding van die klassieke, maar hierin is Quintilianus weer meer gematig as Tacitus.

Clarke sê:[12] "It is well after reading the 'Institutio' to turn to the 'Dialogus de Oratoribus' and when we read the latter work we begin to see Quintilian's weakness. For the 'Dialogus' has what Quintilian's work lacks, a sense of history and of the realities of contemporary life. Quintilian is singularly unconscious of the changes that have taken place in the world since the days of Cicero. Tacitus knew better. He knew that the days of great oratory were over".

Tog is dit sekerlik Quintilianus wat die oplossing bied en nie Tacitus nie. 'n Terugkeer na die verlede was onmoontlik en daarom probeer Quintilianus die beste uit die verlede van Rome aanpas[13] by sy tyd. Hy erken dus verandering en vordering, netsoos Tacitus se Aper.

A. <u>Die Opvoeding.</u>

1. <u>Kleuter en primêre onderwys.</u>

Dit is gepas om die opvoeding te bespreek as 'n sleutel tot die verswakking van die ware kennis van retoriek wat natuurlik weer 'n verswakking van styl meegebring het, want genoemde twee elemente gaan onafskeidbaar saam. Hierdie veranderde omstandighede in die opvoedingstelsel en die nuwe metode van opleiding het nie alleen die retoriek laat

degenereer nie, maar etlike moderne outoriteite[14] beskou die ook as een van die vernaamste redes vir die besondere beknopte styl van die literatuur in die algemeen.

Die verandering in die opvoeding sien Smail as 'n natuurlike gevolg van die nuwe politieke omstandighede[15]: "The coming of the Empire, while it left untouched the outer forms and much of the routine of public life, wrought profound changes in its inner spirit and at the very root of current educational theory".

Die Romeinse opvoeding toon 'n ontwikkeling vanaf die primitiewe, huislike dissipline, toe die opvoeding rondom die patria potestas gebou is tot 'n kosmopolitiese kultuur wat grotendeels deur bedrewe uitlanders, veral die Grieke, geleer is. Die opvoeding van die suiwer Romeinse tydperk wat eintlik net uit twee stadia bestaan het, is ontwikkel in die Grieks-Romeinse tydperk tot vier stadia.

Hierdie was dan ook: Van die eerste tot die sesde jaar opvoeding tuis; van die sesde tot die twaalfde jaar die primêre skool van die literator; van die twaalfde tot die sewentiende jaar die skool van die grammaticus en daarna kon die leerlinge universiteite besoek het of, soos meeste Romeine dan ook gedoen het, studeer aan die destydse bekende skole van die retore.

Die oorspronklike Romeinse opvoeding was streng en prakties en het goed aangepas by die gees, liggaam en manier

van lewe van die ou Romeine[16]: "However rigid its ethical standard, however narrow its intellectual horizon, the austere morality which Cato here personifies compels admiration".

Die jong Romein is toe veral tuis opgevoed van die eerste tot die sestiende jaar en elke ouer was toe n leermeester. Na die sestiende verjaardag het die opvoeding vir publieke lewe begin en dan het die jong Romein hom onder die vleuels van n vooraanstaande orator of advokaat geplaas.

Die kritiek op die gebruike en gewoontes van die Grieks-Romeinse skole word dus gevolg deur positiewe aanbevelings vir verbeteringe, en hier dien Cicero en sy tyd as maatstaf.[17]

Sterk teenkanting word veral gevoel teen die gebruik van slawe om kleuters op te voed, veral by Plutarchus [18] en Tacitus [18] en daarom beveel laasgenoemde dus n terugkeer aan na suiwer huislike opvoeding in die kleutertyd, dit wil sê soos dit deur Cato beoefen is. Gudeman betoog dat veel wat Tacitus sê in verband met die opvoeding van kinders afkomstig is van n verhandeling van Chrysippos „Περὶ παίδων ἀγωγῆς," [19] en Varro se „Catus, de liberis educandis".[20]

Plutarchus en Quintilianus [21] is meer modern as Tacitus en is bereid om slawe toe te laat om die kleuter se opvoeding te behartig maar alleen nadat heeltemal seker

gemaak is dat so 'n slaaf of slawe van voorbeeldige karakter was.

Die noem van die woord slaaf laat Tacitus ook onmiddellik dink aan die algemene morele veral by kinders, ouers, slawe en onderwysers en veral noem hy die voorliefde vir swaardvegters, wedrenne en verhoogkunstenaars. Dit is dan ook welbekend dat hierdie verdeling in groepe aanhangers van die verskillende teatergroepe 'n nadelige effek op die Romein gehad het en verskeie ander skrywers waarsku daarteen.(22) So het die Romein in die teater of sirkus 'n sekere kleur gehad wat hy ondersteun het. A.Murphy (23) noem dat Montesquieu hierdie aanhang van toneel groepe en spanne beskou as een van die redes vir die verval van die Romeinse Ryk. So was Konstantinopel verdeel in twee partye, die groen en die blou, wat dan ook respektiewelik hulle helde van die strydwaens aangespoor het. Hierdie twee partye het voortgewoed in elke stad van die Ryk. So het Justinianus die bloues begunstig en hulle het so opgeblase geraak van hoogmoed dat hulle begin het om sy wette te verontagsaam. Vriendskap en familiebande is verbreek en die Ryk was 'n toneel van anargie.

'n Strenge opvoeding tuis soos gevind in die antieke tyd toe die familie 'n hegte eenheid was, sou alle verval voorkom het, want vir die doel van opvoeding sê ook Cicero:(24)
„magni interest quos quisque audiat cotidie domi,

quibuscum loquatur a puero, quemadmodum patres, paedagogi, matres etiam loquantur".

2. Die opvoeding van die orator.

(i) Die teoretiese opvoeding.

"In chapters that are strongly suggestive of the influence of Cicero, Messalla regrets the absence in his contemporaries of the wide culture essential to the great orator".(25) Dit is Tacitus se tema in die opvoeding.

Die verwaarlosing van publieke opvoeding het skielik na vore gekom as ŉ punt van belang na die skielike herlewing as gevolg van politieke en sosiale veranderinge wat ingetree het by die bewindsaanvaarding van Vespasianus en sy opvolgers.(26)

Die eerste stap in die rigting was dan ook die aanstelling van Quintilianus deur die keiserlike huis om rigting te gee in die opvoedkunde en die probleme van die onderwys van sy tyd krities te ondersoek. Die gevolg was die skepping van sy eie werk en die „Dialogus" van Tacitus.

Alhoewel albei skrywers die opleiding van retore bespreek, word die probleem egter wyer en sluit dit die hele opvoedingstelsel van die eeu in, want dieselfde opvoeding is deurloop deur alle Romeine of hulle retoriek ten doel gehad het of nie.(27)

Die probleem wat opdoem is of die teoretiese kennis wat in die dae bekom kon word aan die skole van die

literator, grammaticus en retor voldoende was om as basis te gedien het vir die retoriek? Blykbaar nie want ernstige aanklae word gelewer deur Quintilianus [28] en Tacitus teen skole van die tyd, veral die van die grammaticus en die retor.

Die leerling is gewoonlik bevorder van die primêre onderwys na die sekondêre wanneer hy twaalf of dertien jaar oud was. Dit is in die eerste plek vir laasgenoemde skool dat beide Tacitus en Quintilianus ꞑ sillabus voorstel met die klassieke, veral Cicero, as die voorbeeld. Laasgenoemde wye beeld is dan wat ook beoog is: „it was no narrow sophistic conception which Cicero advanced; he meant an eloquence which embraced all accessible culture, both Greek and latin, an eloquence which was a philosophy of life as well as a form of technical skill".[29]

Tacitus beveel omtrent ꞑ algehele terugkeer na die opvoedingsteorie van Cicero aan. Hy deurloop min of meer dieselfde terrein wat Cicero deurloop in sy „De Oratore", wanneer hy die moderne opvoeding kontrasteer met die Antieke.[30] Quintilianus volg dieselfde voorbeeld maar sy vereistes is minder streng as die van Cicero. Vir hom is dit genoeg as die orator nie onkundig is omtrent die onderwerp waarvan hy praat nie [31] terwyl Cicero wil hê dat hy ꞑ meester op alle gebiede moet wees[32]: „mea quidem sententia nemo esse poterit omni laude cumulatus orator, nisi

erit omnium rerum magnarum atque artium scientiam consecutus".

Die vakke wat Tacitus beskou as belangrik om ŉ wye kennis te verskaf as agtergrond vir die ware studie van retoriek is naamlik die wat ook by Cicero gevind is. In sy „Brutus" (33) toon laasgenoemde aan watter studies noodsaaklik was vir die aspirant orator. Hy het gevind dat baie oratore nie die literatuur studeer nie „quibus fons perfectae eloquentiae continetur". Hulle verwaarloos die Filosofie en Burgerwet, laasgenoemde ŉ baie noodsaaklike onderwerp in private sake en van baie groot waarde in die verskerping van die orator se oordeel. Nie een bestudeer die Geskiedenis of die kuns van gevatheid nie; hulle kan nie die besondere tot die algemene uitbrei nie en baie het nie emosionele krag besit nie.

In sy bespreking van die Filosofie en filosofiese skole put Tacitus ook baie uit Cicero. Die onderverdeling van die Filosofie in die Etiek, Fisika en Logika noem Cicero ook in sy „De Oratore"(34): Hy beveel dan ook aan dat van die drie die Etiek die belangrikste is.

Die peripatetiese skool wat Tacitus aanbeveel vir die verkryging van materiaal word ook aanbeveel deur Cicero en hy noem Aristoteles ŉ meester van uitvinding en oordeel. Van die akademiese skool(35): „fateor me oratorem, si modo sim, aut etiam quicumque sim, non ex rhetorum officinis, sed ex Academiae spatiis exstitisse".(36)

Quintilianus se sienswyse verskil ook nie veel van die van Tacitus nie. Sy ideaal van die volmaakte orator is alleen 'n herlewing van Cicero se ideaal: „Quintilian's ideal is thus a return to the teaching of the de Oratore and the Orator; and the title Institutio Oratoria implies a challenge to contemporary thought".[37] Sy algemene leerplan vir voorbereiding het ook ingesluit Grammatika, Literatuur, Matesis, Astronomie, Musiek, Burgerwet en Filosofie. Filosofie [38] en Burgerwet word alleen bespreek wanneer hy die ten volle opgeleide orator bespreek en dan is dit ook opmerklik dat Geskiedenis, so prominent by Tacitus en Cicero, nie genoem word nie. Cicero het hom natuurlik aangetrokke gevoel tot die Filosofie en dus het hy dit deel gemaak van sy algemene teoretiese opleiding.[39] Quintilianus neem dit alleen aan omdat hy grotendeels Ciceroniaans georïenteer is, maar omdat hy eerstens 'n leermeester van retoriek is, vind hy dit moeilik om ingewikkelde vakke soos Filosofie en Burgerlike Reg in te pas eerstens by sekondêre opleiding en tweedens by suiwer retoriese opleiding.[40]

Behalwe vir sekere verskille kan daar egter die volgende gevolgtrekkings gemaak word. Tacitus wil netsoos Quintilianus 'n herlewing sien van ware klassieke studie en dissipline aan die skole van sy dag. Hy laat hom nie uit oor die plek van onderrig nie, maar hy wil heelwaarskynlik

ŉ toepassing hê van antieke huislike dissipline op skool, of ŉ nouer samewerking tussen huis en skool. Anders as by Quintilianus moet voorskoolse opleiding streng huislik wees. ŉ Herlewing van die Goue Eeu van Romeinse opvoeding, aangepas by sy eeu, is dus die oplossing wat Tacitus en Quintilianus aanbied. „But they are the names most typical of their age, and they are the names of men who owed what culture they had to the artes liberales".(41)

(ii) Praktiese Opleiding. (Suiwer Romeins)

Wanneer die praktiese opleiding aan die skole van die retore bespreek word, sal besef word waarom Tacitus die antieke praktiese opleiding verkies. Hyself bespreek nie teoretiese retoriese opleiding soos Quintilianus nie, wat stof, metode en styl breedvoerig bespreek. Hy wil alleen ŉ verandering sien in die plek van onderrig, nl. ŉ terugkeer na die Forum. Die verval van die Tirocinium Fori was ŉ ware verlies(42): „Tacitus himself listened as a student to Aper, whom he was later to immortalize in his Dialogue, and visited him in his home; and Pliny was among the young men who crowded to hear the 'stately' oratory of Tacitus. But neither Tacitus nor Pliny received that intimate personal guidance which Cicero owed to the two Scaevolae".

Tacitus (43) self toon egter aan dat die tyd van magtige toesprake en politieke verhore verby was, en daarom was Tacitus tot ŉ sekere mate onprakties in die opsig, en

is Quintilianus meer aangepas by sy tyd want deur ŉ verbetering van leermeester, stof en metode aan die skole self het hy sekerlik ŉ meer praktiese en heldere oplossing gebied.

(iii) Praktiese opleiding in die Grieks-Romeinse tyd. Die skool van die retor.

Die skool van die retor het in die Grieks-Romeinse eeu baie belangrike invloed gehad nie alleen op die welsprekendheid nie maar op die prosastyl in die algemeen.[44]

(a) Die skool van die retor.

In die tweede en derde eeue v.C. het Griekse retore in die skole te Rome begin om leerlinge voor te berei vir die retoriek. Hulle invloed het veral toegeneem in die helfte van die tweede eeu v.C. toe veral die kring van Scipio meer en meer die Griekse kultuur begin inneem het.[45]

Die meer konserwatiewe Romein het egter steeds teëstand gebied. Suetonius [46] vertel dat gedurende die konsulaat van Strabo en Messala die praetor, Pomponius, aangesê is om toe te sien dat die filosowe en retore nie toegelaat word om in Rome te woon nie.

In 92 v.C. is hulle uiteindelik verban uit Rome deur die twee sensors Gnaeus Domitius Ahenobarbus en Lucius Licinius Crassus.[47] In hierdie edik word melding gemaak van die feit dat die nuwe gewoontes van die skole, waar jongmanne hulle dae deurgebring het in luiheid, nie die

Romeine behaag het nie, en daarom is die retore toe verban uit die stad.

Crassus self spreek sy opinie uit in Cicero se „De Oratore".(48) Vir twee jaar reeds het 'n nuwe ras van mense, die retore, of leermeesters van welsprekendheid, skole in Rome geopen. Eindelik het hy as sensor besluit om hulle te verban, nie omdat hy die jong aspirant oratore nie 'n kans wou gee om te ontwikkel nie, maar omdat hy wou voorkom dat hulle talent bederf word en hulle opgevoed word in skaamtelose onkunde. Vermetelheid is die enigste kuns wat die jong orator geleer het aan hulle skole en daarom is hulle verban.

Die teenkanting teen die „rhetor Latinus" is gevoel omdat hy dit hom ten doel gestel het om sy leerling die kuns van welsprekendheid te leer soos dit oorgelewer is in 'n komplekse sisteem van reëls, metodes en gewoontes wat met die tyd deur die Griekse skole ontwikkel is.(49) Cicero het reeds om hierdie rede gewaarsku en 'n wyer studie aanbeveel vir die opleiding van die orator.(50) Maar Cicero kon nie sy jonger tydgenote en daaropvolgende geslagte oortuig nie.(51)

Die retore, sê Suetonius,(52) het teruggekom want dit het begin lyk of daar tog 'n sekere waarde was in deklamasie. Die ouer Seneca kon egter nog nie nalaat om kritiek uit te spreek nie, alhoewel hyself vir sy twee seuns suasoriae

en controversiae saamgestel. Hy het hulle meesal gewantrou en verkies Cicero bo hierdie vermetele Grieke „insolenti Graeciae".[53] Hy hou nie van hulle ligsinnigheid nie „Glyconis valde levis e Graecis sententia est".[54]

Daar is ook nie geluister na Tacitus en ook nie na Quintilianus toe hy sy Neo-klassisisme, gebaseer op Cicero se leerstellinge, opgetrek het nie. Vir meeste van die Romeine van die Imperiale tyd was Wet iets waarin gespesialiseer moes word; Filosofie vir die met 'n besondere beroep en Geskiedenis het alleen modelle en voorbeelde verskaf. In die praktyk het hoër onderwys net bestaan uit Retoriek.[55] Die nuwe skool het voortbestaan onafhanklik van die Forum en senaatshuis. Die skool self het verander in 'n teater en die retor was nie meer 'n pedagoog nie, maar 'n kunstenaar.[56] Die skool en ook die retor het dus heeltemal hulle oorspronklike doel verloor en dis waarom Quintilianus en Tacitus 'n terugkeer wou hê na vroeëre gebruike.

Die groot moeilikheid was egter nie soseer die skool self nie, maar eintlik die stof wat gebruik was en die metode van onderrig. Beide is beskou as nutteloos vir die opvoeding van 'n orator of advokaat.

(b) Die deklamasie.

Hierdie metode wat oorspronklik bedoel was as 'n boorbereidende oefening vir die welsprekendheid het in die

Silwer Eeu ontwikkel tot 'n selfstandige genre, 'n soort van afgewaterde welsprekendheid wat saam met die recitatio twee van die vermaaklikhede van die eeu geword het. Alhoewel Tacitus net die skool kritiseer, was dit die beginpunt van die sosiale kultus en omdat dit primêr bedoel was om plesier te verskaf, het dit 'n verswakkende invloed uitgeoefen nie net op die retoriek nie, maar ook op die letterkunde in die algemeen.

Deklamasie self was nie onbekend in Rome en die Griekse wêreld nie. In die inleiding tot sy eerste boek van controversiae gee die ouer Seneca die volgende inligting oor die geskiedenis van Deklamasie in Rome.(57)

„Declamabat autem Cicero non quales nunc controversias dicimus, ne tales quidem quales ante Ciceronem dicebantur, quas theses vocabat. Hoc enim genus maxime, quo nos excemur, adeo novum est, ut nomen quoque eius novum sit. Controversias nos dicimus; Cicero causas vocabat. Hoc vero alterum nomen Graecum quidem, sed in Latinum, ita translatum, ut pro Latina sit, "scholastica", controversia multo recentuis est, sicut ipsa declamatio apud nullum antiquum auctorem ante Ciceronem et Calvum inveniri potest, qui declamationem a dictione destinguit; ait enim declamare iam se non mediocriter, dicere bene; alterum putat domesticae exercitationes esse, alterum verae actionis. Modo nomen hoc prodiit; nam et studium ipsum

nuper celebrari coepit; ideo facile est mihi ab incunabilis nosse rem post me natam".

Seneca erken dus drie belangrike stadia in die ontwikkeling van die declamatio:

(i) die thesis van die periode voor Cicero

(ii) die private deklamasies van Cicero en sy tydgenote, genoem causae en

(iii) die ware deklamasies genoem controversia en daarna ook scholastica. Die suasoria word later bygevoeg.

In die laaste jare van die Romeinse Republiek was daar twee vorms van deklamasie nl. die van die skole vir die studente en die oefening wat gedoen is deur die orator om te dien vir voorbereiding van 'n toespraak. Beide was opgestel as oefeninge vir toesprake in die werklike lewe; die deklamasie van die skool was deel van die sillabus vir Retoriek en die van die opgevoede orator is privaat beoefen om homself gedurigdeur in oefening te hou.(58)

Die belangrikste van hierdie oefeninge was die sogenaamde theses en causae.

(i) <u>Die Thesis.</u>

Die thesis wat in Rome beoefen is voor imperiale tye word deur Bonner beskou as een van die invloede vir die ontstaan van controversiae, nl. die deklamasie op denkbeeldige temas.(59)

In Rome is dit vir 'n spesifieke doel gebruik, en die waarde daarvan is besef deur Cicero [60] en later ook deur Quintilianus.[61] Die wyer studie van die wêreld, heelal en die mens het die orator gehelp om sy gees en kennis te verbreed en 'n wyer uitsig te gee op die lewe en die lewe beter te verstaan. Tweedens het die orator geleer uit ondervinding van oratoriese pleidooie, ditsy in ware praktyk of op skool, dat agter die spesifieke saak van persoon, tyd en plek daar 'n wyer algemene beginsel van goed en kwaad, regverdig of onregverdig, voordelig of nadelig bestaan het. Hierdie beginsel is inherent in thesis; dit besleg die fundamentele probleme van menslike bestaan en dit dien dus 'n waardevolle tweeledige doel, want nie alleen help dit om die orator se oratoriese talent te verskerp nie, maar dit verbreed die kennis van die orator.

Daarom is hierdie oefeninge gebruik deur Cicero selfs nadat hy prominensie bereik het.[62] In sy brief aan Atticus gee Cicero 'n lys van onderwerpe wat hy gebruik het vir private deklamasies, wat hy thesis genoem het. Theses het ook nie verdwyn nie maar het deel gebly van die sillabus vir Retoriek.[63]

(ii) <u>Die Causae.</u>

Hierdie voorbereidende oefening was nog meer bekend in Rome en is nie alleen privaat gebruik nie maar ook op skole. Suetonius sê byvoorbeeld [64]:

„Pompeium quidam historici tradiderunt sub ipsum civile bellum, quo facilius C.Curioni promptissimo iuveni, causam Caesaris defendenti, contradiceret repetisse declamandi consuetudinem".

Die vroegste voorbereidende oefeninge het bestaan uit die leer en lewer in die woorde van die spreker self van 'n passasie van Ennius of 'n toespraak van Gaius Gracchus. Quintilianus (65) maak spesifiek melding van hierdie tipe oefening en hy verwys na die woorde van Lucius Crassus (66) en Cicero self:

„Vertere Graeca in Latininum veteres nostri oratores optimum iudicabant. Id se L.Crassus in illis Ciceronis de Oratore libris dicit factitasse. Id Cicero sua ipse persona frequentissime praecipit".

In sy „Brutus" sê Cicero aan Marcellus,(67) dat Caesar: „sese cotidianis commentationibus acerrime exercuit".

Selfs op die vroeë skole van Retoriek is wel denkbeeldige temas, geskoei op ware hofgevalle, gebruik as temas vir deklamasies. Crassus in die „De Oratore" verwys na hierdie gebruik en keur dit goed(68): „causa aliqua ....... consimili earum, quae in forum deferentur .... quam maxime ad veritatem accommodate".

Hy stel dit dan ook uitdruklik dat dit oefeninge was wat gedien het as 'n praktiese voorbereiding vir die Romeinse howe.

## (iii) Die ontwikkeling van deklamasie in die Grieks-Romeinse periode.

Die deklamasie in privaat het nog voortbestaan en is gebruik deur advokate van die tyd as voorbereiding vir ware hofsake.(69) Dit is dan ook nie hierdie gebruik wat Tacitus kritiseer nie.

Deklamasie was ook nog deel van die sillabus vir Retoriek. Quintilianus(70) het die deklamasie aangeneem en beskou as ꞌn handige hulpmiddel. Hy lewer egter sekere kritiek en probeer die tipe stof en styl te verbeter.(71)

Naas hierdie twee gebruike het daar egter ꞌn derde ontstaan nl. publieke deklamasies op denkbeeldige temas.(72) Hierdie deklamasies op denkbeeldige temas is begin deur die Grieke volgens Quintilianus(73): „His fere veteres facultatem dicendi excercuerunt assumpta tamen a dialecticis argumentandi ratione. Nam fictas ad imitationem fori consiliorumque materias apud Graecos dicere circa Demetrium Phalerea institutum fere constat".

Seneca retor lei hierdie nuwe periode in met sy suasoriae en controversiae. Tacitus en Quintilianus se kritiek word in ware perspektief gebring deur sy werk want hy gee ꞌn helder beeld van wat gebeur het. Sy onderwerpe en wette vir suasoriae en controversiae gee ꞌn helder beeld waarom Tacitus en Quintilianus so krities staan teenoor probleme van hulle tyd. Sy werk weerspieël nie alleen ꞌn

nuwe sosiale vermaaklikheid nie, maar ook ŉ verval in morele lewe. Sy werk is ŉ sleutel tot die styl van Silwer Eeuse Latyn.[74]

Hierdie nuwe letterkundige genre het vername veranderinge meegebring in die skool, die tipe stof en die behandeling van ŉ onderwerp. Die vernaamste verandering en die een wat die res tot gevolg gehad het, is die feit dat deklamasie hoofdoel geword het. Deklamasie het homself weggeskeur van die Forum; daar was ŉ finale breuk.[75] Die ware eloquentia is vergeet en die spreker se doel was om te vermaak met sy declamatio en het hy dus rondgeval en gesoek na alles om die toehoorders te vermaak. Marrou stem egter nie saam dat daar so ŉ groot verskil was en dat die skole die werklikheid geïgnoreer het nie. Hy is van mening dat dit alleen ŉ skeuring was tussen letterkunde en politieke lewe en dat die welsprekendheid ŉ estetiese lyn gevolg het. Ware lewe is nie die enigste bron van inspirasie nie; daar is ook die verbeelding.[76]

Omdat die deklamasie egter ŉ selfstandige genre geword het, het verskeie veranderings aan die skole ingetree. So was die skool self nie meer ŉ opvoedingsentrum nie. Dit het ŉ teater geword waar die publiek vermaak is deur die deklamasies van die retor.[77] Omdat die deklamasie so populêr op skool en veral in die publiek geword het, het hierdie oefening wat oorspronklik bedoel

was as ŉ hulpmiddel in onderrig in Retoriek, die hoofvak[78] op skole geword, want oratore of aspirant oratore is nie meer voorberei as advokate vir die Forum nie, maar as retor om deklamasies te lewer vir publieke vermaak. Hulle het professionele deklameerders geword.[79] Die kritici van deklamasie toon dan ook aan dat die skole te veel verskil het van die werklikheid, en hulle benadruk die verskil tussen die orator en retor.[80]

Kon die controversiae en suasoriae dus ŉ teoretiese en praktiese grond bied vir die opleiding van ŉ orator? Sterk twyfel bestaan hieroor, terwyl ernstige bedenkinge uitgespreek word oor die morele waarde van sommige van die temas wat gebruik is. By nadere ondersoek van die onderwerpe sal gevind word dat baie niks met die werklikheid te doen het nie.[81] Baie van die temas is nooit eers in die Forum gehoor nie; hulle is bloot net namaaksels en besit nie die krag van ware sake nie[82]: „quod facit, ut minus sanguinis ac virium declamationes habeant quam orationes, quod in illis vera, in his adsimilata materia est".

Die eerste tema wat dan ook voorkom by Seneca het ŉ skyn van onwaarheid wat dan ook bewys dat die onderwys van die skole nou ookal begin het om die werklikheid te verruil vir wetlike ingewikkeldheid (minder belangrike aspekte van wette) en sterk gekruide temas[83]:

Twee broers, van wie die een ŉ seun gehad het, het ŉ uitval gehad. Die oom van die seun het verval in armoede en teen die sin van sy vader, het hy hulp verleen aan sy oom. Daarop is hy onterf deur sy vader, maar hy het sy lot aanvaar en is aangeneem as seun deur sy oom. Later, egter, het die oom weer geld bekom, terwyl die seun se vader in armoede verval het. Weereens help die seun, maar ook weer teen die wens van die oom, met die gevolg dat hy nou ook deur sy oom onterf word.

Dan volg oefeninge waarin die seerower, die egbreker en die doder van die tiran na vore tree, temas wat ook deur Petronius [84] en Juvenalis [85] genoem word, en wat niks opleiding aan die aspirant orator gegee het nie. ŉ Soortgelyke geval Controversia 1 [86]: ŉ Maagd wat gevang is deur seerowers word gekoop deur ŉ koppelaar en word dan gedwing om ŉ prostituut te word. Sy het geld gevra by haar minnaars op voorwaarde dat sy nie gedwing word om dit te verdien nie; ŉ soldaat wat na haar toe gekom het, slaag nie daarin om haar te oorreed nie en probeer haar dan dwing. Daarop vermoor sy hom. Nadat sy verhoor en vrygespreek is, word sy teruggestuur na haar vaderland waar sy ŉ kandidaat geword het vir ŉ priesterskap.

In ŉ verdere geval - die voorbeeld van vitiatarum electiones waarvan Tacitus [87] praat - is Controversia 1.4 [88] ŉ Jongman verlei twee meisies in een nag. Een van hulle

eis sy dood en die ander 'n huwelik, albei toegelaat volgens wet: „rapta amoris aut mortem aut indotatas nuptias optet".

Maar nie alleen was die onderwerpe onrealisties nie, maar alhoewel baie van die temas gebaseer is op Romeinse wette, was daar tog baie waarvoor geen wette gevind kan word nie.(89) Alhoewel Tacitus nie spesifiek hierdie aspek noem nie val dit tog saam met sy verdoeming van onderwerpe wat nie in die minste na die waarheid klink nie, of ooit in die lewe gehoor is nie.(90) As hierdie wette sou vergelyk word met die Romeinse statuut en praetoriese wetgeving sal gevind word dat van die ware Romeinse wette gebruik is en dat daar dikwels sommer wette uitgedink is;(91) baie foute is begaan want daar was geen besondere begeerte om absoluut akkuraat te wees nie. Daar was ook geen beswaar teen verwronge en denkbeeldige wette nie of daardies wat geneem is uit Griekse bronne nie. So byvoorbeeld is die wet in verband met „electiones vitiatarum" meer Grieks as Romeins en netso die een wat eis dat kinders hulle ouers onderhou. Daar was geen poging om die saak na die werklikheid te laat lyk nie.

Antieke kritici (92) is dit met mekaar eens dat die skole van retore verantwoordelik was vir die verval van welsprekendheid, en dat die stof geen ware teoretiese kennis verskaf het nie. Hierdie sienswyse is alreeds in

twyfel getrek.[93] Bonner toon aan dat E.P. Parks in ɲ werk oor die skole van retoriek en die geregshowe, hierdie sienswysing in twyfel trek. Laasgenoemde toon aan dat die howe nog fungeer het onder die keisers, dat advokate genoeg geleentheid gehad het vir die beoefening van hulle talent en dus is hulle voorberei in skole in Retoriek. Die sienswyse neem egter aan dat die gewone geregshowe dieselfde geleentheid vir ware eloquentia gebied het as die belangrike kriminele howe en volksvergaderings waar die groot politieke verhore plaasgevind het. Bonner[94] se gevolgtrekking is dat die gewone geregshowe ɲ wye veld vir die advokaat gebied het, maar dit was omdat hulle veral nie-politieke gevalle behandel het.[95] Dit is sterk te betwyfel of in politieke verhore dieselfde vryheid toegelaat is. Wat die wette betref, is die beste wat gesê kan word dat hulle die aspirant orator tenminste aequitas geleer het. Alhoewel Marrou [96] ook die nutteloosheid van skole in Retoriek in twyfel trek, skyn dit egter of Clarke [97] se sienswyse dat dit heeltemal te kort geskiet het, die wysste is. Eersgenoemde toon aan dat die skole later baie intelligente leerlinge gelewer het vir hoë administratiewe poste. Maar Quintilianus is reeds aangestel om die probleem te ondersoek en rigting te gee, en daarom moet daar ontevredenheid bestaan het, soos dan ook bewys word deur Tacitus se „Dialogus".[98]

Wat die praktiese waarde betref, blyk dit baie duidelik dat die onrealistiese behandeling van ŉ deklamasie geensins voorbereiding gebied het vir die meer realistiese saak nie.[99]

Daar was byna geen poging om in die deklamasie volgens prosedure in die howe te handel nie. So byvoorbeeld is suasoriae dikwels gebruik, nie as ŉ oefening in historiese verbeelding nie, maar is meesal beskou as ŉ geleentheid vir kleurvolle beskrywings van tonele, riviere en gewoontes.[100] Melodrama in die behandeling van hierdie onderwerpe was alledaags en verdraaide stories is vertel; Geskiedenis self is weer oorgeskrywe bv. Cicero se doder, Popillius is voorheen deur hom verdedig op ŉ aanklag dat hy sy vader vermoor het.[101]

Maar daar was ook ander verskille. In die tiende hoofstuk[102] van sy tweede boek behandel Quintilianus deklamasie en toon aan dat dit tot ŉ sekere mate ŉ element van vertoon bevat en dit is wat nie in geregshowe verdra kon word nie. Aansluitend by hierdie vertoon is die feit dat die spreker netso lank kon praat as wat hy wou. Daar was eintlik geen debattering nie en elke toespraak het op sy eie gestaan. So het die persoon wat deklameer het sy eie saak uitgedink „pari securitate et dicant et audiantur".[103] Hy het self die saak gestel vir die vervolging en enige denkbeeldige objeksies self beantwoord.[104] Die analise

van die saak is gedoen volgens die smaak van die deklameerder en hy het bygevoeg net wat hy wou om sy saak te stel.

Ook belangrik is die tipe <u>color</u> [105] wat aan 'n saak gegee is. Die color was eintlik die manier van feite hanteer om die saak 'n spesifieke voorkoms te gee. In 'n ware saak sal die advokaat dus gebruik maak van en veral beklemtoon, feite wat sy kliënt in 'n goeie lig sou stel. By die deklamasies het die temas dikwels 'n meer uitgebreide vorm nodig gehad; die motiewe van die karakters moes bespreek en verduidelik word en so het die deklameerder in die controversia sy verbeelding vrye teuels gegee. Hoe meer die tema behandel is, hoe meer was die tendens om die eenvoudige te vermy en te streef na die onmoontlike en onnatuurlike. Van ernstige argument was daar bitter min sprake want hoe kon daar gewees het wanneer die deklameerder in hierdie onrealiteit self sy saak gestel het, dit baseer het op 'n wet wat dikwels nie bestaan het nie, alle vrae gestel en beantwoord het en die saak sy eie color of interpretasie gegee het. Hierdie is alles gedoen in 'n helder styl vol van treffende epigramme.

Die vraag waarom die deklamasie so dikwels belaglik geword het, word die beste beantwoord deur Votienus Montanus aan Seneca.[106] Hy sê dat die persoon wat 'n deklamasie voorberei, skryf met die doel nie om te oortuig nie, maar

om plesier te verskaf, en daarom soek hy na allerlei verleidelike metodes; hy laat argumente weg, omdat hulle lastig en onaantreklik is. Hy is tevrede om sy luisteraar te vermaak met epigramme en ontwikkeling, want sy doel is applous vir homself en nie vir sy saak nie.

Maar die materia was nie alleen prakties en teoreties ongeskik nie, maar ook die morele invloed daarvan kon nie van die beste te gewees het nie. Alhoewel Duff (107) en Marrou (108) meen dat die swak invloed van die temas oordryf word, is die opinie van Bonner tog van belang. Tacitus sê hy weet nie „utrumne locus ipse an condiscipuli an genus studiorum plus mali ingeniis adferat".(109) Die konsentrasie op erotiese en onsmaaklike temas, die voorliefde vir die beknopte en flambojante styl moes 'n slegte en degenererende uitwerking op die student gehad het. Die waaghalsige ondervindings van jongmanne en meisies onder seerowers, die geheimsinnige moorde en vergiftigings het sekerlik 'n sekere bekoring ingehou vir die jong gemoedere, maar die herhaaldelike bespreking van owerspel, egbreuk, verkragting en bloedskande lyk vir die moderne asook meeste antieke studente 'n onverstaanbare bron vir opvoeding te gewees het.

Deklamasie was sekerlik nie nutteloos nie, want Quintilianus maak dit deel van sy sillabus vir retoriek, maar alleenlik nadat hy sekere euwels van sy dag verwyder

het, en verbeterings aangebring het.[110]

En in antwoord op die waarde van die deklamasie sê Clarke [111]:

"In any case in spite of all criticism declamation continued; the old themes were debated until the end of Roman civilization. 'We all value one another so much upon this beautiful conceit; and labour so long after it in the years of our education that we cannot but ever after think kindlier than it deserves'. The Romans who had been through the schools came to forget their follies, looked back to them with a kindly sentiment and accounted even their unreality a virtue. The aged rhetorician Isaeus was to Pliny one of the happiest of men, innocent and straightforward, exempt from the corruptions of the world, privileged to carry on into old age one of the pleasantest of the occupations of youth".

Dit was nie heeltemal waardeloos nie, sê Duff.[112] Dit het tenminste gehelp om die spreker se vernuf te verbeter asook sy uitdrukkingsvermoë. Dit was ʼn veiligheidsklep vir ware republikeinse opgeknopte emosies. Daar kon die Romein soos van ouds te velde trek teen die ondeug in staat en maatskaplike lewe sonder die vrees van vervolging.

B. Politieke en geregtelike veranderinge wat bygedra het tot die verval van die Eloquentia.

Eloquentia het die politiek as ʼn veld van beoefening verloor in dié tyd en dit is seker een van die belangrikste

redes vir die verval daarvan,[113] alhoewel die feit nie genoem word deur Quintilianus nie. Die tyd van groot toesprake was verby want welsprekendheid netsoos alle ander letterkundige genres was lamgelê en gedissiplineerd deur Augustus [114] „et maxime principis disciplina ipsam quique eloquentiam sicut omnia depacaverat".

Maar dit het nuwe veld ontdek want dit was die voorreg van die Senaat om die wet van maiestas toe te pas, en in hierdie opsig het daar dus vir die orator nuwe deure oopgegaan, en so het die delatores met hulle vervolgings gekom.[115] Dit was die verskrikking van die eeu en daarom het mense weggevlug van die werklikheid bv. Juvenalis. En alhoewel Syme [116] die vervolgings ŉ seën vir die welsprekendheid noem is hierdie „sanguinantis eloquentiae"[117] tog beskou as morele verval en net ŉ manier van geldmaak en daarom dus nie die ware veld van die senaatshuis of Forum nie.[118] Tacitus noem hierdie wet die haatlikste waarmee die mensdom nog lastig geval is.[119]

Selfs ŉ groot figuur soos Seneca het besef dat dit gevaarlik was om aanstoot te gee[120]: „Itaque sapiens numquam potentium iras provocabit, immo declinabat, non aliter quam in navigando procellam".

Nadat die Forum lamgelê is, het die skole van die retore gebloei, en die deklamasie gegroei tot ŉ selfstandige

genre[121]:

"And so oratory betook itself to a safer arena of the schools, where a man might air his republicanism without fear of consequences, and where one might be recompensed for the loss of political prestige by the plaudits of one's fellow-citizens".

Onder Augustus was dit ten minste nog moontlik om die republikeinse gees uit te lewe in die suasoriae[122]: „qui Pompeianos spiritus nondum in tanta pace posuisset".

In die jurisduksie was daar nog die ou howe, maar nou met dubbele kontrole. Die howe was die minderbelangrike howe vir siviele verhore en dan die senaat en keiserlike verhore van belangrike kriminele sake.[123]

Watter vryheid is dus gebied in genoemde geregshowe vir die orator se eloquentiae? Die aanwesigheid van die keiser [124] en ander belangrike persoonlikhede het die orator altyd bewus gemaak van die wet op maiestas en daarom die stilte wat vereis is by verhore. Tacitus noem dat **Tiberius** nie alleen kriminele sake bygewoon het nie, maar ook siviele sake.

Augustus het die mode begin om gereg en geregtigheid te administreer; Tiberius asook Claudius het dieselfde gedoen. Die senaat self het ontwikkel tot 'n hof waar mense verhoor is vir hoogverraad.[125] 'n Mens kon nie verwag dat die advokaat volle vryheid nou geniet voor die senaat en

die keiser nie.[126] Bewys hiervoor is die verhoor van Piso,[127] en Plinius se beskrywing van die senaat.[128]

Die enigste beoefenaars van eloquentia was die delatores:

"The unscrupulous accuser was matched by the unscrupulous defender, and if justice was not always done, at least both sides could have their say".[129]

Daar het vir die advokate die geregshowe oorgebly wat meesal non-politieke en siviele sake behandel het. Hierdie howe het definitief nie die geleentheid gebied vir die beoefening van ware eloquentia soos dit voor die senaat en in ander belangriker kriminele howe kon beoefen gewees het nie.[130] Die sake was nie alleen van minder belang nie,[131] en Tacitus toon aan dat nie een van die groot orators sy naam gemaak het in die howe van die centumviri nie,[132] maar die plek, prosedure en toehoorders was geensins gunstig vir welsprekendheid nie.[133] So byvoorbeeld sê Plinius van sake wat verhoor is deur die centumviri [134]:
..... causis quam me exercent magis quam delectant. Sunt enim pleraeque parvae et exiles; raro incidit vel personarum claritate vel negotii magnitudine insignis".

Alhoewel daar dus nog heelwat geregtelike aktiwiteit was, was dit meesal in verband met minder-belangrike siviele sake wat geensins advokate geprikkel het nie en was hulle meer 'n vermoeienis as 'n plesier.

C. Standaard in styl - die Antieke teen die Moderne.

(a) Oorsake vir die verval.

Tacitus se verdediging van die moderne styl is baseer op die idee van ontwikkeling, maar verandering en ontwikkeling is nie noodwendig vooruitgang nie.(135) Die nuwe ontwikkeling was inderdaad verval, daarom dat Tacitus (136) en Quintilianus (137) albei, hoewel bewus van veranderde tye, tog nog die Antieke voorstaan as hulle moet kies.

Werklike redes vir die verval van die styl van welsprekendheid en daarom van die letterkunde van die Silwer Eeu kan eintlik onder twee hoofde geklassifiseer word nl.

(a) die opvoeding, veral die opvoeding in deklamasie en

(b) foutiewe nabootsing, en hier moet veral genoem word die voorkeur vir poësie bo prosa, en die bewondering veral van argaïstiese styl.

Die invloed van die opvoeding in Retoriek was veral belangrik omdat dit nie alleen die eloquentia of prosastyl beïnvloed het nie, maar ook ander letterkundige genres(138): "In one sense, Roman literature at this stage ran parallel to that of the Greeks, for both languages were in the hands of rhetoricians".(139) Die verduideliking wat Summers hiervoor gee is (140): Baie studente wat nooit ten doel

gehad het om eloquentia later te beoefen nie, is aan die skole opgelei. Die oorspronklike doel van deklamasie is gou vergeet en dit het niks meer geword nie as 'n manier om vaardigheid in stilistiese middels te vertoon in die briljante behandeling van een of ander sielkundige of filosofiese punt(141): „facilis ab hac in omnes artes discursus est : instruit etiam quos non sibi exercet". Tacitus (142) beskou dit as kwaadaardig en Quintilianus (143) sê dat die nuwe manier van deklameer geensins help om die retoriek te verbeter nie. Literatuur wat ontwerp word vir 'n soort van vertoon, toon gewoonlik die kwaliteite van 'n akademiese vertoonstuk; die ideaal waarna gestrewe is, is die verkryging van 'n effek wat beïndruk. Daarom was slimheid verwag in vertellings, beskrywings en argumente en dit het die deur geopen vir die vergesogte.(144) Baie het dan ook na opleiding in retoriek probeer om poësie te skrywe: „The educated Roman who had completed a course of rhetoric, had acquired skill in the manipulation of words, and whose ear was attuned to rhythm, might easily be lured by a false ambition to seek entry into the ranks of the poets".(145)

Stilistiese kwaliteite van die deklamasie word dan ook gevind in die nuwe styl van die Silwer Periode. Seneca senior noem van die kenmerke. Wat woordkeuse betref, keur hy woorde met smerige assosiasies af,(146) alhoewel baie van die deklamasies gelei het tot die gebruik van vulgêre

en erotiese woorde.[147] Dikwels is woorde uit die gewone spreektaal[148] gebruik asook barbarismes uit die provinsies.[149] Rare en poëtiese [150] woorde is dikwels gebruik en hoogdrawendheid was een van die uitstaande kenmerke.[150] 'n Naamgenoot van Seneca wat hierdie tendens openbaar het, noem hy Seneca Grandio.[151]

Wat komposisie betref, word die volgende belangrike kenmerke genoem. Daar was 'n voorliefde vir epigrammatiese beknoptheid en sententiae; die gebruik van kort onsamehangende sinne om 'n beknopte effek aan die styl te verleen. Die volgende mag dien as voorbeelde van hierdie kenmerk[152]:

(i) „fatendum est crimen meum; tardius miseritus sum; itaque do poenas; egeo".

(ii) „deducta es in lupanar; accepisti locum; pretium constitutum est; titulus inscriptus est; hactenus in te inquiri potest; cetera nescio-".

Veral populêr was die gebruik van stylfigure wat retoriese krag besit het, nl. antitese,[153] herhaling,[154] apostroof,[155] hyperbool[156] en die gebruik van ritme en alliterasie.[157]

Tacitus sê Aper gee, sonder dat hy daarvan bewus is, 'n verdere rede vir die verval van styl nl. die nabootsing van skrywers en hy noem dan ook die voorliefde vir poësie[158] en vir baie ou skrywers van Rome nl. Accius

en Pacuvius.(159) Die feit dat hy laasgenoemde skrywers se name noem, toon dat sommige hulle woorde wat baie keer barbarismes was, bewonder het. Quintilianus waarsku teen die nabootsing van poësie in die skryf van toesprake.(160) Duff som dit soos volg op: „One feature in training which had lasting effects upon literature and which coloured diction under the Empire, is the signal preference for lecturing on poets rather than on prose-writers". (161)

Die teorieë van Brotier en L'Abbe Gedoyn in die opsig word bespreek deur A.Murphy.(162) Eersgenoemde beskou Seneca as die groot oorsaak vir die verval in styl terwyl laasgenoemde die digters blameer, veral Ovidius, wat, sê hy, die nuwe styl begin het. Hy word deur Gwynn soos volg beskryf(163): „But the most characteristic figure in all this literary history is Ovid, the poet whose verses were the models for declaimers as well as for poets, and whose rhetoric was as elegant as his verse".

Smail beskou ook die veranderde politieke omstandighede as ŉ faktor wat invloed op die styl uitgeoefen het(164): „Men who might no longer study problems of statesmanship turned their genius to the study of words and phrases, to the fashioning of those epigrams with which the youthful Lucan and a dozen others delighted the jaded audiences of Rome".

(b) Kenmerke van die styl van die Silwer Eeu.

Meeste van die kenmerke van die styl is afkomstig uit die deklamasie. Die belangrike kenmerk was die voorliefde

vir spitsvondige beknoptheid [165]: „for the love of epigram, antithesis, paradox and illusion - all that for lack of a better name is in this book called point". Dit vermy boonop wat beskou is as direk, ooglopend en natuurlik; dit is 'n slim eerder as 'n ware manier van skryf, netjies eerder as mooi.[166] Syme beskryf die styl soos volg: „pointed and ornate, savage and aggressive.[167]

Die volgende kenmerke van verskillende skrywers word gegee deur Teuffel[168]: die kort, afgesnyde sinne van Seneca; die antieke grofheid of kunsmatige onduidelikheid soos in die geval van Persius; nou is na effek gestreef deur middel van epigramme en dan weer met verblindend - skreeuende kleure soos by Juvenalis.

Die beste verteenwoordiger uit die Silwer Periode van hierdie tipe styl is Seneca. Die verskil tussen die styl van die Silwer Eeu en van die Goue Eeu kan miskien die beste geïllustreer word deur dieselfde gedagte weergegee deur Cicero en Seneca albei:

| Cicero [169] | Seneca [169] |
|---|---|
| Cupidis enim rerum talium (voluptatem) odiosum fortasse et molestum est carere, satiatis vero et expletis iucundius est carere quam frui. | Hoc ipsum succedit in locum voluptatem nullis egere. |

Die algemene kenmerke van die styl was dus 'n voorliefde vir bombas, argaïsme, duistere en kleurryke woorde. Wat komposisie betref was epigrammatiese beknoptheid die ideaal, terwyl die skrywers hulle veral verlustig het in stylfigure soos woordspeling, antitese, hyperbool, apostrofe en 'n swak tipe ritme.

Die verwyfde indruk wat styl gemaak het, was nie populêr by ware intellektuele skrywers nie.(170)

Dit was nie 'n teken van vooruitgang nie, maar 'n teken van literatuur in verval(171) „for natural feeling met its death in the exuberant riot of epigram, wordplay, antithesis, apostrophes and other devices".(172)

(c) Standaard.

Te midde van hierdie stilistiese misbruike, was die Romeinse skrywers van die tyd ook verdeel in hulle teorieë oor modelle en nabootsing, en was ekstremisme aan die order van die dag. Daar was die Attisiste, wat nie eintlik die ware betekenis van die woord verstaan het nie,(173) die moderniste soos Seneca, die antikware in die ortodokse Ciceronianers.

Bewus van verandering wat erken is,(174) moes die intellektuele mense en opvoedkundiges soos Quintilianus en Tacitus, vir wie die probleem aktueel was, dus leiding gee. Quintilianus waarsku dan ook teen ekstremisme(175); 'n oordrewe bewondering van antieke oratore soos Cato en

andere mag lei tot 'n droë stokkerige styl; 'n oordrewe bewondering vir moderne styl lei tot 'n veelkleurig-versierde oppervlakkige styl.

Die goue middeweg wat Quintilianus inslaan kan genoem word 'n Neo-Ciceronianisne.[176] Hy is geen bygelowige navolger van enige skool nie,[177] maar terwyl hy moderne vooruitgang erken asook die verdienstelikheid van sekere kenmerke van moderne styl,[178] het hy tog 'n groot bewondering vir Cicero en is sy nuwe styl 'n nuwe vorm van Cicero om aan te pas by sy eeu.[179]

Sy invloed is dan ook te bespeur op Plinius[180] en Tacitus.[181] Eersgenoemde het Cicero as sy model gestel.

Die invloed van Cicero op Tacitus word bewys deur die feit dat die Dialogus se styl Cicero navolg.[182] Ook hy is bewus van verandering soos hy bewys deur die behandeling van Cassius Severus wat afgewyk het van die ou weë. Desnieteenstaande was laasgenoemde 'n goeie orator.

Tacitus bespreek die nuwe moontlikhede tentatief, maar hy neem Cicero en sy eeu nog aan as die absolute standaard ten spyte van kritiek wat op hulle uitgeoefen word. In gees is hy ook 'n klassisis, hoewel hy op 'n latere leeftyd meer modern in sy styl geword het.[183]

In opvoeding en styl sien Tacitus dus 'n oplossing van die probleem deur 'n terugkeur na ware dissipline en

studie soos wat dit beoefen is in klassieke tyd. Quintilianus se steun in die opsig bewys dat die verval in die eeu verwaarlosing was van antieke gewoontes en deugde.

(d) Finale konklusie:

Die probleme wat Tacitus bespreek en probeer oplos was aktueel vir sy tyd. Aangesien hy volgens sy persoonlikheid aangewys is op die verlede, probeer hy soek na oplossings onder antieke autoriteite, sonder om egter die positiewe bydrae uit sy eeu uit die oog te verloor.

Hy sien in die verval van die opvoeding die oorsaak vir die verval op alle ander gebiede en daarom probeer hy om soos Quintilianus die probleem op te los, deur te put uit die beste van Romeinse tradisie. Om morele verval tuis, op skool en in die sosiale lewe te bekamp, beroep hy hom op die streng huislike dissipline uit die tyd van Cicero toe die kind veral tuis opgevoed is.

Die verswakking in teoretiese kennis by die opvoeding van die orator, kan alleen teëgewerk word deur 'n terugkeer na die veld deurgeloop deur Cicero en sy tydgenote in hulle strewe om hulleself te bekwaam as ware oratore. Dit is Tacitus sowel as Quintilianus se oplossing.

Praktiese opleiding sover dit Tacitus betref, kan alleen verbeter word deur 'n herlewing van die ou Tirocinium Fori. Alhoewel Tacitus gesteun word deur die meeste van sy

tydgenote in sy verdoeming van retore, hulle skole, en die deklamasie, is sy voorstel vir verbetering meer ŉ wanhoopspoging en is Quintilianus meer aangewese op sy tyd. Die Forum was dood want die eeu van magtige verhore was verby. ŉ Verbeterde skool van retoriek moes dus die oplossing bied.

Alhoewel Tacitus verval erken in die styl van sy eeu, staar hy hom egter nie blind teen die foute van sy eie tyd en die deugde van die verlede nie. Hy is bewus daarvan dat styl nie staties is nie en dat daar ontwikkeling en verandering moet wees. Maar indien sulke veranderinge ŉ minderwaardige styl ten gevolge het, bied die antieke die oplossing.

Tacitus stel dus voor ŉ Neo-Klassisisme vir die probleme van sy tyd, want hy beskou die eeu van Cicero as die Goue Eeu in alle opsigte.

## AANTEKENINGE BY HOOFSTUK IV.

1. Duff, A Literary History of Rome in the Silver Age, Hk II.
2. Seneca, Epist. Mor., XC, 5.
   Tacitus, Dialogus, 12, 12.
   Annales, Liber III, 26.
   Juvenalis, Satura, III, 312.
3. Gwynn , Roman Education from Cicero to Quintilian, p.21.
4. Gudeman, Tacitus, Dialogus, Prol. XLI.
   Tacitus sê byvoorbeeld van die Germani in die Germania: 19: „nemo illic vitia ridet nec corrumpere et corrumpi saeculum vocatur ..... plusque ibi boni mores valent quam alibi bonae leges".
5. Tacitus, Dialogus, 10, 1.
6. Tacitus, Dialogus, 13, 3.
7. Tacitus, Dialogus, 28.
8. Tacitus, Dialogus, 29, 11.
9. D'Alton, Roman Literary Theory, p. 269.
10. Atkins, Literary Criticism in Antiquity, p. 176.
11. Atkins, Literary Criticism in Antiquity, p. 258.
12. Clarke, Rhetoric at Rome, Hk X.
13. Atkins, Literary Criticism in Antiquity, p.295 - 96.

14. Duff, A Literary History of Rome in the Silver Age, Hk I.
Summers, The Silver Age of Latin Literature, Hk I.
Rose, A Handbook of Latin Literature, Hk XII.
Summers, Seneca, Inleiding.
Bonner, Roman Declamation in the Late Republic and Early Empire, Hk VIII.

15. W.M. Smail, Quintilian on Education, Inleiding, XIV.
Gwynne sê ook: „The fall of the Republic and the consequent loss of freedom in public life brought about a sudden drop in Roman traditions of citizenship which cannot be ignored and new standards are apparent in Roman education as in everything else".
A.Gwynn , Roman Education from Cicero to Quintilian, p. 128.

16. A.Gwynn , Roman Education from Cicero to Quintilian, p. 21.

17. Clarke, Rhetoric at Rome, Hk X, XI.
Gudeman, Tacitus, Dialogus, Prol. XCI.
D'Alton, Roman Literary Theory and Criticism, P. 344.

18. Plutarchus, Moralia I, Die Opvoeding van kinders.
Tacitus, Dialogus, 29, 1 - 5.

19. Gudeman, Tacitus, Dialogus. Prol. XCIX.

20. Gudeman, Tacitus, Dialogus, Prol. CII.

21. Quintilianus, De Inst. Orat. Liber I, i, 4 - 10.
Plutarchus, Moralia I, Die opvoeding van kinders, 7.
22. Seneca, Epist. Mor., XVIIL.
Pretronius, Satyricon, 5.
Aulus Gelleius, Noctes Atticae, Liber, XX, 4.
23. Murphy, The Works of Tacitus, p. 662.
24. Cicero, Brutus, LVIII, 210.
25. D'Alton, Roman Literary Theory and Criticism, p. 344.
26. Atkins, Literary Criticism in Antiquity, p. 176.
Smail, Quintilian on Education, Inl., XIX.
27. Summers, The Silver Age of Latin Literature, Hk I.
28. Quintilianus, De Inst. Orat., Liber I, ii, 2.
Liber I, ii, 4.
Liber II, i, 1.
Liber I, viii, 18 - 21.
29. W.M. Smail, Quintilian on Education, Inl., XIII.
30. D'Alton, Roman Literary Theory and Criticism, p. 344.
Gudeman, Tacitus, Dialogus, Prol., LXXXVIII-XCII.
Gudeman noem dat nie alleen idees nie maar veral ook struktuur, taal en ander dramatiese gebruike ontleen is aan Cicero. Hy kwoteer dan ook n hele aantal voorbeelde uit die ,de Orator' en ,Dialogus' Behalwe die genoemde werk van Cicero, meen hy dat die ,Hortensius' miskien ook gebruik is deur Tacitus.

31. Quintilianus, De Inst. Orat., Liber II, xxi, 14.

32. Cicero, De Oratore, I, vi, 20.

33. Cicero, Brutus, XCIII, 322.

34. Cicero, De Oratore, I, xv, 68.

35. Cicero, Topica, II, 6.

36. Cicero, Orator, III, 12.

37. Gwynn , Education from Cicero to Quintilian, p.187.

38. Smail, Quintilian on Education, Inl., XXXIV.
Die skrale behandeling van filosofie skryf Smail toe aan die feit dat die studie nie veel deur Vespasianus veral gesteun is nie, daar die nuwe Filosofie die idee van troonopvolging nie goed gekeur het nie, en dus gebots het met sy ideale.

39. Clarke, Rhetoric at Rome, p. 57.

40. Clarke, Rhetoric at Rome, p. 153.

41. Gwynn , Roman Education from Cicero to Quintilian, p. 251.

42. Gwynn , Roman Education from Cicero to Quintilian, p. 134.

43. Tacitus, Dialogus, Secundus se rede, 36 - 41.

44. Summers, The Silver Age of Latin Literature, Hk I.
Summers wy n hele hoofstuk (1) daaraan om te toon hoe die Retoriek sy stempel op die styl afgedruk het. Ander skrywers wat die aspek ondersoek: No. 14 van hierdie hoofstuk.

45. Bonner, Roman Declamation, p.16 - 17.

46. Suetonius, De Rhetoribus, 1.

47. Tacitus, Dialogus, 35, 1 - 5.

Suetonius, De Rhetoribus, 1.

Aulus Gelleuis, Noctes Atticae, Liber, XV, xi, 2.

48. Cicero, De Otarore, Liber, III, 93 - 94.

49. H.I. Marrou, A history of Education in Antiquity, p. 285.

50. Cicero, De Oratore, I, 20; 48 - 73.

II, 5.

Brutus, 322.

51. H.I. Marrou, A history of Education in Antiquity, p. 285.

52. Suetonius, De Rhetoribus, 1.

53. Seneca, Contro., I, Praef., 6.

54. Seneca, Contr., I, Praef., VI, 12.

55. H.I. Marrou, A history of Education in Antiquity, p. 258.

56. Clarke, Rhetoric at Rome, p. 85.

57. Seneca, Contr., 1, Praef., 1, 12.

58. Clarke, Rhetoric at Rome, p. 86.

59. Bonner, Roman Declamation.

Hy bespreek die probleem in sy eerste hoofstuk en deur sekere van Seneca snr. se controversiae te vergelyk met theses, wil hy bewys dat alhoewel die

thesis nie alleen verantwoordelik was vir die ontstaan van controversiae nie, dit tog deels bygedra het omdat dit meesal probleme van 'n algemene aard bespreek het, sonder verwysing na spesifieke plek of persoon.

60. Cicero, Orator XIV, 45, 46.
61. Quintilianus, De Inst. Orat., Liber III, v, 12 - 17.
62. Cicero, Ad Atticum, IX, iv, 1.
Suetonius, De Rhetoribus, 1.
63. Quintilianus, De Inst. Orat., Liber III, v.
64. Suetorius, De Rhetoribus, 1.
65. Quintilianus, De Inst. Orat., Liber X, v, 2.
66. Cicero, De Oratore, I, 155.
67. Cicero, Brutus, 249.
68. Cicero, De Oratore, I, xxxiii, 149.
69. Plinius, Liber, V, xii.
70. Quintilianus, De Inst. Orat., Liber II, x, 1 - 3.
71. Quintilianus, De Inst. Orat., Liber II, x, 6 - 9.
72. Clarke, Rhetoric at Rome, p. 86.
73. Quintilianus, De Inst. Orat., Liber II, iv, 41 - 42.
Bonner, Roman Declamation. Sy gevolgtrekking is, dat, hoewel die Romeinse thesis en causa die kiem van suasoria en controversia bevat het, laasgenoemde eintlik hulle ware karakter te danke het aan die Griekse skole van Retoriek.

74. Duff, A Literary History of Rome in the Silver Age, p. 43.

75. Seneca, Contr., III, Praef.

76. H.I. Marrou, A History of Education in Antiquity, p. 288.

77. Clarke, Rhetoric at Rome, Hk VIII.

78. Tacitus, Dialogus, 31, 1 - 4.
    Quintilianus, De Inst. Orat., Liber II, x, 2 - 4.

79. Bonner, Roman Declamation, p. 43.

80. Bonner, Roman Declamation, p. 43.

81. Tacitus, Dialogus, 35, 17 - 21.

82. Quintilianus, De Inst. Orat., Liber X, ii, 12.

83. Bonner, Roman Declamation, p. 32.
    Seneca, Contr., I, 1.

84. Petronius, Satyricon, 1.

85. Juvenalis, Satura, VII, 168, 169.

86. Seneca, Contr., I, 2.

87. Tacitus, Dialogus, 35, 19.

88. Seneca, Contr., I, 4.

89. Summers, Seneca, Select Letters, Inleiding, XXXII.

90. Tacitus, Dialogus, 35, 20 - 21.

91. Clarke, Rhetoric at Rome, p. 92.
    Bonner, Roman Declamation, p. 45, 46.

92. Hoofstuk II.

93. Bonner, Roman Declamation, p. 43.

94. Bonner, Roman Declamation, p.44, 45.

95. Tacitus, Dialogus, 37.

96. H.I. Marrou, A History of Education in Antiquity, p. 288.

97. Clarke, Rhetoric at Rome, p. 97.

98. Atkins, Literary Criticism in Antiquity, Hk V.

99. Seneca, Contr. III, Praef., 1 - Die kritiek van Cassius Severus. Petronius, Satyricon, I. Tacitus, Dialogus, 35, 3.

100. Seneca, Contr., II, 3; Suas, II, 10.

101. Bonner, Roman Declamation, p. 33.
Seneca, Contr., VII, 2, 14.
Gwynn sê: „Legal argument and historical truth were both neglected by the rhetores, the latter to a degree which modern taste would find intolerable". (171).

102. Quintilianus, De Inst. Orat, Liber II, x.

103. Tacitus, Dialogus, 35, 11.

104. Seneca, Contr., III, Praef. - Cassius Severus se klagtes.

105. „A new color was as loudly applauded as a brilliant sententia. The result was inevitable. No serious argument was possible on such fantastic themes, and declamation became a mere competition and extravagance". Gwynn, Roman Education from Cicero to Quintilian, p. 164.

106. Seneca, Contr., IX, 1.

107. Duff, A Literary History of Rome in the Silver Age, Hk I.

108. Marrou, A History of Education in Antiquity, p. 287.

109. Tacitus, Dialogus, 35, 7 - 8.

110. Quintilianus, De Inst., Orat., Liber II, x, Die hele hoofstuk.

111. Clarke, Rhetoric at Rome, p. 99.

112. Duff, A Literary History of Rome in the Silver Age, p. 60.

113. Atkins, Literary Criticism in Antiquity, p. 258.

114. Syme, Tacitus, p. 100. Tacitus, Dialogus, 38, 18 - 19.

115. Syme, Tacitus, p. 100.
Van Juvenalis se Highet: „he was frightened", daarom anakronisme van sy satire.
Highet, Juvenal the Satirist, p. 9.

116. Syme, Tacitus, p. 100.

117. Tacitus, Dialogus, 12, 9.

118. Clarke, Rhetoric at Rome, p. 102 - 103.

119. Tacitus, Annales, Liber I, 73.

120. Seneca, Epist. Mor.,XIV. 7.

121. Bonner, Roman Declamation, p. 143.

122. Seneca, Contr., X, Praef., 5.

123. Greenidge, Roman Public Life, p. 381, 386.

124. Tacitus, Annales, Liber 1, 75.

125. Greenidge, Roman Public Life, p. 381, 386.

126. Bonner, Roman Declamation, p. 45.

127. Tacitus, Annales, Liber III, 11 - 12.

128. Plinius, Liber, VIII, xiv.

129. Clarke, Rhetoric at Rome, p. 102.

130. Bonner, - Roman Declamation, p. 44, 45.

131. Tacitus, Dialogus, 38, 9 - 13.

132. Tacitus, Dialogus, 38, 9 - 17.

133. Tacitus, Dialogus, 39, Hele hoofstuk.

134. Plinius, Liber, II, xiv, 1.

135. D'Alton, Roman Literary Theory and Criticism, p. 342.

136. Tacitus, Dialogus, 26, 1.

137. Quintilianus, De Inst. Orat., Liber VIII, v, 33- 34.

138. Duff, A Literary History of Rome in the Silver Age, Hk II.

D'Alton, Roman Literary Theory and Criticism, p. 453.

Bonner, Roman Declamation, Die hele hoofstuk VIII.

139. Rose, A Handbook of Latin Literature, p. 347.

140. Summers, The Silver Age of Latin Literature, Hk 1.

141. Seneca, Contr., II, Praef., 3.

142. Tacitus, Dialogus, 35.

143. Quintilianus, De Inst., Orat., Liber V, xii, 17.

144. Duff, A Literary History of Rome in the Silver Age, Hk II.

145. D'Alton, Roman Literary Theory and Criticism, p. 450.

146. Seneca, Constr., VIII, Praef., 3.

147. Seneca, Constr., I, Praef., 3, 11.
Constr., I, Praef., 2, 6.
Constr., I, Praef., 2, 21.

148. Seneca, Contr., VII, Praef., 5, 9.

149. Seneca, Contr., II, Praef., 4, 8.
Messala noem Latro se taal „disertus" nieteenstaande die feit dat laasgenoemde afkomstig is uit 'n provinsie nie.

150. Seneca, Contr., Praef., 8, 3; X, Praef., 4, 2.

151. Seneca, Suas., II, 17.

152. Seneca, Contr., I, Praef., 1, 2.
I, Praef., 2, 1.

153. Seneca, Contr., VII, Praef., 1, 9.
Die spreker sê: „nascimur uno modo, multis morimur".

154. Seneca, Contr., I, Praef., 1, 12.
Die woord „scio" word elke keer herhaal.

155. Seneca, Contr., II, Praef., 3, 1.
Die raptor spreek homself soos volg aan: „Quid contremescis, pectus? Quid, linqua, trepidas? Quid, oculi, extimuistis?".

156. Seneca, Contr., IX, Praef., 2, 24.

157. Seneca, Contr., II, Praef., 1, 37.

„non possum, inquit, pati sine patre. Me autem sine te putas pati posse? Quemquem autem patrem putas pati sine liberis posse?"

158. Tacitus, Dialogus, 20, 18, 19.

159. Tacitus, Dialogus, 20, 18, 19.

160. Quintilianus, De Inst. Orat., Liber X, ii, 21 - 22.

161. Duff, A Literary History of Rome in the Silver Age, p. 28.

Sien ook D'Alton, Roman Literary Theory and Criticism, p. 44, 447.

162. A Murphy, The Works of Tacitus, p. 670, 671.

163. Gwynn, Roman Education from Cicero to Quintilian, p. 169 - 170.

Seneca sê dat Ovidius se retoriese styl onmiskenbaar poëties was.

Seneca, Contr., II, Praef., 2, 8, 12.

164. Smail, Quintilian on Education, Inl. p. XV.

165. Summers, The Silver Age of Latin Literature, Hk I.

Quintilianus, De Inst. Orat., Liber XII, x, 73.

Tacitus, Dialogus, 26, 1, die „meretriciis vestibus"

Dialogus, 32, 17, 23.

166. Summers, Seneca, Select Letters, Inleiding.

167. Syme, Tacitus, p. 100.

168. Teuffel, A History of Roman Literature,
Vol. II, The Silver Age, p. 84.

169. Cicero, Cato, 47.
Seneca, Epist. Mor. XII, 5.

170. Al hierdie kenmerke noem Tacitus in sy Dialogus:- die bespreking van Aper (16-23) en van Messala (24-26).
Quintilianus bespreek dit op verskillende plekke in sy werk waarvan passasies aangehaal is in hoofstuk II, wat ook voorbeelde bevat uit die werke van ander kontemporêre skrywers.

171. Summers, Seneca, Select Letters, Inleiding.

172. Duff, A Literary History of Rome in the Silver Age, p. 11.

173. Quintilianus, De Inst. Orat., XII, x, 20.
Hy bespreek die Attiese beweging en toon dat Attisiste nie eintlik geweet het wat die betekenis van die idee was nie, en dat hulle 'n gespuis was wat hulle droë en armoedige styl wou versteek het onder die dekmantel van Attisisme.

174. Donne, Tacitus, Hoofstuk IX.
Die idee van verandering word volledig bespreek deur hom.

175. Quintilianus, De Inst. Orat., Liber XII, x, 45, 51.

175. Quintilianus, De Inst. Orat., Liber II.
Quintilianus, De Inst. Orat., Liber V, 21 - 22.

176. Atkins, Literary Criticism in Antiquity, p. 296.

177. Quintilianus, De Inst. Orat., Liber III, i, 22.

178. Quintilianus, De Inst. Orat., Liber VIII, iii, 6, 10.
Hy erken die deugde van die nuwe styl, alleen as hulle ook nuttig aangewend word, en nie alleen gebruik word vir uiterlike skoonheid nie.

179. Atkins, Literary Criticism in Antiquity, p. 295, -96, -97.

180. Plinius, Liber, I, v, 12.

181. Atkins, Literary Criticism in Antiquity, p. 179.

182. Gudeman, Tacitus, Dialogus, Prol., LXXXVIII.
Atkins, Literary Criticism in Antiquity, p. 186.

183. Atkins, Literary Criticism in Antiquity, p. 191.

# BIBLIOGRAFIE.


A. Tacitus : Dialogus de Oratoribus.

1. Gudeman, A. — P. Cornelii Taciti:- Dialogus de Oratoribus, edited with prolegomena, critical apparatus, exegetical and critical notes, bibliography and indexes by Alfred Gudeman. Ginn & Company, 1894.

2. Bennet, C.E. — Tacitus:- Dialogus de Oratoribus. Edited, with introduction, notes and indexes by C.E. Bennett. Boston, U.S.A., and London, Ginn & Company, 1902.

3. Petersen, W. — Tacitus:- The Dialogus of Publius Cornelius Tacitus translated by Sir W. Petersen. Loeb Classical Library, London, Massachusetts, 1958.

B. Latynse Outeurs.

4. Cicero — Brutus with an English translation by G.L. Hendrickson. Orator with an English translation by H.M. Hubbell. Loeb Classical Library, London, Massachusetts, 1952.

5. Cicero. De Oratore with an English translation by E.W. Sutton, completed, with an introduction by H. Rackham - Two volumes. Loeb Classical Library, London, Massachusetts, 1948.

6. Cicero Ad Atticum, with an English translation by E.O. Winstedt. Loeb Classical Library, London, Massachusetts, 1953-56.

7. Cicero Topica, with an English translation by H.M. Hubbell. Loeb Classical Library, London, Massachusetts, 1949.

8. Aulus Gellius The Noctes Atticae of Aulus Gellius with an English translation by John C. Rolfe in Three Volumes. Loeb Classical Library, London, Massachusetts, 1954.

9. Juvenalis. Juvenal and Persius with an English translation by G.G. Ramsay - revised. Loeb Classical Library, London, Massachusetts, 1957.

| | |
|---|---|
| 10. Lucanus | An English translation by J.D. Duff - The Civil War. Loeb Classical Library, London, Massachusetts, 1957. |
| 11. Plinius | Juvenal and Persius with an English translation by G.G. Ramsay - revised. Loeb Classical Library, London, Massachusetts, 1957. |
| 12. Petronius | The Satyricon of Petronius with an English translation by M. Heseltine. Loeb Classical Library, London, Massachusetts, 1956, |
| 13. Plinius | Epistulae with an English translation by W. Melmoth in two volumes. Loeb Classical Library, London, Massachusetts, 1957. |
| 14. Plutarchus | Plutarch's Moralia with an English translation by F.C. Babbitt - Vol. I. Loeb Classical Library, London, Massachusetts, 1949-61. |

15. Seneca — Ad Lucilium Epistulae Morales with an English translation by R.M. Gummere - Three Volumes. Loeb Classical Library, London, Massachusetts, 1958.

16. Seneca (retor) — Controversiae en Suasoriae. Soos aangehaal deur die volgende moderne outoriteite.
Bonner: Roman Declamation in the Late Republic and Early Empire.
Duff : A Literary History of Rome in the Silver Age from Tiberius to Hadrian
Clarke : Rhetoric at Rome; a historical survey.
Cruttwell : A History of Roman Literature from the earliest period to the death of Marcus Aurelius.
Rose : A Handbook of Latin literature from the earliest times to the death of St Augustine.

17. Suetonius — De Grammaticis
De Rhetoribus
An English translation by J.C. Rolfe.
Loeb Classical Library, London, Massachusetts, 1950.

18. Tacitus — The Histories with an English translation by O.H. Moore.
The Annals with an English translation by J.Jackson - four volumes.
Loeb Classical Library, London, Massachusetts, 1956.

19. Quintilianus — The Institutio Oratorio of Quintilian with an English translation by H.E. Butler - four volumes.
Loeb Classical Library, London, Massachusetts, 1958.

C. <u>Moderne Outoriteite.</u>

20. Atkins, J.W.K. — Literary criticism in antiquity; a sketch of its development, V.2.
Graeco - Roman.
London, Methuen, 1952.

21. Bonner, S.F. Roman Declamation in the Late Republic and Early Empire. Liverpool, 1949.

22. Brakman, C. Opstellen over Onderwerpen uit de Latÿnsche Letterkunde II, Leiden, 1926.

23. Clarke, M.L. Rhetoric at Rome; a historical survey. London, 1953.

24. Cruttwell, C.T. A History of Roman Literature from the earliest period to the death of Marcus Aurelius - Seventh Edition. London, 1910.

25. D'Alton, J.F. Roman Literary Theory and Criticism; a study in tendencies (reissued). New York, 1962.

26. Donne, B.D. Tacitus Edinburgh, London, 1873.

27. Duff, J.W. The writers of Rome. London, 1941.

28. Duff, J.W. A Literary History of Rome in the Silver Age from Tiberius to Hadrian. London, 1935.

| | | |
|---|---|---|
| 29. | De Waele, E. | Tacitus : Dialoog over de Welsprekendheid, vertaald, ingeleid en toegelicht. Antwerpen, 1950. |
| 30. | Greenidge, A.H.J. | Roman Public Life London, 1922. |
| 31. | Gwynn, A. | Roman Education from Cicero to Quintilian. Oxford, 1926. |
| 32. | Hendrickson en Hubbell | Cicero : Brutus<br>Orator<br>Inleiding tot die werke. Loeb Classical Library, London, Massachusetts, 1952. |
| 33. | Highet, J. | Juvenal the Satirist Oxford, 1954. |
| 34. | Kriel, D.M. | Die sententia as retoriese begrip by Quintilianus. Pretoria, 1960. |
| 35. | MacKail, J.W. | Latin Literature London, 1913. |
| 36. | Marrou, H.I. | A History of Education in Antiquity, translated by G. Lamb. Third Edition. New York, 1956. |

37. Monroe, P. — Source Book of the History of Education for the Greek and Roman Period. London, 1923.

38. Murphy, A. — The works of Cornelius Tacitus with an essay on his life and genius. A new edition with the author's last corrections. London, 1886.

39. Petersen, W. — Tacitus : Dialogus de Oratoribus. Inleiding tot die werk. Loeb Classical Library, London, Massachusetts, 1958.

40. Ramsay — Juvenal and Persius Inleiding tot die werk Loeb Classical Library, London, Massachusetts, 1957.

41. Rose, H.J. — A Handbook of Latin Literature from the earliest times to the death of St Augustine. Second Edition. London, 1936.

42. Saintsbury, G. A History of Criticism and Literary taste in Europe from the Earliest texts to the present day.
Volume I. London, 1900.

43. Smail, W.M. Quintilian on Education being a translation of selected passages from the Institutio Oratoria with an introductory essay on Quintilian, his environment and his theory of Education. Oxford, 1938.

44. Summers, W.C. Select Letters of Seneca, edited with introduction and explanatory notes. London, 1910.

45. Summers, W.C. The Silver Age of Latin Literature from Tiberius to Trajan. London, 1920.

46. Syme, R. Tacitus I Oxford, 1958.
Tacitus II Oxford, 1958.

47. Teuffel, A History of Roman Literature, translated, with the author's sanction, by W.Wagner.
Vol. II : The Imperial Period
London, Cambridge, 1873.